

# Gesellige Half Uurtjies

DEUR

J. G. ENGELA.

SKRIJWER VAN „AFRIKAANSE VERHALE“.



UNIE LEES- EN STUDIE-BIBLIOTHEEK,  
Uitgee deur die „HET WESTEN“-Drukkerij Potchefsroom.  
1910.

## VOORWOORD.

---

In mijn gemoed is ik o'ertuig, dat geen Volk ter wereld, 'n skoner toekoms het als die Suid Afrikaanse Volk nie. En sou iemand aan mij vra, watter grond ik vir so 'n bewering het, dan wijs ik hom op die verlede, op die destijds onverbiddelike, en soals ons gemeen het, vir ons ramspoedige oorlog.

Als ons in gedagte hou watter ernstige poginge vóór die oorlog deur ons voormanne aan die dag gelê werd, om 'n groot Suid Afrikaanse Volksgebou deur middel van vereeniging op te trek, en hoe dat die poginge, hoe wêl gemeend ook, telke maal skipbreuk gelei het totdat uiteindelik die onvermijdelike oorlog nes 'n bom tussen ons gebars het, dan moet dit ons tot ernstige nadenking bring.

Dit was alsof die Voorsienigheid toen ons besig was die fondament van so 'n volksgebou uit te lê deur middel van die oorlog, als met 'n wrede hand die gordijne waaragter die toekoms verborre lê opsj geskuiwe het, om ons die inwendige van ons volksbestaan te toon.

Toen was dit, dat ons met bitterlike teleurstelling moes ontwaar dat ettelike van die reeds deur ons gebeitelde stene ontoerekend vir so 'n hoge bestemming was, en sou als die gebesig werd die volksgebou ineen doen tuimel.

Met alle eerbied leser! Kon die Voorsienigheid (mensliker wijze gesproke) 'n beter middel gebesig het, om ons als volk van die vele onreine vlekke waarmee ons besoedeld was, te suiver, en ons voor te berei vir 'n skone Suid Afrikaanse Toekoms, waarvan Hij die erkende Bewindvoerder *wil* wees?

Nee, dit *moet* ons in alle nederigheid erken, dat die oorlog nodig was, en sal tot 'n die grijse ouderdom als 'n massiewe monument prijck: Vir ons als volk tot nadenking en bemoeiding, vir andere weer als 'n ernstige waarskuwing.

„Maar” sal die leser wellig vra, „wat wil die skrijwer nou met so 'n voorrede?” Enkel eenvoudig om ons als volk **daaraan** te herinner, dat ons met 'n skone vooruitsig in die toekoms daar die Unie nou 'n voldonge feit is, mank gaat aan ontwik-

keling, en waarin alleenlik verbetering aan gebrag kan worde deur gebruik te maak van die nuttige ondervindinge van andere, sowel op maatskappelik als geestelik gebied. En om dit te kan doen, moet ons meer lees. Ons volk lees tog so min!

Daarom het ik in die reeds deur mij verskene werkie, en in die bladsijtjies wat hierop sal volg, in alle eenvoudigheid getrag om ons volk tot meer lees aan te spoor.

Mijn strewing was en is maar net, om die ploegvore van leeslus te trek, so dat bekwamer manne daarin kan saai, ten einde ons volk meer te ontwikkel vir wat ons in die toekoms wag.

Ten slotte, en bij wijze van inleiding wens ik nog net dit hierbij te voeg: Dat die newensgaande verhale, sonder uitsondering elk een op waarheid gegrond is.

In die skets getiteld „Die Gruweldade van Diepkloof” kom ’n beskrywing voor van ’n skrikwekkende tekening deur ’n kunstenaar; en mag naar alle waarskynlikheid die leser ’n bietjie o’erdrewe voorkom. Maar met alle beskeidenheid skiet die omskrywing in der waarheid nog te kort bij die werklikheid van die helse tekeninge op die muur!

Met hartelike dank vir die goeie ontvangs van mijn eerste werkie, bied ik mijn geagte lesers die tweede boekie aan, met die hoop dat dit ewe gunstig als die eerste mag ontvangte worde.

DIE SCHRIJVER

Klerksdorp,  
Aug. 1910.

## INHOUD.

---

	Blz.
GRATIA VAN DALE ... ..	9
HERINNERINGE UIT DIE OORLOG, 1899-1902 ...	35
DIE GRUWELDADE VAN DIEPKLOOF ... ..	56
DIE ONDERVINDING VAN 'N TOGRIJER ... ..	64
ALBERT BAARTMAN EN DIE KATTE ... ..	76
DIE CREEDWELL MOORD ... ..	81
KRISJAN STEENBERG GAAN VRIJ ... ..	90
HERINNERINGE UIT DIE KRIJGSGEVANGE LEWE ...	94

---

## GRATIA VAN DALE.

---

Meneer en mevr. Gideon van Dale was in lewe, menselikerwijze gesproke, 'n gelukkige egpaar, omdat hulle altwee bij uitstek goed gehumeurd was, en nouw aan elkaar deur innige en tere liefde-bande verbonde was.

Die tijd waarvan ons skrijwe, was hulle inwoners van die distrik C.; en die gelukkige besitters van die met netjiese geboue versierde en boomrijke saaiplaas, Moordstroom.

Moordstroom was die oogappel van die distrik, en die eiënaar het gen geld en tijd gespaar nie, om sijn omgewing vir hulle onder omstandigheid so ver moëlik aangenaam te maak.

Als 'n mens van die hoë bergketting, waarmee die plaas aan die Suide kant omsoomd was, 'n blik kon werp daar op die pragtige wit geboue, wat nes monumente temidde van die lieflik groen Cypresse uitgeprijk het; en temeer als hij die gesindheid van die eiënaars geken het, altans so als dit oppervlakkig gekend was, dan sou hij onwillekeurig tot die gevolgtrekking gekom het, dat die menselike lewe *daar* 'n toppunt van volmaaktheid bereik het. Maar so 'n denkwijse sou helemal mis gewees het, want inwendig het dáár, (en wat meneer en mevr. van Dale altoos sorgvuldig versteek het) groot ontevredenheid geheers, omdat hulle so welgesteld was, en tot nog toe was hulle huwelik nie met kinders geseënd nie; en waarna hulle tog so inwendig en brandend verlangende was; en wat later so 'n sterk mate van ontevredenheid veroorsaak het, dat hulle begin het om te murmureer.

Gideon van Dale was 'n man van vierendertig jaar. Sterk geboud, en omtrent zes voet hoog. Met sijn pragtig krulhaar, skoon voorhoof, lang swart baard, en gepaard

met 'n lewendige uitkijk, het jou dadelik daaraan laat denk dat jij met 'n man van sake, en eerste klas boer te doen het. En tog was daar iets op die gelaat te lese wat jou onder die indruk gebreng het, dat daar iets in sijn lewe hom ontbreek het; te meer als 'n mens in aanmerking geneem het, alhoewel Gideon nog maar betreklik jong was, dat daar al enkele grijshare in sijn skoon swart baard sigbaar was.

Op 'n skoon somers namiddag, terwyl die vo'eltjies besig was om in die bekoorlike bome, waarmee die woning omringd was, die een die ander met 'n lieflik vo'elgesang te o'ertref; was Gideon en sijn Gade, op die stoep in die heerlike koelte van die massiewe Cypresse, in 'n ernstige gesprek.

„Jij weet Maria!” (want so het mevr. van Dale geheet), laat Gideon hom hoor, „hoe meer ik o'er die dinge denk, hoe minder ik die Voorsienigheid begriip. Kijk, die mense wat so ter nouwernood kan lewe, is in die meeste gevalle van so 'n talrijk kroos voorsien dat dit sulke famielies met skrik vervul; want die vooruitsigte vir sulke mense blij maar altijd duister, en naarmate hulle kroos groter word, naar die mate *moet* hulle kommer ook noodwendig vermeer. Daarenteen weer die wat iets het, en dit *kan* stel om kinders op te lei tot nut van die maatschappij, so als in ons geval, die het glad nie eens één nie! Nou hoe moet 'n mens nou die ding begriip?”

Mevr. van Dale, was 'n vrou van omtrent dertig jaar met die blos van gesondheid op haar gelaat, en wat versierd was met hoë voorhoof, welgesneë neus, en twee sag uitsiende swart oë, waaruit, onder die dik getekende wenkbroue erns gestraal het.

Onderwyl haar man so praat, was daar vir die noukeurige opmerker trekke van ontevredenheid om haar wel gevormde mond sigbaar. En wat duidelik te verstaan gegee het, dat sijn die opmerkinge van Gideon volkomelik beaam het, en wat sijn met die vollende opmerking ook bevestig:

„Ja Gideon!” vul sij met 'n sug aan, „dit was vir mij al lank 'n duister rede, en hoe meer ik die dinge in mijn gemoed beredeneer, hoe minder kan ik daar 'n begrip van krij. Ik is ook met jou eens dat 'n omkering van sake, d.w.s. als die rijke of welgestelde meer—en die arme of swakker vermoënde met minder kinders geseënd sou wees, sake 'n beter en nuttiger wending vir die maatskappelijke samelewing sal neem. Ik het al baing daë gedenk” vervolg sij, „dat dit goed sou gewees het als ons 'n witkind aangeneem het, aangesien ons nie kinders van ons eië het nie, om ons als erfgenaam op te volle. Want aan Platjie kan ons onmoëlik nie ons besittinge vermaak nie; want dit sal na ons dood 'n geskender veroorsaak wat nooit weer 'n end sal krij nie.”

Die persoon waarvan hier sprake is, was 'n Kaffer-Boesmantjie, wat meneer en mevr. van Dale, vier jaar na hulle huwelik aangeneem het.

Platjie was in die tijd, waarvan ons skrijwe, ag jaar oud, en met sijn ronde-peper-korrel-kop, laë voorhoof, platneus, twee langwerpige nou oogies sonder wenkbroue, prominent uitstekende oogbanke, wat die spits-kingesig nog korter laat lijk het; was alles tesame genome 'n sterke aanduiding dat hij nader aan die Boesman- als Bantoe ras verwant was.

Iets seer ooglopends in sijn voorkomste, was sijn klein ronde oortjies; en wat aanmerklik hoër als die algemene menslik oor gesit het.

Gelaatkundige weet ons te vertel, en dis aannemelik ook, dat hoe hoër die menslik oor sit, hoe dierliker so'n karakter is.

Platjie was maar om mee te begin erg stijfhoofdig; en had die gewoonte als hij sijn sint nie kan krij nie, om daë lank vir hom in eensaamheid op te hou. En natuurlik kan 'n mens begriip, dat die minsaam behandeling van sijn Baas en Nooi hom nog meer bederwe het.

Een van sijn ooglopende karakter-trekke was afgunstigheid, en wat met die vermeerdering van sijn jare kenmerklik toegeneem het.

Toen Platjie sestien jaar oud was, word daar tot die inwendige en onbeskryflike vreugde van Gideon en sijn Gade, en tot groot verwondering van die omgewende publiek, 'n erfgenaam, in die vorm van 'n welgeskape en mooi dogtertjie gebore!

Dis haas onmoëlik om die grenselose blijdskap van Gideon en sijn vrou, bij die geleëndheid te beskrywe.

Toen die kindjie twaalf daë oud was, werd deur Gideon van oos en wes vriende genooi, om deur middel van buitengewoon groot feesviering die gelukkige vermeerdering van die familie in die vorm van 'n erfgenaam te verwelkom.

In die ruim en welverligte eetsaal was 'n groot aantal gaste teenwoordig, en 'n mens kan begryp dat die aansprake bij so 'n plegtige gelegenheid, alleen en met alle geestdrif die gebeurtenis van die dag beoog het.

Almal teenwoordig was met vreugde vervuld, en almal het met innerlike belangstelling die van vreugde ó'eroplopende ouërs geluk gewens met hulle skoon kindjie en erfgenaam!

Alhoewel nou al die feesvierders met soveel vreugde en belangstelling vervuld was, tog was daar iemand teenwoordig wat die feestelikhede met die grootste wraaksugtigheid uit 'n skuilhoek gadeslaan het. En dit was Platjie!

Platjie was al sestien jaar oud, en tamelik buitengewoon ouderwets vir sijn jare. Die gees van afguns waarmee hij so rijk- en kenmerkelyk besield was, het hom laat begryp dat deur die geboorte van 'n wettige erfgenaam, sijn skoon verwagting, wat hij op eië houtjie vir die toekoms gekoester het, totaal vervloë was; en waarop hij 'n besluit geneem het dat hij hom sal wreek!

Bij die verskijning van 'n lieweling in die vorm van eië vlees en bloed, en wat die naam van Gratia gedra het, het Gideon en Maria so als verwag kan worde meer liefde daaraan toegewij als aan Platjie en gevolgelyk onopgemerk minder van hom notisie geneem ook.

Hoe meer dat Gideon en sijn vrou van Platjie natuurlikheidshalwe vervreemd werd, des te vuriger het sijn wraaksugtigheid toegeneem, en het hij meer en meer sijn besluit laat pos vat: „Vroeër of later sal ik mij op mijn wrede onderdrukkers wreek!” En naarmate die liefde van sijn Nooi en Baas teenoer hom afgekoel het, naar die mate het hij ook meer van hulle vervreemd geraak.

Toen Gratia twaalf jaar oud was, het die ouërs dit raadzaam geág haar naar 'n opleidings skool vir meisies te stuur, alwaar sijn bewonderenswaardige vooruitgang gemaak het.

Gewoonlik bij haar thuishoms met vakansie geleëndheid, kon sijn 'n buitengewoon geesdrif in die gelaat van Platjie bespeur; en hoe ouër dat zij geworde het, hoe meer het die vreemde verskijnsel in die Boesman haar met skrik vervul.

Eindelik het sijn dit noodsakelik geág om met haar ouërs hier o'er te praat; maar hulle was van oordeel dat dit verbeelding was, omdat sijn meeste van die tijd van huis afwesig was, en natnurlik bij haar thuishoms 'n verandering, veroorsaak deur groei als andersins, in die Boesman moet bespeur. En daarby het dit geblij.

Toen Gratia agtien jaar oud was, het sijn vir goed naar huis gekeer als 'n gematrikuleerde. Pas was sijn thuis of die ou gewaarwording met betrekking tot die vreemde voorkoms van Platjie het haar weer ongerus gemaak, en inwendig alhoewel sijn dit nie gesê het nie, was sijn tog spijt dat sijn nie weer terug naar skool kongaan nie; want in haar gemoed was sijn o'ertuig dat sakies met die Boesman maar nie alte pluis was nie; en wat ook maar later alte waar geblyk het.

Op dieselfde plaas en omtrent 'n mijl van die woonhuis af, het die ou weduwe-moeder van Gedeon gewoon. Sijn was al bejaard, en hoe dat hij ook al perbeer het om haar bij hom in huis te krij, op grond dat sijn al oud was, en skielik in die nag iets kon o'erkom was alles te vergeefs. Dit was die verkiesing van die ou moeder en daarby het dit geblij.

Op 'n goeie aand, strijks van ag uur, had Gideon en sijn familie, in die eetkamer 'n gesprek o'er die verlede, en wat min of meer hierop neer gekom het:

„Jij weet Gratia,” so begin haar vader, „Jou moeder en ik was baing ontevrede dat ons nooit kinders had nie, want so als jij weet, was ons reeds twintig jaar getroud, toen jij gebore werd. En omdat ons lewe, vóór jou geboorte so eentonig was, het ons vir Platjie aangeneem, en ik weet jij sal sê, waarom ons nie liewers 'n witkind aangeneem het nie. Wel die rede was, dat ons bang was dat ons met so'n aangenome dingetje dit ongelukkig kon tref, en dan blij jij jou hele lewe deur met so iets opgeskeep; en met so 'n boesman is dit helemaal anders want blijk dit dat hij niks beteken nie, dan kan jij hom maar dood eenvoudig aan iemand anders o'ermaak.”

Terwyl Gratia agtero'er, met haar hande agter haar hoof saamgevat, in 'n leuning stoel sit, merk sijn met alle erns op:—

„Wat Pa en Ma ook al van Platjie mag denk, tog kan ik mij van die gedagte nie los maak nie, dat daar iets uiters gevaarliks in hom skuil, en als iemand aan mij sou vra watter grond ik vir so 'n bewering het, dan kan ik nie met juistheid dit gee nie, tog is daar altoos iets in mij teeno'er hom, wat mij met skrik vervul.”

Onderwyl hulle so sit te praat, maak Platjie sijn verskijning in die middel deur, van die kombuis af!

„Baas”! so begin hij, „ou Nooi” (die moeder van Gideon) „het laat weet, Baas moet gou kom, sijn wil sterwe!”

Natuurlik kan 'n mens verwag, dat so 'n Jobs tijding, en so onverwags, die familie 'n vreeslike skrik aangeja het. En waarop Gideon haastig opgestaan het om hom met 'n voetpad deur 'n groot bos naar die woning van sijn moeder te begewe.

Toen Platjie nou gewaar dat sijn baas aanstalte maak om te vertrek op die vals rapport wat hij gebreng het, het hij haastig met dieselfde voetpaatjie wat sijn baas

die gewoonte had om mee te loop, vooruit gesnel, en in die dikste van die bos waarlangs die voetpad gelei het, gewapend met 'n handbijn, hom agter 'n groot boomstam skuil gehou.

Dit was 'n stil donkermaan aand, en Gideon het in die minste gen kwaad vermoed nie, en het volkomelik die gerugte omtrent sijn moeder geglô. En wat hom nog bowe-op 'n innerlike vrees aangeja het, was, dat hij moëlik te laat mag wees om sijn ou moeder nog in lewe te vinde.

Platjie het met gespanne aandag, met die byl omhoog, sijn niks vermoedende baas ingewag. En net toen Gideon bij die boomstam virbij stap was hij klaar, en met één wraaknemende kap sak Gideon inmekaar—'n lijk!

Gratia en haar moeder het verlangend uitgesien naar die terugkoms van Gideon. En omtrent 'n half uur na sijn vertrek verneem hulle iemand bij die voordeur.

Deur 'n glasdeur wat die gang van die voorhuis afsluit, kon hulle deur die gekleurde ruite daarvan, en onopgemerk, deur middel van 'n brandende lamp in die gang, die beweging bij die voordeur gadeslaan, en tot hulle grootste skrik, in plaas van Gideon, ontwaar hulle die met bloed-bespatte Platjie, die, met bloeddorstigheid besield, die voordeur binnegesnel het.

Bij sijn binnekoms het hij dadelik die met bloed-bevlekte byl omhoog geswaai, en hom op die vollende wijze laat hoor:

„Gideon is gevrek, en julle altwee sal binne kort ook in sijn geluk deel!”

Met alle haas het moeder en dogter op die vlug gegaan om hulp bij die bediendes te soek, maar ongelukkig—en waar Platjie van bewus was—was al die volk en meide die aand op 'n ander plaas bij 'n vrolikheid aanwesig.

Platjie het sonder versuim die twee agterna geset. En deur dat dit donker was, het moeder en dogter mekaar, temidde van die baing bome verloor.

Gratia het in die voetpad, waar haar vader die aand

van gebruik gemaak het te lande gekom, en met alle haas in die rigting van haar groot-moeder voort gesnel.

In haar skrikkelike vaart het sij tot haar grootste skrik o'er die lijk van haar vader geval, en onder 'n stortvloed van tranen en angskrete haar maar met alle spoed naar die woning van haar Ouma begewe, waar sij veilig aangekom dog dadelik daarna in 'n flouwte geval het.

Platjie het sijn Nooi opgespoor. Hoe dat sij ook al geviug het, tog het hij haar later ook bij die lijk van Gideon vasgekeer, alwaar sij bewusteloos inmekaar gestort het. en toen ook op 'n wreedaardige wijze deur die bloed-dorstige Platjie vermoord werd.

Daarop het Platjie naar huis gekeer. en ewe kalm als of daar niks gebeur het nie, hom ter ruste begewe.

Ou Grootmoedertjie het dadelik begin om Gratia te lawe, en toen sij weer bij gekom het, haar enige huis-middels toegedien met goed gevolg.

Bij weduwe van Dale was gelukkig net die aand, waarvan ons skrijwe, 'n paar vriende aanwesig, die vir die nag daar sou o'erblij.

Toen Gratia so was dat sij kon praat, het sij so goed moëlik aan hulle die treurige voorval van die aand meegedeel, waarop die twee vriende handelend opgetree het, en haastig 'n jong te perd naar die dorp gestuur, om die nooit te vergete voorval per brief aan die Magistraat bekend te maak.

Son op die vollende morre, (want dit was maar een uur te perd van die dorp af naar Moordstroom) was die Magistraat met die dokter en die nodige polisie aangekom, om met die vereiste werkzaamhede 'n aanvang te maak.

Die twee lijke werd in verskrikkelike verminkte toestand naas mekaar gevonde, en, met die grootste eerbied deur die steeds aangroeiende skaar naar hulle woning vervoer.

Die polisie het Platje in sijn met blodbespate klere slapende gevinde, en hom natuurlik onder arres geneem

en naar die dorp vervoer. Alwaar hij na nauwkeurig onderzoek naar die strafsitting van die Rondgaande Hof verwezen werd.

Bij die sitting van die Hof het die jurie, Platjie eenpariglik skuldig gevinde, en met grote opgewondenheid het die Juts, temidde van 'n doodse stilte, die welverdiende doodvonnis uitgespreek. 'n Rukkie daarna het Platjie, op die skavot sijn lewe ingeskiet als beloning vir sijn gruweldade.

Twee daë na die hierbove vermelde treurige moord, was daar enige honderde van die dorp en die distrik aanwesig om bij die ter aarde bestelling, aan die ongelukkige vermoorde die laatste eer te bewijs.

Natuurlikheidshalwe kan 'n mens begriip dat die opgewondenheid van vriende en belangstellende so groot was, dat so hier en daar in die groot skaar, maar tame-like harde uitlatinge gehoord werd.

Die een was van [mening dat die Goewerment beter sou gedaan het om Platjie aan hulle te oerhandig, als om nog met die onnodige formaliteite van 'n Geregshof te spook. Die ander weer dag, dat—al wou hij dit nie juis in soveel woorde sê nie—dat die handelwijze van die Voor-sienigheid in sulke gevalle maar 'n bietjie twijfelagtig lijk!

Temidde van die uitlatinge het Gratia, onder begeleiding van haar oom—wat vir die begrafenis o'er gekom het—haar verskijning op die stoep gemaak. En daar sijn die ewebeeld van haar moeder was, en in diep rouwgewaad gekleed, het haar verskijning bij menig een 'n traan veroorsaak, bij andere weer nog ernstiger opmerkinge.

Die leeraar van die dorp, Ds. H. was aanwesig. 'n Stil bedaarde man, en nog van die goeie ou soort wat die verantwoordelikheid voor die aan sijn leeraars-sorg toevertroude siele diep gevoel het. En 'n mens kan begriip, dat die God ontierende uitlatinge, hom soos dolksteke deur die hart moes gegaan het; en temeer daar die gemeente C. onder sijn be-arbeiding 'n bloeiende was.

Dit was 'n skoon September namiddag en toen

Gratia haar verskijning op die stoep gemaak het, was die stoffelik oërskot van haar vader en moeder reeds op dragbare naas elkaar geplaas, en met 'n lijkkleed gedek in die skaduwe van die groot bome waarmee die werf so talrijk voorsien was.

Precies om twee uur die namiddag, het die Leeraar 'n aanvang met die lijkrede gemaak. Na 'n ernstige gebed het hij Gezang 67: 2 laat sing:

Leer mij stil op paden wandlen,  
 Waar uw oog alleen mij ziet,  
 Stil verdragen, zwiĳgend handlen,  
 Al ziet mij de wereld niet:  
 Jezus! Gij kunt door uw lering,  
 Harten vormen tot bekering;  
 Bron van ootmoed! leer Gij mij  
 Stil, ootmoedig zijn als Gij.

Daarna het hij Gal. 6: 1—9 gelees.

“Broeders”, so begin hij, “toen ik die rampspoedige en treurige lotval van die o'erledene verneem het, toen het, so als verwag kan worde, dit bij mij 'n diep gevoel van medelijde veroorzaak. En die gedagte van Paulus so als uitgedruk in Rom. 11: 33, het bij mij, so als bij seker menig een van julle ook, opgekome: „O diepte des rijkdoms, beide der wijsheid en der kennis Gods! hoe ondoorzoekelijk zijn Zijne oordelen, en onnaspeurlijk Zijne wegen!” En naar gelang van omstandigheid het ik dit goed gedag, om vandaag o'er die woorde: “Uw wil, O God! geschiede” te spreek. Maar sekere uitlatinge in die vergadering gebesig, het mij genoop om van koers te verander, en gevolgelik wil ik spreek o'er wat uw aandag opgeteken vind in die voorgelese hoofdeel, en daarvan nader die 7de vers—die woorde:—„Want zoo wat de mensch zaait, dat zal hij ook maaien!” En na 'n ernstige en troostrijke, en vir die nablijwende, 'n opbeurende rede, het hij hom ten slotte o. m. als volg uitgedruk:—Broeders! denk tog in alle

ernst daaraan, dat ons dit met 'n lewende en Regvaardige God te doen het; en dat elk een hier teenwoordig, so seker als dat hij leef, eenmaal sal moet rekenskap gee van sijn afgelegde lewe, oëreekomstig, die aan hom toevertroude talente. Want ons aimal moet geopenbaar worde voor die Regterstoel van Christus, opdat 'n iegelik wegdra, wat deur die liggaam geskied is, naar dat hij gedaan het, hetsij goed, hetsij kwaad!

Die in die verlede geseënde ondervinding van die oërlde eiënaar van Moordstroom, het honderde van male aan hom die bewijs gelewer, dat waar hij koren gesaai het, het hij natuurlik koren gemaai. En dit was *ons* ondervinding ook. En met reg verwag ons aimal, dat waar ons graan, van watter soort ook sazi, om weer die-selwde soort te maai, En wat van toepassing op die tijdelike is, is ook van toepassing op die geestelike. En sou dit reg wees, van ons, om te verwag, dat waar ons ondeug gesaai het, om deug te maai?

Adam en Evan in die Paradijs het ongehoorsaamheid gesaai, en hulle het die vrug daarvan gemaai!

Jakob het sijn vader Izak, met die *vel van 'n bokkie* bdroë!

Jakob se kinders weer, het hom met die *bloed van 'n bokkie* bedroë!

Jozef saai 'n droom! en kom daardeur in die gevangenis! Jozef maai 'n droom! en word daardeur uit die gevangenis ontslaë!

Die oë van Simson, het hom weëns die skoonheid van Delila, ('n Filistijne) verlei; en die *Filistijne* steek sijn oë uit!

Absalom was trots op sijn hare, en dieselwde hare het hom sijn leven gekos!

Judas laat sijn Heer en Koning vir 'n weinig gelds aan die kruis ophang. Judas geniet nie eens in die minste die gebruik van die geld nie, (want hij was mos nie 'n vreemdeling nie), en hang homself op!

Daarom Broeders! dwaal tog nie, want God laat Hem

nie bespot nie; want die wat in sijn eië vlees saai, sal uit die vlees verderfenis maai.

Ten slotte werd gesing, Gez. 31 : 5. :—

“Het stof moog met de wind verwaaien,  
 Tot vroeger stof vergaard  
 De mens sal eenmaal seker maaien,  
 Wat hij hier zaait, op aard:  
 Hier hangen van geringe schreden  
 Vaak deugd en ondeugd af,  
 Van ogenblikken eeuwigheden  
 Aan gindse zij van 't graf.”

Daarna werd die lijke deur die draërs opgeneem, en gevolg deur die groot deelnemende skaar naar die laatste rusplaas van die ongelukkige Gideon en Maria van Dale!

So als verwag kan worde was Gratia bitterlik bedroef, en haas ontroostelik o'er haar smartvol verlies.

Onmiddelik na die ter aarde bestelling van haar innig geliefde ouërs, het sijn, met haar oom, haar naar die woning van haar ouma begewe, alwaar hulle eenige daë sou vertoewe, om seker sake in orde te bring.

Die dag daarop sê Jan bij sijn binnekoms: „Ma moet nou maar met ons same gaan, en die o'erige van ma haar lewe maar bij ons deurbreng; want aangesien Gratia nou bij ons gaan woon, sal die lewe hier alleen tog te eentonig wees.”

„Ja, mijn kind!”, antwoord sijn moeder „ik het ook daaro'er gedenk, en mijn innerlike begeerte was, om die tijdjie wat ik nog te lewe het, maar hier te slijt; maar die smartelike herinneringe verbonde aan Moordstroom nou, hoe innig ik aan die plaas verkleef was, is vir mij te veel; en daarom sal ik ook maar mee gaan. En temeer, ik kan nie daaraan denk nie, om van Gratia geskeië te worde nie.”

Inwendig had Gratia die vrees gekoester dat haar Ouma nooit van Moordstroom sou vertrek nie, aangesien sijn 'n lewensreg daarop had, en wonderlik aan die plaas geheg was.

nie bespot nie ; want die wat in sijn eië vlees saai, sal uit die vlees verderfenis maai.

Ten slotte werd gesing, Gez. 31 : 5. :—

“Het stof moog met de wind verwaaien,  
 Tot vroeger stof vergaård  
 De mens sal eenmaal seker maaien,  
 Wat hij hier zaait, op aard :  
 Hier hangen van geringe schreden  
 Vaak deugd en ondeugd af,  
 Van ogenblikken eeuwichheden  
 Aan gindse zij van 't graf.”

Daarna werd die lijke deur die draërs opgeneem, en gevolg deur die groot deelnemende skaar naar die laatste rusplaas van die ongelukkige Gideon en Maria van Dale !

So als verwag kan worde was Gratia bitterlik be-droef, en haas ontroostelik o'er haar smartvol verlies.

Onmiddelik na die ter aarde bestelling van haar innig geliefde ouërs, het sijn, met haar oom, haar naar die woning van haar ouma begewe, alwaar hulle eenige daë sou vertoewe, om seker sake in orde te bring.

Die dag daarop sê Jan bij sijn binnekoms : „Ma moet nou maar met ons same gaan, en die o'erige van ma haar lewe maar bij ons deurbreng ; want aangesien Gratia nou bij ons gaan woon, sal die lewe hier alleen tog te eentonig wees.”

„Ja, mijn kind !”, antwoord sijn moeder „ik het ook daaro'er gedenk, en mijn innerlike begeerte was, om die tijdjie wat ik nog te lewe het, maar hier te slijt ; maar die smartelike herinneringe verbonde aan Moordstroom nou, hoe innig ik aan die plaas verkleef was, is vir mij te veel ; en daarom sal ik ook maar mee gaan. En temeer, ik kan nie daaraan denk nie, om van Gratia geskeië te worde nie.”

Inwendig had Gratia die vrees gekoester dat haar Ouma nooit van Moordstroom sou vertrek nie, aangesien sijn 'n lewensreg daarop had, en wonderlik aan die plaas geheg was.

Toen sij die besluit van haar Ouma verneem, toen het sij die steeds vloeiende trane van haar oë gedroë, en met 'n glimlag van blijmoedigheid Grootmoeder om die hals geneem, en met 'n hartelike soen bedank.

Wie sal tog in staat wees om die innerlike gewaarwording van Grootmoeder en Kleinkind in die oënblik van omhelsing te beskrywe. Ik gevoel mij onbekwaam en onwaardig vir so 'n taak; en tog kan ons begryp dat daar met bliksemsnelheid, die verlede altwee o'er die gees moes gekom het, alsof dit met 'n bioskoop afgespeel werd. Vir die een was dit 'n tydperk van sewentig—en vir die ander, één van slegs agtien jaar!

Letterlik roep Grootmoeder haar voor die gees toen sij als pasgetroude, vijftig jaar gelede, met haar eggenoot haar met ter woon op Moordstroom gevestig het, Hoe dat hulle twee eenigste kinders, Gedion en Jan, als gesonde en huppelende jongens hulle in die klawerlande verlustig het agter die veel-kleurige skoelappers; terwyl vader en moeder, temidde van die September voëlgesang en gonsende bije, verenigd met die soet gemurmur van die donkerstroom, waarnaar die plaas genoemd was, in skaterlag die jongens gade geslaan het!

In sterke kontras kom Grootmoeder voor die gees die bleke daë van 'n April, toen haar dierbaarste—haar man, als 'n prooi van die koors, naar die graf gedra werd. En die jeugdige en hartverskeurende gebeurtenis van slegs 'n paar daë gelede, toen Gideon, haar beminde, en Maria die skone als vermoorde ter aarde bestel werd!

Toen Gratia die liefderijke kus van blijmoedigheid op die lippe van Grootmoeder gedruk het, toen was die kinderlike gewaarwording: „Ag dis maar nog al wat o'er gebly het. Waar is tog die vrolike lag van Vader en Moeder, wat nog kersvers als musiek in mijn ore klink? Ag die hartelike welkoms groet bij mijn terugkeer van die skool sal ik nooit weer op aarde verneem nie; daar mijn liewe Vader en Moeder al reeds onder die kluite van skeiding bedolwe lê.”

Toen sij die besluit van haar Ouma verneem, toen het sij die steeds vloeiende trane van haar oë gedroë, en met 'n glimlag van blijmoedigheid Grootmoeder om die hals geneem, en met 'n hartelike soen bedank.

Wie sal tog in staat wees om die innerlike gewaarwordinge van Grootmoeder en Kleinkind in die oënblik van omhelsing te beskrywe. Ik gevoel mij onbekwaam en onwaardig vir so 'n taak; en tog kan ons begryp dat daar met bliksemsnelheid, die verlede altwee o'er die gees moes gekom het, alsof dit met 'n bioskoop afgespeel werd. Vir die een was dit 'n tydperk van sewentig—en vir die ander, één van slegs agtien jaar!

Letterlik roep Grootmoeder haar voor die gees toen sij als pasgetroude, vijftig jaar gelede, met haar eggenoot haar met ter woon op Moordstroom gevestig het, Hoe dat hulle twee eenigste kinders, Gedion en Jan, als gesonde en huppelende jongens hulle in die klawerlande verlustig het agter die veel-kleurige skoelappers; terwyl vader en moeder, temidde van die September voëlgesang en gonsende bije, verenigd met die soet gemurmur van die donkerstroom, waarnaar die plaas genoemd was, in skaterlag die jongens gade geslaan het!

In sterke kontras kom Grootmoeder voor die gees die bleke daë van 'n April, toen haar dierbaarste—haar man, als 'n prooi van die koors, naar die graf gedra werd. En die jeugdige en hartverskeurende gebeurtenis van slegs 'n paar daë gelede, toen Gideon, haar beminde, en Maria die skone als vermoorde ter aarde bestel werd!

Toen Gratia die liefderijke kus van blijmoedigheid op die lippe van Grootmoeder gedruk het, toen was die kinderlike gewaarwording: „Ag dis maar nog al wat o'er gebly het. Waar is tog die vrolike lag van Vader en Moeder, wat nog kersvers als musiek in mijn ore klink? Ag die hartelike welkoms groet bij mijn terugkeer van die skool sal ik nooit weer op aarde verneem nie; daar mijn liewe Vader en Moeder al reeds onder die kluite van skeiding bedolwe lê.”

Terwijl Jan die omhelsende paar met betraande oë gade geslaan het, ontwaar hij met onbeskryflike skrik dat die van verdriet o'erstelpte paar onder die druk daar van besweke was!

Vir Grootmoeder had dit 'n noodlottige gevolg; sijn het vir ewig- en vir haar gelukkig ook maar, daaronder beswijk!

Gratia daarenteen, het weer met groot moeite bij gekom, en langsamerhand herstel.

Die daarop vollende dag werd deur 'n groot belangstellende opkoms, Grootmoeder met alle respek naas haar man in die groewe der vertering gelê.

Daarna het Jan die sake so goed moëlik gereel, en met Gratia naar zijn plaas Duiwehoek vertrek, wat maar slegs vier uur te perd van Moordstroom af verwijderd was.

Jan was ekskuteur in die boedel van sijn broer, en Voog o'er Gratia; en daar dit nou 'n uitgestorwe boedel—en Gratia die eenigste erfgenaam was—werd die vas en los eiëndomme behorende tot die boedel ook vollens testament verkoop. En die het 'n gesamelike opbrengs van £10.000 gehaal.

Die bedrag werd toen sorgvuldig bij die Weesheer gestort, en kon alleen o'ereenkomstig testamentair besluit deur Gratia na haar twintigste verjaardag getrokke word; of eerder in die geval van 'n huwelik.

Duiwehoek en Moordstroom werd gelijktijdig deur ou meneer van Dale (vader van Johannes) gekoop; en daar Gideon en Johannes die eenigste kinders was, werd die twee plase: Moordstroom aan Gideon, en Duiwehoek aan Johannes respektiewelik vermaak.

Duiwehoek het vlak voor 'n groot Kloof gelê, en alhoewel ook goed voorsien van tamelike sterklopende water; en goed met allerhande soorte van bome beplant ook, tog het die natuurtonele van Moordstroom dit verweg o'ertref; en sou iemand wat die twee plase goedgeken het, 'n keuse moes uitbreng, hij sou als woning, die voorkeur aan Moordstroom gegee het.

Terwyl Jan die omhelsende paar met betraande oë gade geslaan het, ontwaar hij met onbeskryflike schrik dat die van verdriet o'erstelpte paar onder die druk daar van besweke was!

Vir Grootmoeder had dit 'n noodlottige gevolg; sijn het vir ewig- en vir haar gelukkig ook maar, daaronder beswijk!

Gratia daarenteen, het weer met groot moeite bij gekom, en langsamerhand herstel.

Die daarop vollende dag werd deur 'n groot belangstellende opkoms, Grootmoeder met alle respek naas haar man in die groewe der vertering gelê.

Daarna het Jan die sake so goed moëlik gereel, en met Gratia naar zijn plaas Duiwehoek vertrek, wat maar slegs vier uur te perd van Moordstroom af verwyderd was.

Jan was ekskuteur in die boedel van sijn broer, en Voog o'er Gratia; en daar dit nou 'n uitgestorwe boedel—en Gratia die eenigste erfgenaam was—werd die vas en los eiëndomme behorende tot die boedel ook vollens testament verkoop. En die het 'n gesamelike opbrengs van £10.000 gehaal.

Die bedrag werd toen sorgvuldig bij die Weesheer gestort, en kon alleen o'reenkomstig testamentair besluit deur Gratia na haar twintigste verjaardag getrokke word; of eerder in die geval van 'n huwelik.

Duiwehoek en Moordstroom werd gelijktijdig deur ou meneer van Dale (vader van Johannes) gekoop; en daar Gideon en Johannes die eenigste kinders was, werd die twee plase: Moordstroom aan Gideon, en Duiwehoek aan Johannes respektiewelik vermaak.

Duiwehoek het vlak voor 'n groot Kloof gelê, en alhoewel ook goed voorsien van tamelike sterklopende water; en goed met allerhande soorte van bome beplant ook, tog het die natuurtonele van Moordstroom dit verweg o'ertref; en sou iemand wat die twee plase goedgeken het, 'n keuse moes uitbreng, hij sou als woning, die voorkeur aan Moordstroom gegee het.

Met al die bekoorlike herinneringe verbonde aan haar kinderjare, sou Gratia tog liewers op enig ander plek wou gaan woon het, daar Moordstroom met die gruweldade waarmee dit in verband gestaan het, alle aantreklikheid vir haar verloor het. Sij kon onmoëlik nie op 'n plaas blij woon, die haar gedurig aan haar verlies en rou sou herinner nie!

En so gaan dit maar vandag nog: somtijds siet ons mense van die een woning naar die ander, van die een dorp naar die ander vertrek, sonder dat ons in die minste die rede daarvan kan begryp, en sou ons dit nagaan dan lê daar wellig in baing gevalle sulke donker geskiedenis in opgeslote wat die wereld geen vreugde kan aanbreng nie.

Toen die rijtuig met Gratia en haar Oom op Duiwehoek voor die woonhuis ('n fraai duwwelde verdieping met hoë stoep en varandah), stil gehou het, was mevr. van Dale en haar eenigste seuntjie, in geselskap van seker Hendrik Hartman, op die stoep om Gratia te verwelkom.

Gemakkelik kan 'n mens begryp dat die trane weer begin te vloei het, want mevr. van Dale was ook innig verkleefd aan haar pas gestorwe skoonbroer, en suster en die innige verdrietige voorkomste van Gratia het haar nog meer ontstel.

Mevr. van Dale was 'n welgevormde vroujie van iets o'er die vijf voet hoog; en met haar altoos vrolike voorkomst, het sij op almal met wie sij in aanraking gekom het, 'n minsaam indruk gemaak.

Gratia werd toen gelijktijdig aan meneer Hartman voorgestel, en werd daarna op eië verzoek, deur haar tante naar haar kamer geneem.

Hartman was 'n welgeboude jongman van vijf-entwintig jaar; begaafd met 'n algemene minsaam voorkomst; in sijn geselskap het hij egter onder die indruk gekom, dat hij dit met 'n klas van mense te doen het, wat in die waarheid glo dat—aangesien 'n mens twee ore en maar een mond het—hij gevolglik twee maal so veel moet hoor als praat.

Hartman was 'n denker, en wanneer hij gepraat het, dan kan 'n mens daarvan notisie geneem het.

Hennie, so als hij deur die van Dales genoemd was, was 'n boer, op 'n deur hom gehuurde, en aan Duiwehoek aangrensende plaas.

Daar hij baing van die van Dales gehou het, het hij so veel die omstandigheid dit toe gelaat het daar gekom ook.

Sijn ontmoeting met Gratia het bij hom 'n onverwagte vreemde gewaarwording teweeggebreng; en het hom die aand op die terugreis maar 'n bietjie opgevat ook. Watter gedagtes hij ook al gevorm het, tog het die betraande wese van Gratia hom gedurig voor die gees geblij.

'n Paar daë daarna, moes hij om die een of ander niksbeduidende besigheid weer naar Duiwehoek, maar die eïenlike oorsaak, alhoewel hij dit nie gesê het nie, was Gratia!

Jan en sijn vrou was blij hom te verwelkom, daar hulle onderling van oordeel was, dat aangesien Hennie 'n verstandig en fatsoenlik jong man was sijn invloed veel daartoe sal bijdra, om die diep geslaë wonde in die nog jeugdige Gratia te heel.

Hennie met sijn minsaam en innemende omgang het al lanksamerhand, tot innerlike vreugde van Jan en sijn gade die vertrouwe van Gratia gewin; en met behulp van tijd, die groot Heelmeester, werd sijn so stadig aan van haar gebroke hart herstel.

'n Jaar na haar aankoms op Duiwehoek was sijn helemaal gewoon aan haar nuwe woning en omgewing, en was dat al so ver, dat sijn met bedekte verlange naar die koms van Hennie, (so als sijn al die gewoonte had hom te noem) uit sien.

Hennie, alhoewel innerlik verliefd op Gratia, had eienlik nog nie die moed haar hand ten huwelik te vra nie; aangesien hij van oordeel was dat hij maar betrekkelijk arm in vergelijking met haar was, en temeer daar hij van mening was, dat hij met die voorspoedige vooruitgang van sijn boerderij, spekulasies en de moëlikheid van 'n aansienlike sommetjie te maak met 'n tender, wat

aan hom vir die bou van 'n kerk op H. toegesê was en waarmee binne ses maande 'n aanvang moes gemaak worde, na 'n jaar of so als selfstandig man meer reg op so iets sou hê, en hij gevolgelik dan met meer moed kon pleit.

Vier maande daarna krij Hennie kennis dat hij onmiddellik met die bou van de Kerk 'n aanvang moes maak.

Waarop hij dadelik, nadat sijn boerderij aan goeie sorg toevertrouwd was, naar Duiwehoek o'ergerij het, om van sijn geliefde Gratia en die van Dales afskeid te neem, daar sijn teënwoordigheid op H. 'n onvermijdelike ver-eiste was.

'n Entjie van die huis af, op Duiwehoek verneem Hennie in 'n dik plaat bome, waardeur die pad slingerend gegaan het, die lieflike akkoorde, aangebrag deur 'n skoon klinkende musiek instrument.

Als versteend het hij op sijn perd blij sit, terwijl Gratia onbewus van sijn teënwoordigheid, onder begeleiding van 'n Mandoliene met melodieuze contralto-stem, die vollende lied met alle geesdrif aanhef:-

So seker als die Son, bij breke van die dag  
Die flikkerende Sterre, ontrowe van hul prag,  
Terwijl die Leeuwrik vrolik, klapwiekend omhoog skiet,  
Die heerlik welkoms morre veraangenaam met lied.  
So seker als die Son, omhoog stijg o'er die rand,  
Die fonkelende doutjies laat prij nes diamant  
So seker, sal ik seker! mijn trou aan hom verpand,  
Wat mij als minnaar eer, hoe nedrig ook van stand.

So seker als die Son, sijn middag strale spreij,  
Tot nut van berg en dale, en stroom en landerij,  
Wijl vissies in die stroom hul heerlik dan verlustig,  
Die voëltjies soet en sag sing, in die skadu, rustig.  
So seker als die Son, hom weswaarts dan begeef,  
Tot nut van veld en blomme, en alles wat daar leef.  
So seker, sal ik seker, mij op die man eens wreek  
Wat deur sijn valse handel, minnaarstrou verbreek.

So seker als die Son, daar in die Weste Sak:  
 Daar agter donkerwolke, wat daar mag same pak—  
 Die glansrijk dan versier, met goud omsoomde boorde,  
 Bekoorlik dan wegsink, met storme in die Noorde.  
 So seker als die blits, nes soeklig al deurkruis  
 Met helder bliksemstrale en donderend gedruis.  
 So seker, ja so seker, sal Hij, de Heer ons God,  
 Voorseker hom besoek, wat hier met liefde spot.

Nadat die laatste note, aangebreg deur die bekoorlike stem van Gratia weergalmend in die dik woud lankamerhand weggesmelt het, en sij nog saggies die snare van die mandoliene tókkel, klim Hennie van sijn perd af, en stap haar met innige bewondering te gemoet.

Verskrik kijk Gratia bij sijn aankoms op, terwyl hij altwee haar hande in die sijne neem, en met 'n half verleë glimlag begin hij: „Vergeef mij, liefste Gratia! dat ik sonder jou wete in die stilte van die woud jou beluister het, want ik moet jou eerlik sê, sonder jou te vlei, dat so 'n versoeking onweerstaanbaar was.”

Met 'n lieflik glimlag antwoord sij, terwyl haar donker swart oë haar innerlike gemoedstoestand 'n weinig verraaï het, waardeur die altijd aanwesig sijnde blos op haar skoon gelaat 'n weinig dieper gekleurd werd:

„Met alle harte vergewe ik jou,” laat sij haar vrolik hoor, „want ik weet dat 'n mandoliene in so 'n stil en eenzaam plek altoos 'n groter aantrekkingskrag het, als die gewone musiek instrumente. Maar waar” vervolg sij „gaat die reis dan so buitengewoon naar toe Hennie?”

Skijnbaar het Hennie nie notisie van die vraag van Gratia geneem nie, en met 'n bijna hoorbaar hartgeklop trek hij haar soetjies nader, en smekend laat hij hom als volg hoor: „Onvermijdelike besigheid vereis mijn teënwoordigheid nou op 'n ander plek, en na alle waarskynlikheid sal dit 'n ses of nege maande duur voordat ik weer die genotvol voorreg sal smaak van in jou gewaardeerde teënwoordigheid te verkeer; en daarom liefste Gratia, gevoel ik mij gedronge om vandag van jou in alle

tere opregtheid te verneem—en waarvan veel—ja alles—vir mij in die toekoms sal afhang—”

„En dit is Hennie?” val sij hom laggend dog kon-senterend in die rede.

Saggies het Hennie haar iets in die oor gefluister, en na 'n vir hom bevredigende oplossing, het hij dit met 'n hartelike soen, vir die eerste maal bevestig!

Bloesend dog vrolik en opgeruimd van gees, het die tweetjes huiswaarts gekeer, en tot innerlike vreugde van Jan en zijn gade, aan hulle die pas genome besluit meegedeel.

Nog die selfde agtermiddag moes Hennie tot zijn innerlike leedwese van zijn dierbare Gratia en die van Dales, afskeid neem.

Lank het Gratia op die stoep blij staan, om haar Hennie, so ver die kronkelende weg dit toe gelaat het, op zijn vertrek, met opmerkzaamheid gade te slaan; en toen hij uit haar oog verdwyn het, is sij met 'n sug naar binne gekeer.

Die daarop vollende dag het Hennie met kar en vier perde vertrek naar zijn bestemming alwaar hij, tien daë daarna aangekom het. Hij moes die reis per rijtuig aan-vaar, want die tijd en daë was treine nog nie so volop nie.

Bij zijn aankoms het hij dadelik met zijn werksaam-hede 'n aanvang gemaak, waarmee dit ook regte voor-spoedig gegaan het.

Gedurig het hij aan Gratia geskrijwe en gereëld van haar weer antwoord gekrij ook; dog in die sesde maand na zijn vertrek het die briewe wisseling skielik afgebreek. En hoe dat Hennie ook al geperbeer het om 'n uitleg van die vreemde beloop van sake te krij—alles te vergeefs. Eindelijk kom daar 'n brief aan met slegs die vollende inhoud:—

Duiwehoek, 14 Maart 1878

Waarde meneer Hartman,

Jou wrede behandeling word nou, om die minste te sê pijnlik; en so ook jou schrijwe. Liefs sou ik sien dat jij dit staak, en ons wedersijdse belofte als vervalle beskou. Vaarwel.

GRATIA.

Toen Hennie die brief gelees het, kon hij sijn oë haas nie glo nie. Dadelik het hij aan Jan van Dale om 'n uitleg geskrijwe, maar ook sonder gevolg! Dog 'n maand daarna krij hij 'n telegram van hom van die vollende inhoud:—

„Gratia hede getroud. Val ons tog a.u.b. nie verder lastig nie.”

Toen Hennie nou weer so 'n telegram ontvang, kan 'n mens begriip dat hij haas rasend moes gewees het en hoe dat hij bij homself getrag het om tot 'n bevredigende oplossing van die noodlottige wending van sake te geraak, het tog alle poginge vrugteloos geblyk.

Eers was hij van plan maar terug te keer om op die hoogte van sake te geraak, maar aangesien Gratia nou al getroud is, het hij tot die gevolktrekking gekom, om maar so ver moëlik van Duiwehoek af te blij.

Met 'n bedrukte hart het hij maar met sijn werksaamhede aangegaan, en nege maande nadat hij die werk aanvaar had, het hij tot groot tevredenheid van die Bou-Kommissie die kerk afgelewer, waarbij hij 'n nege honderd pond stg. skoon profijt verdien het.

Sijn boerderij, sonder daarheen terug te keer, met die huurkontrak, het hij aan 'n ander o'ergemaak; en was toen van plan naar vreemde oorde te vertrek.

Die vollende morre ontmoet hij 'n man, wat skijnbaar nog onder groter bedruktheid als hij self verkeer het!

Die toedrag van sake met die man was korteliks so:—die arm drommel was met 'n ag honderd slagosse op weg naar Kaapstad, en 'n gerugte as sou daar long-siekte onder die diere uitgebreek het, was oorsaak van sijn neerslagtigheid, wat ten gevolge had dat hij die osse publiek laat opveil het om sonder reserve verkoop te worde.

Almal was bang om geld in so 'n spekulasie te waë aangesien een van die osse reeds al dood was en gevolgelik kon die Afslaër nie 'n bod krij nie!

„Koin Here” so begin hij, „wie sê 'n pond? Die

diere moet verkoop word en die nie waë nie, kan ook nie win nie!"

Hennie was teënwoordig, en dag toen bij hom self: „Al sou die gerugte waar wees dat die osse longsiekte onderlede het, dan sal al die osse, daaran na alle waarskynlikheid nie vrek nie. En vrek hul ook al, dan is dit tot daar an toe." En daar op bië hij 'n pond stuk; en tot sijn grootste verwondering word die bod op hom toe geslaan.

Die vereiste bedrag werd toen aan die Afslaër o'erhandig, en daar trek Hennie met sijn geluk of ongeluk.

'n Uur van die dorp af het hij grond gehuur vir die doel, waarheen hij met die osse vertrek het om die wending van sake met hulle, noukeurig gade te slaan.

Dit was 'n buitengewoon eersteklas vet lot osse, en daar die veld bij uitstek nog mooi was, het hulle natuurlik nie afgeval nie, daar die longsiek gerugte totaal ongegrond was.

„Op, B. het Hennie die osse, deur-'n-bank vir Tien pond stuk verkoop! En alhoewel die geluk hom nou so van alle kante in die aangesig staar, het hij inwendig tog maar bitterlik ongelukkig gevoel, want sijn beminlike Gratia kon hij tog maar nie vergeet nie.

In die Hotel, waar Hennie thuis was, het hij met 'n seker Procureur Faure in aanraking gekom, die hom o.m. die vollende meegedeel het:

„Vir 'n week gelede het hier 'n bisonderlike saak voor die Hoë Geregshof gediën: Gratia van Dale vs Henry Fibbs. „Gratia van Dale!" herhaal Hennie verskrik. „Ken u dan misskien die dame meneer Hartman?" verneem Faure.

„Die naam is mij goed bekend," laat Hennie daarop kalm volg, sonder sijn gemoedsaandoening verder te ver-raai, „en dit sal mij aangenaam wees iets bisonders te verneem aangesien dit al 'n geruime tijd is sedert ik laas 'n courant in hande had."

„Wel", vervolg meneer Faure, „die toedrag van sake

was so : Gratia van Dale was verloofd aan sekere Hartman—'n naamgenoot van jou, met wie sij 'n gedurige briewe wisseling gehad het, daar die persoon op, H woonagtig was.

Met haar twintigste verjaardag sou sij vollens testament van haar vader in besit van £10,000 stg. gekom het.

Fibbs was Posmeester van die Duiwehoek Poskantoor, en was goed op die hoogte van sake. Om sijn vuil doel te bereik, het hij die briewe van mej. van Dale, aan haar aanstaande en omgekeer, die nek om gedraai !

Knaphandig het hij die respektiewelike handskrifte van die betrokke partije so netjies nageboots, en met sulke goed gevolg dat hij 'n bitterlike kwaai vriendskap tussen die twee, deur middel van die deur hom geskrewe briewe, bewerkstellig het.

Toen mej. van Dale haar twintigste verjaardag bereik had, toen werd deur die Weesheer, die aan haar toekomende bedrag o'ergemaak, wat sij voor haar eië rekening op die Bank geplaas het.

Fibbs deur sijn diepsinnige geslepenheid kon hom altoos so innig lief voordra, dat hij daardeur die guns van mej. van Dale so ver gewin het, dat na hij die bowe genoemde kwaai-vriendskap bewerkstellig het, hij aan haar verloof geraak het ; en waaro'er haar oom en tante nie gekroom het nie hulle bitterlike verontwaardiging te kenne te gee.

Fibbs het toen deur skelmagtigheid dit so ver wis te krij, dat Gratia sekere dokumente moes teken, waardeur, sonder haar wete, al haar besittinge sijne geworde het.

Fibbs en mej. van Dale is toen naar K. gegaan alwaar die huweliks-bevestiging sou plaas vinde. Maar hij was nooit van plan om met haar te trou nie, en het dit toen so beraam, dat 'n sekere vriend van hom, hom als *Magistraat* moes voorstel, en die huwelik, in die Logieshuis waar hulle thuis was, moes voltrek.

Nog die selfde dag, na die sogenaamde huweliks bevestiging het Fibbs vertrek, en was sedert die tijd nooit

weer deur mej. van Dale gesien nie, als behalve in die Hof met sijn teregstelling.

Die eiënaar van die Logieshuis, waar hulle in thuis was, het die bedrog ontdek, deur middel van 'n gesprek wat plaas gevind het tussen Fibbs en sijn medepligtige en wat hij sonder hulle wete afgeluister het.

Dadelik na die vertrek van Fibbs het hij dit noodsaak geag mej. van Dale op die hoogte van sake te stel.

Eers wou sijn daar glad niks van glo nie en haar informant het sijn met verontwaardiging van haar gewijs; dog 'n paar daë daarna het sijn ook suspisies geworde, en gevolglik die pragtig uitgewerkte bedrog verder laat naspur, met die gevolg, dat meneer Fibbs en sijn vriend, die hom in so 'n afskuwelike daad behulpsaam was met 'n weinig moeite gearresteerd werd, en verlede week alhier deur die Rondgaande Hof veroordeeld werd.

Fibbs het tien jaar harde arbeid gekrij en sijn maat. Vijf Jaar. Gelukkig" vervolgd meneer Faure „het die Meneer nie behoorlik kans gehad om die geld van mej. van Dale deur te bring nie, want op Vijfhonderd pond stg. na werd alles weer terug gevind en aan haar o'erhandig."

„En meneer Faure", laat Hennie hom 'n weinig verslaë hoor. „Kan u mij altemit sê wat van mej. van Dale geworde het?"

„O ja!" antwoord Faure, „sijn het onmiddellik na afloop van die Siting naar Duiwehoek vertrek, in geselskap van haar oom, die ook hier was om getuigenis af te leg teën Fibbs."

Hennie had niks verder nodig nie. Sijn sakies was in orde. En wat bij hom 'n onbeskryflike vreugde veroorsaak het, was, dat sijn Gratia *nog* ongetroud was, en volkomelik in alle opsigte onskuldig ook.

Hij had inwendig 'n brandende verlange om weer in haar teënwoordigheid te verkeer, om aan haar sijn innige medelijde mee te deel in verband met haar sure ondervindinge, aangebrag deur so 'n skurk.

Nadat hij meneer Faure bedank het vir die interes-

sante informasie aan hom verstrekkend, het hij van hom afskeid geneem en met 'n rijtnig vertrek, maar waarheen wis niemand!

Die famielie van Dale was baie blij dat Gratia weer thuis was, en kon dit ook begryp hoe dat sij deur haar jongheid 'n prooi geworde het van die lokstem der verleiding; en hulle het ook met alle tere opregtheid probeer om haar maar weer gerus te stel deur aan haar duidelik te maak, dat hulle haar volkomelek vergewe het, en dat hulle almal nou maar moet trag om dit te vergeet ook.

„Ja” laat Gratia met 'n sug, daarop volg: „Ik kan Oom en Tante nooit genoeg dankbaar wees vir wat julle vir mij in die verlede—sedert die dood van Vader en Moeder, gewees het nie. Vir al julle gewaardeerde offering, en nog na mijn ongehoorsaamheid mij weer als julle kind terug te neem. Ik moet dit eerlik belij dat ik nie in staat is, deur middel van woorde mijn innige en opregte dankbaarheid bekend te maak nie.

En wat mij ook nog swaar op die hart lê, is mijn verfoeielike handelwijse teëno'er Hennie. Dis vir mij haas onverklaarbaar dat ik die woorde van 'n bedrieger en skurk bo die van hom gesteld het! en sijn beproefde opregtheid ooit in twijfel kon getrek het.

„Natuurlik” vervolgsij, „het ik nie reg nie om weer op so 'n edelmoedige karakter als Hennie aanspraak te maak nie, en dit is ook nie mijn plan nie; maar van harte begeer ik weer eenmaal in die geleëndheid, gestel te worde om net dit aan hom te sê: Hennie ik het bitter berou van die verlede. Vergewe mij tog maar!”

„En ik glo seker Gratia!” laat haar tante daarop volg, „dat jij nie alte lank naar so 'n geleëndheid sal hoef te wag nie; want sodra die waarheid aan Hennie ontsluit word, sal hij seker weer hier na toe kom.”

Daarop het almal, daar dit al laat was, maar gaan slaap.

Die vollende dag was alles, skijnbaar, op Duiwehoek maar weer op die ou trant.

Wat een omwenteling ook al in die gemoedere van die inwoners plaats gevinde het, tog het die skoonheid van die natuur daar buite in die minste nie daaronder gelij nie.

Strijks van vier uur die agtermiddag was meneer van Dale en sijn gesin op die stoep, terwijl Gratia met haar Mandoliene, vir die eerste keer, na haar aankoms, weer op weg was naar die ou plek; om in diep gepeins die snel afgespeelde verlede, met die treurlge wisselvallighede, wat dit meegesleep het, met 'n ter neergeslaë gemoed in ernstige o'erweging te neem.

Toen sijn plaas neem op die ou omgevalle boomstam, en sijn haar betraande oë omhoogslaan, naar die heerlike groen lommer waarmee die woud so kunstig in 'n September gewaad versier was; en sijn die skoon blou lug, die telkemaal deur die bewoë takkies sigbaar werd, aanskou, toen kom haar onwillekeurig voor die gees die laatste maal toen sijn op dieselfde boomstam gesit het, en die soete herinneringe aan die oënblik verbonde. „Ah” dag sijn, slegs een jaar is vervloë, en kon ik maar 'n gordijn trek o'er die dinge wat in die kort tijdstippie van mijn lewe plaas gevinde het. O, hoe graag sou ik tog die verlede wil terug roep, maar net tot op die oënblik toen ik laas op hierdie boomstam gesit het. Hoe anders sou ik dan tog mijn lewe aanlê!”

Saggies roer sijn die snare van haar Mandoliene aan, en begin toen met alle erns die vollende paar versies te sijn:—

ik hoor die ontblaaarde bome vra:  
„Hoe buig so droewig jij jou hoof?  
Jij hoor ons immers ook nie klaë,  
Wijl ons die Herfs, ons lower roof?”

Dit is die Heer, wat ons groen lommer  
Op regte tijë neem en stuur;  
So gee en heel Hij ook jou kommer,  
Jou harteleed ter regter uur!” \*

---

\* Overgeneem en vertaal uit „Herfstklanken.”

Pas was die laatste klanke van haar soetvloeiende stem weer in die stilte van die weergalmende woud verdwyn Gratia verneem 'n bekende stem die haar in alle liefde toeroep: „Gratia!”

Verskrik kijk sij op, en met 'n verleë blik ontwaar sij Hennie, die haar met 'n bekoorlike glimlag te gemoet snel. „Hennie” roep sij uit, „Kan jij mij nog vergewe?” Maar voor dat sij verder kon praat, had hij sijn sterk arms om haar heen geslaan met die woorde: „Denk nooit weer aan die verlede. Ik weet alles.”

Met 'n lieflike trek van blijdschap en tevredenheid op haar gelaat terwijl 'n paar groot tranes nes doudruppels daaro'er rol, sê sij „Mijn liefste Hennie!”

Andermaal stap die tweetjies, weer nes 'n jaar gelede naar die woning van Oom en Tante om die pas genome besluit aan hulle mee te deel die, die vollende maand op K. deur die Predikant sou bevestig worde!

Met opgeruimdheid van hart deel Jan toen aan Gratia mede, hoe dat Hennie bij sijn aankoms vanmiddag sijn planne bekend gemaak het, en waaruit toen blijk dat die vroeër, deur Hennie gehuurde, en aan Duiwehoek aangrensende plaas, deur hom reeds aangekoop was.

Die vollende maand was op Duiwehoek 'n bruilof soos daar nog nooit gewees het nie en na die feestelikhede het Hennie en Gratia naar Kaapstad vertrek, vanwaar hulle 'n maand daarna weer terug gekeer het naar hulle plaas (De Rust) om in liefde aldaar hulle lewe te slijt.

---

## HERINNERINGE UIT DIE OORLOG.

1899-1902.

---

Baing mense is van oordeel dat, aangesien die destijds onvermijdelike oorlog al gelukkig iets van die verlede is, dat dit nou verweg beter sou wees so min moëlik daar o'er te praat of te skrywe. Want sê hulle: onwillekeurig roep jij met so 'n gesprek of geskrif, die ramspoedige gewaarwordinge wat 'n mens gedurende die smartvolle tijd van beproewing te verduur had, weer voor die gees.

Nou in 'n seker opsig is dit waar, want als 'n mens denk aan al die teleurstelling, teënspood, bitter lijdning, trane, moord en verraad, wat die nooit te vergete oorlog met sig mee gesleep het, dan sou dit vérweg beter wees, om so veel moëlik maar te vergeet.

En tog moet 'n mens nooit uit die oog verlies nie, dat die donkerste onweerswolk tog aan die anderkant deur 'n heerlijk glansrijk, lig bestraal word. En net so wel als wat 'n mens op die donker sij van iets kan let, en dan murmureer, net so goed kan hij op die keersij daarvan kijk, en opgeruimd van gees wees.

Nou dit sal ons doel in die hoofstuk wees, om alleen op die humoristiese sij van die oorlog te let.—nie uit onverskilligheid nie, want ons koester te veel respek vir die edelmoedigheid ten toon gesprei gedurende 'n tijdperk van verraad, veroorsaak deur ons eië bloed; en die roemrijke heldedaden onder leiding van sulke dappere en vermaarde voormanne aan die dag gelê, en wat die wereld met bewondering gade geslaan het.

Nou om dan te begin: Op Magersfontein, was een aand in die forte 'n vals alarm. En toen begin die burgers met skiet. 'n Groot deel egter van hulle het die oorsaak

van die alarm ontdek; en toen so hard hulle dit maar kon, geskree:—„Moe-nie skiet-nie!”

'n Hele ent van die forte af was 'n père-kommando gestasioneer en die mense daar het natuurlik die geskiet en geskree gehoor; maar omdat dit te ver was kon hulle die „moenie skiet nie”, nie mooi verstaan nie, en het dit vir hulle meer naar 'n noodkreet als iets anders gegaan.

Een van die père-kommando boere, met die naam van Izak Bangman, het verskrik en doodsbleek in die stilte van die nag so 'n ruk naar die geskiet en geskree geluister, terwijl sijn hart so geklop het, dat jij die geweldige „doef” daarvan kon hoor.

„Ag hemel mense!” sug hij, „dis die Engelse wat storm. Hoor tog hoe skree ons mense soos hulle van die Lanciers doodgesteek word”. En nog voor dat iemand in staat was om 'n ander opinie uit te spreek, sê hij: „Broeders! kom laat ons bidde”!

Die uitnodiging was so onverwags, dat meeste van die kêrels, om nie te lag nie, moes pad gee.

Twee van die burgers daar, wat ook met bobbejaan dapperheid besield was, het gevolg gegee aan die versoek. En terwijl hulle besig was om te bidde, het die geskiet en geskree al harder geworde, deur dat die lug skerper van die kant van die forte af begin te trek het, en wat nie 'n alte gunstige uitwerking op Izak gehad het nie, want voor dat sijn gebed geëindigd was, spring hij op en skree so hard hij kon, „Broeders, praat met die Veldkornet dat ons betijds retireer!”

Kort daarna het die Veldkornet een rapportrijer afgevaardig naar die forte om die oorsaak van die rumoer, wat toen ook al aan die bedaar was, te ontdek.

Gou was die rapportrijer weer terug—terwijl die verskrikkelike lawaai ook toen al helemaal gestild was—met: „n Vals Alarm!”

Natuurlik kan 'n mens begriip, dat die pere kommando burgers die nag die drie dapper helde maar tamelik bespot het, en met die gevolg dat Izak nog die self-

de nag bobbejaan stuipe gekrij het, en met verlof van die Generaal vollende dag hulswaarts gekeer het, alwaar hij gedurende die oorlog vertoef het.

Kort voor die oorlog, toen 'n mens so baing van dapperheid hoor praat het, had twee vriende, Jan Vrede (wat later gedurende die oorlog 'n vermaarde krijsman uitgedraai het) en Karei Kwaaiman (die te'en o'er gestelde van Jan) 'n gesprek.

Jan merk toen op: „Ja, dit sal mij lot worde, als die oorlog nie kan vermij worde nie, om te gaan veg, en ik moet dit in alle eerlikheid belij dat ik maar tamelik skrikkerig is vir 'n oorlog.”

„Dan is ik en jij glad nie maats nie Jan!” val Karel in, „want waar dat ik ook al in gevaar was, moes die mense mij maar net altoos teë gehou het, en jong, glō mij, op 'n oorlog blij 'n mens net bang tot dat die eerste koël o'er jou heen vlie, dan is als o'er, en jij wil net bloed sien.”

„Jij weet, Jan! ik praat nou van ondervinding wat ik in Magatoland opgedaan het.”

„Ja,” laat Jan hom ewe beslis hoor, „een ding wil ik jou daarom sê, Karel! dat die Magato oorlog niks te vergelijk sal wees nie met die oorlog wat ons altemet gaat krij.”

„Oorlog is maar oorlog!” laat Karel ten slotte hoor.

Die noodlot wou dit so, dat die twee vriende juis langs mekaar op Magersfontein moes posisie inneem.

Op sekere dag het die Engelse in die rigting van die Boer forte, waar ons twee vriende was, 'n beweging gemaak. Karel het toen op sijn hurke gesit en had 'n Henri-Martini geweer, waaraan hij gedurig gesit en peuter het. Dan het hij die slot oop, dan slaat hij dit met alle geweld toe, en ondertusse het hij so gebewe, dat die burgers in sijn nabijheid, en veral Jan, nie kon help om die vreemde handelwijse van hom op te merk nie. En wat nog die ooglopendste was, was dat die lang snorbaard van Karel

nes 'n riet in die water gebewe het, terwyl die ang-sweet hom afgetap het.

„Hoe lijk dit dan nou vir mij, met jou Karel?” merk Jan op.

„Allawereld jong! Moenie praat nie,” se Karel, so bleek als die dood; en laat toe verder daarop volg: „Ik is nou so kwaad, dat ik die laatste Engelsman kan doodbijt!”

„Ja” sê Jan spottend „dit lijk vir mij ook so, maar jij kan jou „drif” maar laat sak, want die Engelse het lank al weer terug getrek”.

Na dat die Engelse deurgebreek het bij Rondaveldsdrift, het Karel ook deurgebreek huistoe, met die woorde van die digter: —

„Ik het mijn boeltje ingepak  
Daar ik Metfords toen hoor knal.  
Ik dag, dat waar hul hou en hak,  
Daar sal maar spaanders val!”

Bij sekere geleëndheid in die Vrijstaat was 'n Boere kommando slaags met die Engelse.

Dit het maar 'n bietjie hard gegaan, maar op slot van rekening moes die Engelse retireer. Gedurende die geveg het een van die burgers, sonder kennisgewing somaar sijn roer neergesmit, en laat vat, so hard sijn bene hom kon dra.

Die veldkornet het dadelik na dat die slag afgeloepe was vir „Bang” Piet (so als hij algemeen genoemd was) laat vang.

'n Rukkie daarna staat Piet voor die Veldkornet om rekenskap van sijn lafhartige gedrag te gee.

„Hoe durf jij dit waë vra die veldkornet ewe verontwaardig, om in so 'n tijd jou medebroers in die steek te laat en weg te vlug?”

„Ekskuus Veldkornet” so begin hij, „Julle sal nou altemet denk dat ik bang is, maar dis glad nie so nie. Mijn hart is net so goed als enig een van julle s'n; maar dis die verflakste twee bene van mij, wat so lol en gedurig

in die moeilikheid laat kom. Als ik nog denk om lekker te skiet, dan vlie hulle somaar op, en hoe dat ik mij ook al teë set,—alles help niks—hulle hol weg!”

Die Veldkornet kon self nie sijn lag vir die uitleg hou nie. En voor dat iemand kans had om iets te sê, val 'n ander burger in met te sê: „Jij weet, Veldkornet! Piet hou hom aan die skrif waar dit sê: „Die laaste sal die eerste wees.”

„Nou wat,” vra die Veldkornet, „het die teks met die saak te doen?”

„Kijk, Veldkornet!” antwoord die man weer, „Piet sörre altijd dat hij die *laaste* in 'n geveg kom, en die *eerste* daaruit!”

„O ja,” lag die Veldkornet, „nou sien ik.”

Die grap het bijgedra, dat Piet met 'n vermaning los gekom het, en die raad gekrij het om, als hij weer in 'n geveg mag kom, dan daardie twee „bang” bene aan mekaar te knoop, so dat hulle nie weer kan weg hol nie. Maar Piet het later gesê, dat sijn bene dit nooit sou toelaat nie.

Die oorlog was skaars twee jaar aan die gang, toen was Frikkie Willemse, behorende tot 'n Johannesburgse kommando al gepromoveerd tot korporaal.

Frikkie had eïentlik nog 'n plan om Generaal te worde. En vollens sijn eië opinie, sou hij die ding reg gekrij het, als hij net nie so bang gewees het nie, en als sekere voorvalle, wat ons hieronder wil vermelde, nie plaas gevinde het nie.

Die kommando waaronder Frikkie geresorteer het, was destijds werksaam in die distrik van Lichtenburg. Hulle was op 'n plaas afgesaal. En aan Frikkie met 'n paar manskappe werd opdrag gegee, om omtrent 'n mijl van die kamp af, net agter 'n bultje 'n os te gaan slag.

Die kerels het toen geloop, en gou-gou was die os dood en afgeslag ook.

Hulle was net klaar, toen gons daar 'n koël hoog

o'er hulle koppe, en maak toen kort anderkant hulle te'en die bult stof. 'n Tweede skoot word gelos, maar die slag weer 'n hele ent te kort. En voor dat 'n derde skoot geval het, het Frikkie padlangs, steun-steun getrap laër toe.

Bij sijn aankoms daar, terwyl hij op vaart was naar sijn perd toe, het hij net met sijn hand agteruit gewijs en toen gesê: „Opsaal broeders, dis spokerij hier agter!”

Frikkie het nie so als die ander burgers, sijn perd afgesaal nie, O ne! hij was te versigtig daarvoor: hij het die saal op die perd se rug laat blij, die toom afgehaal dat hij kon vreet, maar dan was die twee voorpote altoos gespan.

Nou dit was naar die spanpoot-perd wat hij op vaart was, met die toom wat hij in die laër gegriep het in sijn hand. Bij die perd gekom, het hij, sonder om die pote los te maak haastig opgespring en laat trap so vinnig dit onder die omstandigheid kon, terwyl sijn twee hakke en die toom besig was om die vaart te verhaas.

Sulke skielike verrassinge was iets algemeens in die oorlog. En 'n klomp van die burgers het dadelik die bult uit geloop om die oorsaak van die vlug van Frikkie, als dit moëlik was, te ontdek. En tot hulle grootste verbasing siet hulle dat een van die maats van Frikkie, wat gehelp het om die os af te slag, so half kruip van die lag, terwyl hij op weg was naar hulle toe.

Bij sijn aankoms, na dat die lag 'n bietje bedaar het, deel hij die vollende mee:

„Ons was net klaar met slag, toen siet ons, sonder dat Frikkie dit gemerk het, 'n paar van ons kommando mense wat agter geblij het, daar op die bult uitkom. En daar ons wis dat hulle 'n plan had om hom skrik te maak, het ons ook maar, bij die val van die eerste skoot gemaak alsof ons geskrik het, en toen somaar daar wegkruip ook.

Ons wou nog hê dat Frikkie ook maar moes wegkruip, maar daar wou hij niks van hoor nie, en sê toen te danig verwijtend ook: „Ik het nog nie 'n plan om mij

van die khakies te laat vang nie," en met die gesegde het hij laat vat so hard hij kon."

Toen Frikkie nou gewaar, dat daar nie verder geskiet word nie, het hij afgeklim, die spanpote los gemaak, en die toom behoorlik aangeset, en ewe versigtig weer in die rigting van die laër gerij.

Bij sijn aankoms, nadat die oorsaak van sijn vlug aan hom bekend was, wou hij met alle geweld skiet onder die kerels, wat hom so puur verniet die dood op die lijf geja het.

Na dat die veldkornet hom tevrede gestel het, het hij 'n bietjie afgekoel, maar Frikkie het die burgers daarom belowe dat als soiets altemet weer mog gebeur, die spulle-tjie dan tot hulle verdriet 'n ander wending sou heem!

Net omtrent veertien daë na die hierbowe vermelde voorval, was dieselfde kommando op Stilfontein, waar hulle weer besig was om 'n paar baksels brood te bak. Deur dat brood toen al, nie meer 'n alte volop artikel ge-wees het nie, word aan korporaal Willemse opdrag gegee om toe te sien dat niemand sonder verlof, van die brode neem nie.

Kort voor die uitdeling sou plaas vinde, word deur die brandwag gerapporteer dat die Engelse aan die opruk was in die rigting van Stilfontein. Haastig het die bevel van: „Opsaal Burgers!" geval, en so gou als blits was die laatste perd onder die saal.

Bij die geleëndheid was Frikkie net omtrent een mi-nuut te lang opsij. Toen het een van die kwaai jongens twee van die brode gesteel, en dit haastig in Frikkie se saalsak geber. Bij die uitdeel blijk dit toen dat daar twee brode kort was, daar hulle net presies vir elk man van die kommando één brood gebak het.

Frikkie het dadelik die „skelmagtige bedrog" soos hij dit genoem het, aan die Veldkornet gerapporteer.

Die Veldkornet het van die hele affère geweet, maar gee toen daarom, ter wille van die grap, in alle ernst order om al die saalsakke te visenteer.

Frikkie was hoog in sijn skik dat die Veldkornet so handelend opgetree het, en het nog in der haas die gedagte geuit, dat hij maar wil hoop dat dit een van die vaëbonde mag wees, wat hom so verniet met die spanpoot perd laat jaag het. En met die gedagte besield, stel hij voor dat die dief tien houë met 'n duwwelde riem moet ontvang.

„Goed Korporaal” se die Veldkornet, „die straf sal so wees soos jij voorgestel het, soek jij dan maar self die saalsakke deur.”

Frikkie het dadelik begin, en toen hij bij sijn perd kom, wou hij die o'er slaan, maar daarteën het die burgers geprotesteer en moes hij maar sijn eië saalsak ook visenteer, alhoewel hij bewust was dat die vermiste brode nie daarin kon wees nie.

Toen Frikkie so boos als 'n Leeuw aanstap na sijn perd-toe, toen het sijn oë al begin te rek, omdat sijn saalsak so buitengewoon vol gelijk het, en net toen hij die sak oopmaak—hier peul die vermiste brode uit!

Hij wou hom nog verdedig, maar voor dat hij kans had om dit behoorlik te doen, was die vijand reeds in die gesig, en daarmee het die broodkwessie verval.

Gedurende die oorlog was dit waar moëlik 'n algemene gebruik gewees bij al die kommandoes, om bij beurte aan die burgers in die verskillende posisies, vir een of twee daë, naar die aard der saak verlof te verleen om hulle weer 'n bietjie bij die laër te gaan reg ruk, soos klere was, ens. ens.

In een van die posisies was sekere meneer Piet Plooi en hij had ook juis verlof vir vierentwintig uur naar die laër.

Bij sijn aankoms daar, krij hij gewoonlik die een of die ander, wat nie omgee nie om 'n paar shillings te verdien nie, om vir hom die werkies wat hij te verrig had te doen. En in die tussentijd hou hij hom bij die Rooi Kruis, 'n entje buite kant die laër op.

Een van die verpleegsters bij die Rooi Kruis, 'n mooi dingetje, en ou bekende van Pieter was eintlik vir hom die *groot aantrekkingskrag* laër toe.

Maar vang in die wereld aan wat jij wil, en jij moet altijd tot jou grootste leedwese ontdek dat bijna op ieder gebied opposisie is. En so was dit in hierdie geval ook.

Een van die Laër—Korporaaltjies, Klaas Swart, was ook te danig verlief op die noointjie bij die Rooi Kruis; en dit het hom dwars in die krop gesteeke, toen hij dit uitvinde dat Pieter ook daar „vlerk-sleep”.

Klaas het begin plan maak om Pieter daar weg te krij. Maar hoe nou aan 'n begin gekom? A ja! nadat hij sijn kop so 'n bietjie gekrap het, kom die gedagtes! want als 'n reël is 'n Korporaal nog al erg vernuftig; en had ons Klaasie uiteindelik met veel krag-inspanning die ingewikkelde probleem ontsijfer. Hij spekuleer toen hierop:—Dat aangesien dit wet was, dat niemand, met uitsondering van die bevoegde autoriteite, waar hij Korporaal Klaas Swart, een van was, die reg had om saans na nege uur op eiëhoutjie buitekant die laër rond te dwaal nie. En aangezien hij die sterke vermoeding had dat Pieter, seker van aand die wet sal verbreek, deur die laër te verlaat, en dan naar die Rooi Kruis te gaan. Zo zal hij, sodra hij mag ontdek dat Pieter hom skuldig gemaak het, hij als Korporaal, van sijn krijsregte gebruik maak en sijn hatelike teënpartij arresteer.

Die ondervinding van Pieter het hom ook al geleer, dat die lewe van 'n mens maar nie altoos „rosegeur en maneskijn” kan wees nie, en dat jij in die bekoorlikste oënblikke van jou lewe aan teleurstelling blootstaan, en en hij het op grond daarvan ook 'n oog van waaksaamheid ope gehou. Hij wis dat Korporaal Swart vijandig teënoër hom gesind was, en dat die vijandskap, als hij nie virsigtig was nie, nog vir hom kon moeilikheid baar.

Bij die Rooi Kruis was 'n kêreltjie werksaam, Hennie Buis geheet, wat wonderlik baing op Pieter gelijk het. En met die het Pieter 'n o'reenkomst getref, dat als Korpo-

raal Swart die aand altemet mag o'erkom om hom in hegtenis te neem, (want hij had reeds die snuf in die neus) dan moes Hennie die ding so plooi, dat hij in plaas van Pieter gearresteerd word.

Almal bij die Rooi Kruis was danig opgenome met die skema, en alles word toen in gereedheid gebreng om dit uit te voer. En op raad van die verpleegster, o'er wie die hele ontevredenheid ontstaan het, moes Hennie en Pieter nog baatjies omruil.

Alles was in gereedheid, en strijks van tien uur die aand was Korporaal Klaas Swart bij, om die gehate Pieter 'n les te leer wat hij nooit sal vergeet nie!

Onmiddelik nadat hulle bij die Rooi Kruis die teënwoordigheid van Korparaal Swart gewaar het, het Pieter gaan wegkruip, nadat hij met opset sijn aanwesigheid ver-raai het. Waarop Hennie Buis, die ewebeeld van Pieter ewe teneergeslaë en kop voor die bors naar buite stap.

„Ik arresteer jou!” sê Korporaal Swart en gee Hennie nog 'n stoot in die rigting van die la'er. Hennie het maar geloop, niks gepraat nie; en ook niks laat merk nie.

In die laër word hij in 'n tent, vir die doel aangehou, onder 'n sterk wag geplaas; om morre voor die Laërkommandant rekenskap te gee van wat in die oë van die Korporaal, verbreking van die wet was.

Pieter het lekker nog die a'end opgesit, en laat die nag het hij stilletjies onder die waëns deur, die laër binne gekruip; en die vollende morre toen die saak moes dien voor die Laër-kommandant, was hij ook teënwoordig.

Die Korporaal met die voorbij kom, die morre bij die tent waar Hennie als gevangene gesit het, het sonder om te gaan kijk sommer aan die wagte die order gegee om die prisonier aan te breng.

Alles was in orde: die Laër-kommandant op sijn stoel, en hier kom die wagte met Hennie Buis in plaas van Pieter Plooi binne!

Verskrik vra die Laër-kommandant: „Hoe moet ik die ding nou verstaan Korporaal? Ik het gemeen dat die

klagte teën Plooi was, en hier bring jij Buis voor!" en ewe nukkerig voeg die Laër-kommandant daar nog bij: „uitleg asseblief!"

Die Korporaal s'n oë het net gerek! En na dat hij so 'n ruk gestaan en sluk het, stamel hij uiteindelik: „Kommandant! hulle lijk baing eenders, en ik het die verkeerde man gevang."

Maar die Laër-kommandant was glad nie tevrede met die uitleg nie, en het die moedige Korporaal, tot die grootste vermaak van Pieter en almal bij die Rooi Kruis, „vier uur Saalpak" gegee.

Nadat Van Rijnsdorp in die hande van die destijds daar aanwesig sijnde Boere kommando's gevalle was, word deur die Kommandant aan al die ondergeskikte offisiere opdrag gegee, om die Burgers in gereedheid te hou om die vollende morre deur die dorp te trek, daar die plan was, om aan die ander kant daarvan te kampeer.

Daar Van Rijnsdorp bij uitstek langwerpig gelege was, moes die burgers almal in rijë van vier daardeur te perd rij, om 'n nog gunstiger indruk op die inwoners daarvan te maak, wat met blymoedigheid die beweging teemoet gesien het om 'n Boere-kommando deur hulle dorp te sien trek.

Baing van die burgers had rij-muile, wat meestal als pakkdiere gebesig was; en wat hulle ook in baing gevalle, als die nood dit vereis gebruik het om op te rij. Maar in die geval waarvan ons skrywe, was dit speciaal aan die burgers verbode gewees, om, bij die geleëndheid muile te rij; daar dit vollens die oordeel van die Gesag nie nodig was nie, en 'n alte sleg indruk sou maak.

Die vollende morre was alles in gereedheid en dit was werkelik 'n aardigheid om die netjes gemobiliseerde kommando in ogeskou te neem: Elk burger netjes gekleed, teperd op sijn plek; en wag net op die bevel: „Voorwaarts" om in die rigting van die dorp op te ruk.

Kort daarna was die kommando in beweging. Na dat

die kommandant sijn oog o'er die bewegende massa gegooi het, waarvan hij aan die hoof staan, kan 'n mens begriip dat hij met 'n seker mate van trots besield was; wat natuurlik nog vergroot werd deur die bewondering van die inwoners, wat die net georganiseerde liggaam, van hulle stoépe af gade geslaan het.

Maar ongelukkig is die lewe van 'n mens onderworpe aan allerhande wisselvallighede, en in die bekoorlikste oënblikke daarvan staan jij bloot aan teleurstelling, en so was dit ook in die geval van onse kommandant.

Nadat die kommando so 'n ent die dorp in was, ruk die kommandant op die voorhoede sijn perd skielik om, om nog 'n slag die oorsaak, van sijn reeds stijgende hoogmoedige gevoel, noukeuriglik gade te slaan. Maar hemel! wat 'n teleurstelling! Praat van 'n Pauw wat sijn stert jlaat sak als hij sijn lelike voete gewaar? Nou ja—net so was dit met onse kommandant, bij wat hij toen gesien het. Zijn hart was om so te sê, in sijn skoene gesak!

Want in die middel van die lank-bewegende mense-massa, siet hij een van sijn burgers, Frits Blok geheet,—kaalvoet op 'n botter-kop-muil (met name "Hans") sit.

Frits se twee bene steek soos twee stokke weerskante van die muil weg, terwijl sijn voete nogal met wax swart gemaak was, en versierd met 'n paar spore! Frits had ook nog tot die grootste vermaak van die toeskouers, en die innigste leedwese van sijn kommandant, 'n agtien duim swart keil op sijn kop en wat maar danig skuins gesit het ook.

Die kommandant dag toen, dat als hij nou met Frits 'n lawaai gaat opskop, dan sal hij natuurlik, deur die handelwijse die skande nog vergroot; en het Frits toen maar aan homself o'ergelaat en weer voortgegaan, maar met die doel om met hom later af te reken.

In die middel van die dorp, moes die kommando om een of die ander rede halt hou, en toen het Frits die trots gevoel van sijn kommandant nog meer gekrenk,

deur van sijn muil afte klim, en die keil toe ook nog als sitstoel in die middel van die straat, tot groot vermaak van almaal te besig terwyl "Hans" dood bedoord langs hom blij staan.

Buitekant die dorp op die staanplek het die kommandant dadelik Frits laat voorkom, om van sijn, in die oge van die kommandant vernederende handelwijse verslag te doen.

„Kommandant”, so begint Frits „ik was ongelukkig afwesig toen die bevel gegee was met betrekking tot die „muilgeskiedenis”, en daar ik wis dat ons nie op ’n begrafenis was nie het ik maar ’n bietjie plesier gemaak, want die digter sê mos:—

Die wereld is ’n see wat geduriglik bruis;  
Die mens is die boot wat die moet deurkruis;  
Plesier is ’n vrag wat maklik te bekom is,  
So dat hij, wat verdriet laai, maar tamelik dom is.

„Nou ja” laat die kommandant dadelik daarop volg „als dit dan so is dan sal jij de voorreg hê om die wereld vir ’n uur met „Saalpak” te deurkruis.”

Waarop Frits toen aan die Kommandant gevra het of „Hans” hom nie hierin kan behulpsaam wees nie, want dis maar moeilik om so baing goed alleen te dra, en Hans was net so aandadig in die verbreking van die wet als hij, maar hiervan wou die kommandant niks hoor nie, en Frits moes sijn straf maar alleen ondergaan.

’n Dertig man, behorende tot ’n Boere Verkenning Korps was op ’n plaas in die Vrijstaat toen gerapporteerd werd dat eenige honderde Engelse van drie verskillende direksies aan die opruk was in die rigting van die plaas. Die kerels het haastig possie ingeneem, en so goed hulle kon, hulle verdedig; maar die overmag was te groot, en gevolgelik moes hulle vlug.

Een van die burgers, aan wie sekere rapporte toe- vertrouwd was, het gesien dat dit vrugteloos sou wees

om uit te vlug, daar die plaas letterlik, om so te sê, al omringd was van die vijand, en het toen maar onder 'n digte granaatheining ingekruip, en wat ook gelukkig tot behoud van homself en van sijn rapporte gedien het. Vijf van die burgers het tog op 'n wondervol wijze ontsnap, maar die overige vierentwintig werd krijgsgevangene geneem.

Toen die Engelse op die werf gekom het was daar niemand van die plaas se mense, met uitsondering van 'n ou dame, (die eigenaresse), aanwezig nie. Hulle het haar maar so als die gewoonte was, 'n bietje kortaf behandel, en dadelik begin om die huis aan brand te steek.

Sij het toen getrag om van die huisraad, wat haas 'n prooi van die vlamme moes worde, te red, maar al wat deur haar uit die reeds brandende woning „gesukkel” werd, word tog maar weer deur die Engelse in die vlamme gedaan.

'n Mens kan begriip, dat so 'n behandeling die ou moeder nie al te luimig gestem het nie, en wat dit nog erger gemaakt het, was dat alles wat op die werf te vinde was, word ook aangedra om verbrand te worde.

So was daar o.a. op die werf 'n paar mak bijneste wat natuurlik op bevel van die offisiere ook aangedra word om saam met die ander goed verbrand te worde.

Maar die bije wat hulle tot nog toe neutraal gedra het, en nou sien hoe dat hulle neutraliteit van die ander kant beloond word, het maar besluit om gewapend uit te trek om hulle „rusverstoorders” 'n les te leer.

Die bije het dadelik tot groot vermaak van die ou moeder begin woel onder die khakies. En 'n mens kan begriip dat die perdesweet groteliks bijgedra het, om die reeds stekende bije nog geweldiger te laat steek, so dat die Engelse genoodsaak was om sonder versuim op die rug van hulle perde posisie in te neem, en te retireer. Die ou moeder het haar inwendig verheug dat die bije haar so ter hulp gesnel het, en haar in staat gestel het om haar wraak op die retirerende menigte te koel; wat tot haar grootste vreugde so bij beurte van hulle perde

afgetuimel, om met vernieuwde ijver, waar hulle die perde weer in hande kon krij, weer op te klim om tog maar in hemels naam uit die bereik van die kwaadaardige bije te geraak. Terwyl sij van blijdschap, sonder dat sij van een enkele bij gehinder was, gedurig uitgeroep het: „Dankie Heere! Steek bijtjies! Dankie Heere! Steek bijtjies!”

Die burger in die granaat heining kon sijn lag ook nou nie langer bedwing nie, want hij het natuurlik gesien hoe dat die vijand skielik in sirkusmanne verander het, en het toen, toen hij op die werf kom, tot groot verontwaardiging van die ou moeder, uitgebars van die lag, waarop sij gesê het, dat dit verweg beter sou gewees het om die Engelse dood te skiet in plaas van weg te kruip, en na dat sij die slagveld behou het, nou so smakelik te kom lag.

Die bije was nog verder oorsaak dat kort daarna al die gevangene weer bij mekaar op die werf was, van waar ou moedertjie per kar naar een veiliger plaas deur hulle vervoerd werd.

Toen Calvinia gedurende die oorlog weer ingenome werd deur 'n sterk Engelse mag, het die toenmalige daar gestasioneerde Boercommando—ondat hulle te swak was die dorp in besit te hou—maar pad gegee, en so veel moëlik in die distrik geopereer, en baing goei werk uitgerig ook.

'n Sekere dame in Calvinia was erg opgenome met die verandering van Bestuur, en het daar so veel moëlik op toegelê om tog ook maar 'n Engelse officiertjie te schaak! Sij het geen steen onaangeroerd gelaat om haar planne ten uitvoer te breng nie. En skaars was die Engelse twee maande in besit van die dorp, of sij had dit reeds so ver dat haar trou-gewaad ontbode werd! En juis die dag, waar van ons skrijwe werd dit met grote opgewondenheid deur haar en haar aanstaande verwag.

Nou soos ons weet, was die posvervoer in die daë maar nie al te veilig nie, en die pos-kar van Calvinia was glad ook nie 'n uitsondering op die reel nie.

Die commando wat daar in die buurt rond gewoel het, het met groot verontwaardiging, deur een van die Spioene, van die planne verneem van die dame, waarvan hier sprake is. En gevolglik kan 'n mens begryp dat hulle die pos-kar maar tamelik goed dop gehou het.

Op 'n goei dag werd die lang verwagte pos-kar—en ook nie alte ver van die dorp af ontdek; en haastig het die Burgers soheen geja en die kar onmiddelik gestop.

Die posjong was so 'n kort Boesman—van die soort wat 'n mens eerder kan ruik als sien! en wat ook al in die kar mag gewees het, was almal tog o'ertuig dat die posjong gen verbruiker van eau de cologne gewees het nie.

Die kar was goed gelaai met allerhande pakette en briewe van oos en wes, bestemd vir die ingesetene van Calvinia, en onderal was die trouwpakket, onder speciale sorg van die Boesman, ook in die kar.

Nadat die kar gestop was, moes die Boesman afklim, en behoorlik word alle briewe en pakkette daaruit geneem.

Toen die Boesman nou gewaar, dat die pakket waarvan hij spesiaal opdrag had so 'n groot sensasie verwek, toen laat hij hom als volg hoor!

“Die Basies moet nou tog asseblief die ou Hotnot nie kwalik neem dat hij praat nie, maar daardie pak goed wat daardie Basie in sijn hande het is 'n trou-rok van Nonnie K. op die dorp. Sij sal morre met 'n Engelse officier gaan trou, en sij het tog vir Outa so mooi gevra om daardie pak goed op te pas, dan sou sij vir mij bij aflewering daarvan 'n al te mooi persent gee. Die Basie kan maar alles vat, maar laat Outa tog asseblief maar net die een pakkie behou; want als ik sonder die trourok opdaag, dan maak die Nonnie mij seker dood.”

„Ja Outa!” laat een van die burgers daarop volg, „ons is ook nie van plan om die rok vir ons te hou nie, want so ver ik weet het geen een van ons, op die oënblik 'n plan om te trou nie.”

Daarop het hulle die pakket oopgemaak en wat

uit die vollende inhoud bestaan het:—Een wit Satijn Bruids tabbert, 1 kransie van Lemoen-bloeisels, 1 weel, 1 paar wit handskoene, en 1 paar wit skoentjies.

Op bevel van die burgers moes Outa hom ontkleë, waarop hulle dadelik al sijn plunjies aan brand gesteeek het.

„En omdat” so merk een van die burgers op, „ons geen lavendel in die pak gekrij het nie, moet jij die gehele bruidsgewaad aandoen so dat dit kan deursuurd raak van die heerlike Aasvoël-reuk, waarvan outa so rijkelik be-deeld is.”

Daarna moes Outa die gehele bruidsgewaad aandoen, En na dat die Lemoenbloeisel kransie behoorlik bevestig was op die peper-korrels werd die weel netjies daaro'er heen gedaan.

Outa moes toen weer op die kar klim en daarmee voortrijp dorp toe met die vollende instruksies:—

„Outa! jij moet nou sorg dra, als jij nie 'n koël agter jou blaaië wil hê nie, dat jij sorgvuldig in die pad blij tot voor die Nonnie se deur, en sê dan vir haar dat die Basies die duisendste komplemente laat weet. Ander besigheid verhinder ons nou, anders sou ons seker ook morreaand op die bruilof gewees het; en verder als die Nonnie nie wil hê dat Outa met die officier moet trou nie, dan moet sijn maar jou laat strooimeisie wees. Het Outa nou goed gehoor?”

„Ja Basies” laat Outa ewe teleurgesteld hoor. En daar trek die „Bruid” Calvinia toe, terwijl die burgers in skaterlag die voortbeweënde „bruids-kar” dop gehou het!

Nadat die Commandoes onder Generaal Smuts van Ou Kiep teruggekeerd was, het hulle sekere nag bij „Sout Kamas” gelaër; en als naar gewoonte werd die Brandwagte uitgezet.

Dit was die aand, waarvan ons skrijwe, maar bitter koud, en die Burgers in die Laër het om die karre heen—so veel moëlik seile en komberse gespan om die bijtende kouë wind uit te hou, en naar gelang van omstandigheid

*hulle agter die skerms met behulp van Lanterns met een of die ander ding besig gehou.*

Onder een van die karre was 'n geselskap besig met 'n handjie kaart; maar werd toen in hulle tijdverdrijf gehinder deur die aankoms van 'n kaffer, wat deur die Brandwagte opgepak was.

Een van die geselskap onder die kar kon bij uitstek goed kaffertaal praat; en daar dit die enigste taal was waarvan die kaffer hom kon bedien, het die Brandwagte dit goed gedag die gevangene naar Hennie (want so het hij geheet) te neem.

Op versoek van Hennie deel die kaffer toen in korte trekke die doel van sijn koms mee, en werd toen daarna deur die Brandwagte, die hom opgepakt het naar die Commandant vervoer, alwaar die kaffer, deur Hennie die als tolk ageerde die vollende meegedeel het:— „Ik is 'n inwoner van die distrik van Oukiep, en het mij van die begin van die oorlog tot nog toe altoos neutraal gedra; maar dit skijn mij alsof mijn neutraliteit mij maar min gehelp het, want al mijn vee, bestaande uit ongeveer sestig klein vee werd deur die Boere-commando buitgemaak. En graag sou ik nou van die Commandant wil vernem of mijn vee asseblief weer aan mij kan terug gegee worde?”

Met verontwaardiging het die Commandant hom als volg laat hoor:—

Als dit alles waar is wat jij hier vertel het, dan doet dit mij van harte leed, en sal ik seker sorg'dra dat jou buitgemaakte vee weer aan jou sal overhandig worde.”

Daarna het die Brandwagte weer naar hulle poste teruggekeer, en vier ander Burgers werd toen belas met die bewaking van die kaffer vir die nag.

So als ons reeds gesê het was dit maar bitter koud, en die vier wagte op wie die lot van die „wag” geval het, het maar tamelik baing en kort-kort ook op die kaffer geknoop. Want soos hulle gemeen het was die kool „bijmijseksie waar” die sous nie werd nie, en kon die com-

mandant maar vir die nag die kaffer aan homself o'erge laat het. Want mog hij moëlik wegloop dan was hij natuurlikheidshalve sijn vee kwijt.

Aan die ontevredenheid van die wagte het die Kaffer hom skijnbaar maar bloed min gesteur, en hom langs 'n vuur wat daar gebrand het neergetrek om kastig te slaap.

Maar hoe kouër dit worde hoe harder het die wagte teën die besluit van die commandant geprotesteer. En met eens bars die Kaffer tot ernstige verontwaardiging om die wagte in so 'n skaterlag uit, dat jij hom wie weet waar kon hoor, en laat hom toen in pront afrikaans als volg hoor:

„In mijn lewe het ik al die voorreg gehad om baing eenvoudige mense te ken, maar eenvoudiger als julle het ik nog nooit die genot gehad te ontmoet nie!” en lag dan weer so verskrikkelik dat baing van die Burgers kom kijk het wat gaande was.

Die wagte was deur die in hulle oë vreemde handelwijse van die Kaffer totaal uit die veld geslaë. En dag toen, terwijl hulle gebukt met oopgerekte oë met behulp van die flou vuuttjie die vreemde voorwerp gadeslaan dat hij mal was. Maar dit was helemaal mis, want die „Kaffer” was maar een van hulle maats wat, als 'n Kaffer opgemaak, die Laër die aand uitgeloopt was en op 'n geheimsinnige wijze die Brandwagte so ontduik het, dat hulle niks van hom gewaar het nie; en met die terugkeer kastig „per ongeluk” in hulle hände geval het.

Na dat die affère behoorlik ontsluit was, het almal wat daarmee belas was voorgegee, dat hulle van die bedrog volkomelik bewust was. Maar wat sê Horak?

Nadat Ventersdorp in die hande van die Engelse gevall was, was twee van die Skoonspruitse Commando-Burgers op verlof, vir 'n paar daë naar hulle woning langs die Skoonspruit.

Die verskeie mans wat nog bij hulle wonings was, was maar tamelik skrikkerig daar hulle enige oënblik die Engelse tewagte was.

En die minste twijfelagtige gebeurtenis was oorsaak dat menig „dapper held” sijn nagte in eensaamheid in die wije grasvlaktes deur gebreng het, verkiesende liever met die beeste van die veld kwalik gehandel te worde, dan vir 'n tijd die genietinge van 'n Ceylon of St. Helena te hê!

Die twee Burgers op verlof was bewus van die volmoed-retireer-gees wat daar op sekere plaas geheers het, en het toen onderling 'n besluit geneem dat als hulle daar in die donker mag aankom, hulle dan—daar hulle altwee goed kon Engels praat als Engelse sal aanstel en so doende die moedigheid van die Boere daar op die proef stel.

Die plaats, waarvan hier sprake is, het langs die Skoonspruit gelê en die twee vriende het vollens hulle berekening ook net mooi in die donker daar aangekom.

Skoongeskeerd, so als die Engelse die gewoonte had, stap hulle in die rigting van die voordeur, en bij hulle aankoms aldaar begin hulle ook dadelik hard daar aan te klop, en ewig deur gesels hulle net Engels, en boënop nog so hard dat jij hulle wie weet waar kon hoor.

Ondertusse was daar net vier mans in die huis aanwesig. Die vrouens was almal op 'n ander plaats.

Die kerels was alvier aan tafel met die aand-ete, en so als ver wag kan worde was die gesprekke o'er die oorlog, en al die dapper dade van die aanwesig sijnde gaste werd vir die soveelste maal met grote geesdrif weer verteld, en juis werd toen die geklop en Engels praat bij die voordeur verneem.

'n Doodse stilte met gespanne aandag was die gevolg, en waarop een van die geselskap behoedsaam in die rigting van die voordeur met 'n kers gegaan het, terwyl die andere drie vreemde met alle ernst die wending van sake af wag.

Nadat die ou Baas met 'n bewerige hand die voordeur oopgemaak het vra die twee kwajongens op sijn Engels: „Is hier nie Boere nie?”

Met gebroke Engels so goed die ou Baas dit kon, terwyl hij 'n egte type van 'n Transvaler was, antwoord hij: „Mij goeie mense! Nee, nie een nie!”

„Nou ja” vervolg hulle, ons wil daarom die huis inspekteer.”

Met die laatste woorde het die drie vriende in die eetkamer maar alles verlaat, tot hulle roers toe, en maar gevlug in die richting van die spruit, om in die riete 'n veiliger posisie in te neem.

'n Mens kan begryp hoe dat die twee vaëbonde, nadat hulle aan die verlate tafel plaats geneem het, moes gelag hê.

Die agterblywende ou Baas, nadat hij die bedrog achter gekom het, het haastig naar buite geloop, en so hard hij kon die vlugteling weë terug geroep.

Bij hulle aankoms was hulle eers kastig kwaad, maar ter wille van die „grap” het hulle die affêre maar stilswijënd laat verbij gaan.

Een van hulle egter, het daarom dit gesê: „Kerels julle was daarom bang. Wat sal julle nou gesê het als ons julle altwee dood geskiet het?”

„Ja” antwoord een daarop, „dit sal daarom maar moeilik gegaan het. want uit die riete waar julle weggekruip het sal dit maar broekskeur gegaan het om korrel te vat, om nie eens van die donker gewag te maak nie, en van die feit dat julle roers aldrie hier in die huis geblij het!”

Kort daarna het almal maar gaan slaap: die eerste twee met 'n onbedwingbare skaterlag, die ander drie met 'n sug van dankbaarheid, dat dit tog nie regtig Engelse gewees het nie.

## DIE GRUWELDADE VAN DIEPKLOOF.

---

Hermanus Swijnepoel was 'n inwoner van die distrik G. Kaap Kolonie, en eiënaar van die bekoorlike plaats Diepkloof.

Diepkloof was alom bekend vir een van die mooiste plaatse in die distrik, daar dit gelege was tussen twee hoë bergrante in 'n dik, met bome en blomme van allerhande geur en kleur, begroeide vlakte.

Die vlakte, verdeeld deur 'n fraaie bergstroom, waarmee die landerije besproei was, was nie 'n alte uitgestrekte nie, daar die bergrante nie so ver van mekaar verwijderd was nie.

Die woonhuis was 'n groot en pragtige duwwelde verdieping, en met sijn ringmuur en hoog uitstekende lei-dak temidde van die lieflik groen, het dit 'n alte sierlike vertoning gemaak.

Die skoonheid van die natuur met die duisende van voëltjies wat hulle met 'n soet klinkende gesang in die skaduw van die aanloklike lommer vermaak het, en gepaard met die op en neer bewegende veelkleurige skoeppers; was 'n ingrijpende kontras met die karakter van die eiënaar.

Hermanus, alhoewel kort van postuur, was 'n welgeboude man, van omtrent veertig jaar. En met sijn krulhaar, en agtero'er vallend voorhoof, en daarby erg kromme neus, (wat, alles te same genome, 'n sterk aanduiding was van sijn onbeteugelde humeur), het nooit 'n gunstige indruk op 'n vreemdeling gemaak nie, en te meer omdat sijn voorkomst daarby nog seer onvriendelik was.

Dit word algemeen beweer, dat die laagste gesonkene, tog nog altyd 'n siertjie van deug o'erhou, en

niemand sal dit ontken nie, maar in ieder geval was dit uiters moeilik om in Hermanus enige deugd te ontdek. En was daar nog al so iets in hem te vinde, dan was dit totaal verduister [geworde deur sijn kenmerklike wreed-aardigheid.

Die van buiten aantreklike woning temidde van so veel skoons, en vanwaar 'n mens nog die soet gemurmel van die kronkelende bergstroom kon hoor, was ook geheel en al in stryd met wat sijn daarbinnen aangetref het.

Hermanus (die wrede) so als hij ook soms genoemd was, was 'n groot liefhebber van die tekenkunst en het sijn woonhuis van allerhande wrede tekeninge, deur 'n kunstenaar, laat beskilder.

En voornamelik die vertrek, die als sijn slaapvertrek dienst gedaan het, die was op 'n donker blou agtergrond op die muur, van die meest skrikwekkende helse gedaantes voorsien. Daar sag 'n mens temidde van die kunstig getekende vlamme, die helse weses, hulle, in die tegenwoordigheid van verskriklike vuurtongige slange en veelkoppige drake, in allerhande afgrijslike en onnatuurlike vermakinge verlustig!

Hermanus was nooit getroud nie, want so als hij dikwels gesê het, het hij nog nooit die dame aaugetref nie, voor wie hij soveel respek gekoester het, dat hij met haar 'n egverbintenis kon aanknoop nie.

Een van sijn grootste vermake was 'n tiental vaal-swartbek honde, die hij altoos op die werf in die ringmuur aangehou het. En die was so wreedaardig geleerd, dat g'n mens ter wereld dit ooit durf gewaë het, om daarbinnen in te dring nie, tensij vergeseld met Hermanus.

Op 'n wenk van Hermanus was die diere so mak als lammers, maar dan weer, wanneer hij dit verkies, dan sou hulle enig ding, ja self 'n mens, geheel en al verslinder.

Sijn vriende-kring was uitermate beperk, waaronder hij die voorreg had om slegs één te tel.

Die hou die uitheemse naam van Piet Wildhoen, en was in dienst van Hermanus.

Daar is 'n spreekwoord: „Se mij wie jou vriende is, en ik sal jou sê wie jij is.” En als 'n mens die reël gevolg het dan sou dit nie moeilik geval het nie om 'n oordeel te vel o'er die karakter van Piet.

Hij was ook wreed en onverskillig, maar deur dat hij minder skrande was als sijn baas, en uiters geldsugtig daarbij, kon Hermanus hom vir enig vuil werk gebruik en wat hij natuurlik gedoen het ook, so als later sal blijk.

Die swart-volk in die buurt het die heunig agter gekom, en wanneer hulle die oënblik gunstig gèg het, het hulle daarvan gebruik gemaak en van die neste uitgehaal.

Piet Wildhoen was die eerste ontdekker van die heunig diewerij, daar sijn werksaamheid baing keer sijn teënwoordigheid in die bergveld vereis het.

Op 'n goeie dag het hij 'n jong met 'n sak heunig gevang, en daar Piet voorsien was van 'n geweer, wou hij die skepsel sommer dadelik doodgeskiet het; maar deur mooipraat van die Hotnot—met opgee van die heunig, en nog bowe op met 'n losprijs van sijn lewe, was hij gespaard geblij.

Piet het aan Hermanus die hierbo vermelde voorval meegedeel, met uitsondering van die heunig en die losprijs, waarop sijn baas sijn bittere teleurstelling te kenne gee het, omdat Piet die Hotnot niet doodgeskiet het nie.

Van die oënblik af het Hermanus 'n noukeurige wag gehou, en so veel die omstandigheid dit toegelaat het, die bergrante met 'n verkijker gespioneer.

Hermanus het 'n eed geneem, dat als die voorreg hom tebeurt mag val om een van die heunig diewe te betrap, dit dan 'n bietjie anders sal afloop als die reeds vermelde geval.

Op 'n goeie dag, het hij uit een van die bowenste kamer vensters van sijn woning, met 'n verkijker bespeur dat 'n Hotnot met 'n knapsak op koers was naareen van die neste toe.

Haastig het hij zijn geweer geneem, die honde geroep, en in geselskap van Piet Wildhoen, behoedsaam in die rigting van die nes voortgegaan.

Deur dat hij bevreesd was dat die jong hulle te gou mag ontdek, het hij die honde met 'n „Agter jullie!” dadelik in zijn onmiddelijke teënwoordigheid gehou.

Sijn plan was dat als die jong hulle te vroeg mag gewaar worde, dan sou hij hom dadelik doodskiet, maar als hulle hom mag vang, dan sou die sokie seker 'n ander wending neem.

Die stomme Hotnot het van geen gevaar gedroom nie en toen hij die ding agter kom, was die „hende” bij hom. En ongelukkig was hij net op so 'n plek waar hij nie verder kon gaan nie; daar 'n gelijkaaf krans van 'n dertig voet, 'n verdere voorwaartse beweging belet het.

Piet dag toen dat zijn baas die jong sou doodskiet, maar hij had dit mis, want zijn baas had helemaal 'n ander plan.

„Kom af jou ellending!” skree Hermanus, „want ik wil jou van die honde laat verskeur!”

Toen die Hotnot nou die rampspoedige vonnis vernem, het hij begin met soebat en mooipraat, tot dat die trane hom langs die wange afgerol het, maar alles te vergeefs.

Toen Hermanus merk dat die jong huiwerig was om af te klim, het hij Piet Wildhoen geïnstrueer om om te loop, en van af die krans bokant die jong, hom met 'n rotsblok na benede te beweeg.

Wildhoen het so gemaak, en toen hij haas klaar was om zijn instruksies uit te voer, het die Hotnot na bowe gekijk, en met ontblote hoof weer ernstig om genade gesmeek, en daar nog bijgevoeg: dat bij die Heere tog ontferming was o'er hulle misdade, en dat hulle hom tog ook maar moet genadig wees.

Maar net met die laatste woorde van die jong, het Wildhoen, aangevuurd deur Hermanus, die Hotnot van zijn staanplek met so 'n tien pond klip na benede gegooi. En

net toen hij grond vat, word die wagtende honde deur Hermanus opgekommandeer met 'n „vat hom!”.

Dit skijn alsof die diere daar 'n behage in geskep het om hulle bloeddorstigheid te les; en hoe meer dat die arm skepsel gekerm het, hoe heviger was die aanval van die wrede diere en hoe harder het Hermanus en sijn kneg gelag.

Nadat die bitterlike gekerm en gekreun deur die wreedaardige honde in die dood gestild was, word die verminkte en bloed bespate lijk in een van die spelonke veilig weggeberre.

Daarna was Piet Hermanus nog behulpsaam gewees met verskeie ander moorde; en in twee gevalle was die suspisie so sterk, dat Hermanus voor die Juts was, maar deur die geslepenheid van hom self en van sijn advokate, het hij altwee die kere los gekom.

Hermanus het later deur sijn diepsinnige oneerlikheid, Piet Wildhoen ook bedrieë, met 'n paar beeste, wat hij moes ontvang het als beloning, verleend in een van die moorde gepleeg deur sijn baas, waarop die kneg 'n eed geneem het dat hij hom vroeër of later op sijn baas sou wreek.

Piet Wildhoen was getroud met 'n meid (Mietje geheet). Sij was 'n enigste kind van sekere Karools Heskwa.

Heskwa was 'n tamelik welgestelde jong, en het vollens testament alles aan sijn dogter vermaak, want Mietje haar moeder was ook al gestorwe.

Heskwa was nog sterk, en sou na al waarskijnlikheid nog lang gelewe het. En daar Piet toen wis dat vollens testament sijn vrou die eenigste erfgenaam van haar vader was, was dit sijn harte begeerte dat die ou man ook al die ewige rus ingegaan was, so dat hij in besit kon kom van de besitting van sijn skoonvader.

En wat hom meer naar die dood van Heskwa laat hijg het, was so 'n eendere span rooi osse, wat natuurlik deur die dood van die ou ook in sijn besit moes kom.

'n Rukkie daarna het ou Heskwa sommer spoorloos

verdwyn, en so als verwag kon worde het die mense begin om 'n ondersoek in te stel.

En omdat Piet hom nie groot met die naspeur van die saak ingelaat het nie, het iemand, ook belas met die opspoor van die verdwene Heskwa, aan hom gevra, of hij nie moëlik meer, als wat hij tot nog toe gesê het, van die saak af weet nie?

Waarop Piet toen laat volg: „Ja ik was ooggetuie van die moord, maar was bevreesd dat die moordenaar mij ook sou omtlewe bring als ik dit in die daglig stel”. En begin toen met te vertel dat Heskwa en Swijnepoel met mekaar woorde had, en dat hulle nie bewus was van sijn teënwoordigheid nie.

Woord vir woord het hij, van uit sijn skuilplek gehoor, en eindelijk het Swijnepoel, Heskwa met 'n bijl doodgekap. Die bloed van sijn skoonvader het so verskrikkelik ver gespat, dat Swijnepoel helemal daarmee bevlek was.

Na dat Heskwa dood was, het die moordenaar die lijk gaan versteek; en 'n entjie daarvandaan die bloedbespate klere, en die moord-bijl ook.

Alles het Piet sorgvuldig gaan aanwijs. Die lijk van Heskwa was na die lijkskouwing, fatsoenlik herbegrawe.

Die klere en die bijl het die bevoegde autoriteite, in bewaring geneem om dienst te doen bij die rondgaande Hof.

Na die verpletterende getuiënis, was Hermanus Swijnepoel in hegtenis geneem vir die misdaad van moord.

Piet Wildhoen het toen in besit gekom van sijn langverwagte erfenis.

Ag maande na die hierbowe vermelde moord, ontmoet ons andermaal Hermanns weer, maar die slag als 'n ter dood veroordeelde op die skavot, alwaar binne weinige minute 'n einde sal gemaak worde aan 'n skandelik afgelegde lewe.

Voordat die Laksman die strop omgeset het, was op versoek van Hermanus, aan hom verlof verleend om vir die allerlaaste maal sijn stem op aarde te laat hoor.

„Heere"! so begin hij, „dit is mijn treurige voorreg, om julle als 'n ter dood veroordeelde vir die laaste maal toe te spreek. So als julle weet staat ik hier als 'n moordenaar. Dis reg ook!

Reeds het ik in mijn lewe, sewe moorde op verskillende wyse gepleeg; en gevolglik wil ik nie murmureer teën die uitspraak van die Hof nie."

Maar so seker als dat julle mij nou hoor, en ik julle sien, so seker is ik van *die* moord, onskuldig, waarvoor ik binne weinige minute mijn lewe sal moet prijs gee. En vroeër of later sal dit nog blyk, dat alhoewel ik 'n verwerpelike karakter op aarde was, tog in die laatste oënblikke van mijn lewe die waarheid gepraat het."

Onmiddelik daarna word deur die Laksman die strop en mus bevestig en een oogwenk daarna was Hermanus Swijnepoel (die wrede) die ewigheid ingeslinger!

Na die dood van Hermanus het Piet ook uit daar die streek vertrek. En ettelike jare daarna is hij siek geworde. En nierteënstaande hij gebruik gemaak het van alle denkbare middels, het alles vrugteloos geblyk. Hij het bij die dag afgeneem, en vollens almal, wat hom geken het, was sijn einde nabij.

Daar het hom iets op die hart gelê wat hom, so als hij gesê het, van die gewenste dood teë gehou het.

Hij het toen opdrag aan sijn vrou gegee, om 'n hollandse Sendeling wat daar kort bij was te roep.

Eerw. Anderson (want so het hij geheet) het dadelik gekom, en na dat hij die sieke kamer was binne gegaan, word op versoek van Piet die deur dig gedaan, en toe moes die Sendeling die volliende belijdenis aanhoor!

„Meneer Anderson, wat mij tog so swaar op die hart lê, en wat mij van die dood terug hou, wil ik aan jou openbaar. Ik voel mij gedronge, dat ik verplig is, voor mijn dood 'n seker geheim bloot te lê.

„Ik was die moordenaar van mijn skoonvader, en nie Swijnepoel nie. Ik was die skuldige en hij die onskuldige. Dit was ik, wat in sijn plaas moes gehang het.

„Deur dat ik verlangend was naar die erfenis van mijn vrou, het ik hom in die eensaamheid met 'n bij doodgekap. Maar voor dat ik tot die moord o'er gegaan was, het ik 'n pak klere van Swijnepoel gesteel. Die klere het ik toen aangetrek, en soveel moëlik met bloed besmeerd en toen sorgvuldig weg geberre. Daarna het ik alles so uitgebrenge dat die blaam op Swijnepoel geval het en waarvoor hij sijn lewe in geskiet het. Die rede waarom ik dit gedaan het, was omdat Swijnepoel mij met die beloning vir assistensie aan hom verleend bij verskeie moorde, bedroë het”.

En voor dat die Sendeling kans had met hom verder te praat, het Piet Wildhoen die doodsnek gegee.

---

## DIE ONDERVINDING VAN 'N TOGRIJER.

---

Meneer Johannes De Vries, (oom Jannie, soals hij in die wandeling genoem was) was 'n inwoner van die Paarl; en 'n togrijer van beroep.

Sijn handels-terrein was die geweste van Calvinia, Sutherland, Fraserburg, en Amandelboom.

Nou deur sijn vriendelike en fatsoenlike omgang met almal, en nog meer omdat hij altoos opgeruimd van gees was, en nog gesellig daarbij, kan 'n mens begriip dat hij, waar hij ook al gekom het, altoos welkom was.

Oom Jannie het sijn vaste klandisie in daardie distrikte gehad, wat vir hom 'n goeie wins afgegee het. En *die* jaar waarvan ons hier skrijwe, was hij juis van plan om sijn togrijerij te staak, daar hij, so als die algemene spreekwijze is: „genoeg had om van te lewe”.

Hij was juis weer met 'n handelsvrag op Tuinplaats, in die Karroo aangekom. En daar dit toen net 'n Nagmaals geleëndheid was, was al die Karroo-boere nog daar versamel, alhoewel die kerk-geleëndheid al verbij was.

Die aankomst van oom Jannie het algemene blijdschap verwek; en nadat hij die vriende almal, wat hom bij die wa kom verwelkom het, gegroet het, word die trekdieren uitgespan en besorre.

„Alle wereld oom Jannie,” merk Koos Bul op, „jij het daarom die keer langer weggeblij als gewoonlik, en jij kan jou maar gerus klaar maak om hier om te draai; want ons is 'n mooi klompie boere hier bijmekaar, en so ver ik weet het almal baing goed nodig.”

Ondertusse is die geselskap bij die wa aangegroei, en so goed die omstandigheid dit toegelaat het, op veldstoeltjes en klippe plaas geneem, en een-twe-drie was die gesels in volle swang.

Nadat die kerels so hier-en daaro'er gepraat en gelag het, vra Klaas Esterhuis: „Maar oom Jannie, het die togrijerij jou nog nooit verveel nie?,” „Nee waarom?” vra oom Jannie, en vervat toen verder; „Ik glo nie dat ik ooit 'n nering kan drijwe, wat vir mij *kan* bekoorliker wees nie. Kijk! laat hij verder daar op volle, elk een in *die* lewe het 'n beroep, wat dit ook al mag wees. Baing is daaronder te vrede en voorspoedig ook, baing weer, die teeno'ergestelde; maar natuurlik, die voor- of teenspoed hang groteliks, in die eerste plaas, af van die nering wat jij drijwe en in die tweede plaats, of jij wel geskik is vir die werk wat jij uitoefen.

„Iemand het eenmaal die verskillende beroepe op aarde, vergelyk bij 'n bord met gate van allerhande formaat daarin; en die persone wat die verskillende beroepe volle, als penne wat netjies in die gate pas. Maar nou sê hij, tref jij dit maar alte dikwils so aan, dat jij die driekant pen in die vierkant gat vinde, terwyl die ovaal pen in die ronde gat ingepers sit, en so voort.

„Nou niemand kan dit betwis nie, dat die professies op aarde, in talrijke gevalle, deur verkeerde persone bekleed worde; want alte baing keer is dit die geval dat jij 'n David agter die skape aantref, terwyl 'n eselwagter sijn plaats op die troon inneem. Maar gebeur dit nou dat iemand die ambt opneem, waarvoor die Voorsienigheid hom bestem het, dan word sijn lewe nie alleen een van vreugde en vooruitgang vir hom self nie, maar wek algemene respek bij sijn hele omgewing op. En die mooiste van al is, dat dit dan glad nie daarop aan kom nie, wat vir 'n professie jij dan volle, solang jij maar daarvoor geskik is. En dan word jou werkkring vir jou 'n natuurlike, en gee ook nie juis aanleiding tot bedrog nie. Daaren'teen weer, die man wat 'n verkeerde roeping waarneem, blij gewoonlik sijn hele lewe deur 'n sukkelaar, en in baing gevalle gee dit aanleiding tot oneerlikheid. En wat ik nou hier sê, weet ik met sekerheid dat dit so is, want die ondervinding het mij dit geleer.

Vollens die oordeel van mijn vader, moes ik procureur worde, en was dan ook als een opgelei, maar glo mij, nietteënstaande ik mijn eksames met lof afgelê het, kon ik tog maar met die procureurskap nie vorder nie, en was genoodsaak die ook maar later weer op te gee, en toen is ik Togrijer geworde.

'n Mens sou sê dat die sprong tamelik vernederend was; maar dan sal dit helemaal verkeerd wees; want toen was ik werkelijk in die vak waarvoor ik aanleg had, en mijn hele lewe deur. (met enkele uitsonderinge hier en daar) was een van voorspoed; en kan ik nou, die hemel sij dank, vollens die begeerte van mijn vrou en kindertjies met hulle stil gaan lewe."

„Nee, neë val almal te gelijk in, „dit moet jij nou nie doen nie oom Jannie, want ons is nou al so gewoon aan jou, dat dit moeilik sal gaan om met 'n ander o'er die weg te kom".

„Nou ja" laat oom Jannie hom hoor, baing dankie vir die vertrouwe en belang wat julle in mij stel, maar daaro'er kan ons later praat, maar wat ik nou eindelijk als antwoord op die vraag van neef Klaas wil sê is: so 'n lewe, mijns insiens, kan 'n mens nooit verveel nie; want deur dat jij gedurig met verskillende soorte van mense in aanraking kom, en in baing gevalle, die wel of wee, wat die mense, te verduur het, moet saam maak, kan julle begriip dat so 'n lewe nooit kan eentonig of vervelig worde nie"

„Ja oom Jannie, val 'n ander spreker in," ik begriip dit goed, dat as 'n mens so baing moet rondreis, hij dan so wel met die boos- als met die rooskleur kant van die lewe in aanraking kom".

„Natuurlik" sê oom Jannie! en baing mense het die manier om net op die donker kant van alles te let, en word dan gevolgelik mismoedig—ander weer, let net op die ligsij van alles, en word onverskillig, maar ik meen dat 'n mens so wel op die een als op die ander kant van alles moet let, en soedoende die lesse wat daaraan verbonde is sorgvuldiglik moet leer"

Maar nou wil ik julle 'n paar van mijn ondervindinge meedeel, wat ik hoop dat julle sal interesseer."

„Ja ja" roep almal tegelijk uit, dis nog vroeg, en ons het almal baing tijd ook, en daar oom Jannie nie sal nodig hê om verder te rij nie, glo ons nie dat 'n bietjie gesels 'n alte groot inbreuk op sijn tijd sal maak nie" „Ag nee wat kerels," antwoord oom Jannie, „bekommer julle daar maar nie o'er nie. Ik het baing tijd" En hij begin toen ook :

„'n Paar maande gelede was ik op 'n plaats aangekom, en ontmoet toen daar 'n ou bekende, en ag mense! net die innerlike verdrietige trek wat op die man se gelaat te lese was, was voldoende om jou hart te laat breek. Bij 'n vraag van mij wat hij mankeer, antwoord hij snikkend, dat hij met vrou en ses kinders nog maar vir veertien dae gelede in volkomene gesondheid verkeer het, en dat sedert die tijd die vrou met al die kinders, aan die witseerkeel gestorwe was, en dat hij, terwyl hij bij die rand van die dood omgedraai het, alleen o'er geblewe was om die smartvol verlies te betreur. „Ag" sug hij, waarom het die Here mij ook nie maar liewers weggeneem nie?"

„Bij 'n ander gele'genheid weer," vervolg oom Jannie „was ik op 'n plaats, een aand laat aangekom, en dit was ook bekende van mij. En net toe ik voor die deur stil hou, hoor ik so 'n verskrikkelike lawaai binnen in die huis; en daar ik wis dat die man en vrou voorbeeldig met mekaar gelewe het, is ik tot die konklusie gekom, dat daar iets verkeerds moes gaande wees.

„Ik het toen dadelik mijn perd vasgehaak, en om die huis geloop om bij die agterdeur te kom. Die was toe ook oop, en ik stap toen regte versigtig binnen in die kombuis, vanwaar ik in die voorhuis, (waar die lawaai was) deur 'n middel-deur, wat ook oop gestaan het, kon sien."

„Daar dit nou donker in die kombuis, en weer lig in die voor-huis was, kon ik natuurlik onopgemerk alles gade slaan."

„Die toedrag van sake was so:—Die man was weg van huis, op besigheid, en die vroultjie was alleen.

'n Boesman wat op die plaats gewoon het, en met wraak te'eno'er die vroultjie besield was, het van die gunstige geleëndheid gebruik gemaak, en wou haar toen vermoor.”

„Nou kan julle begryp hoe dat sij gehuil en gesoebat het, terwyl sij besig was om rondom die tafel, wat in die eetkamer was, vir haar lewe te vlug, terwyl die Boesman weer alle kragte ingespan het, om haar in die hande te krij, en te vermoor met 'n lang slagters mes wat hij in sijn regterhand had.”

Sodra die Boesman nou met sijn rug na mij toe gekeerd was, stap ik behoedsaam nader in die lig, en maak dan allerhande beweginge met mijn hande, om haar aandag te trek; want ik was bevreesd dat sij sou mismoedig worde, en ingee voor dat ik kans had om die Boesman te bespring. En net toevallig siet sij mij, en ag! nog kan ik, als ik 'n tekenaar was die blijmoedige trek wat op haar gelaat was, afteken, bij die ontdekking dat daar iemand was om haar te verlos.

Oënbliklik laat sij haar toen tamelik barstig hoor, sonder om mijn teënwoordigheid te verraai: „Jou ellendige Boesman! ik is nou al lank moeg vir jou gelol, en ik sal daar nou ook net niks van maak nie, en slaat jou harspan inmekaar met 'n stoel.”

„Noueliks was die gesegde uit, of die Boesman was tweemaal so woedend, nee sê hij (tamelik welsprekend ook; want hij het bij hulle groot geworde) daar o'er hoef jij jou nie te bekommer nie, want als jou man morre thuis kom, sal mijn kop nog in orde wees, maar jij sal nie die eer hê om iets van vanaand se geskiedenis te vertel nie.”

„En net met die woorde, was meneer Boesman mooi onderskoot en ik stap toen soetjes nader, en voor hij wis wat gaande was het ik hom aan sijn baatjie se kraag beetgepak, en agter o'er geruk, terwyl die mes hom van skrik uit die hande geval het.

„Die vroujie het een-twee-drie 'n riem gebreng, en ik het die meneer (nadat ik 'n goeie afrekening met hom gehou het) hande-vier-voet vas geknoop.

„Pas was ik klaar, of hier was die man onverwags thuis gekom.”

„Ik moes die aand nog verder, en was sedert die tijd nog nie weer daar gewees nie.”

En wat is van die Boesman geworde oom Jannie?" vra Piet Geldenhuis. Oom Jannie het net sijn een oog toegeknip, en so met 'n laggie gese:—'n mens kan denk wat jij wil, maar mag nie sê wat jij wil nie". „Ja vul Berend Jooste aan, „en 'n goeie begriper het maar 'n halwe woord nodig.”

„Op 'n goeie dag" vervat oom Jannie, was ik in die geweste van Calvinia, op 'n plaats aangekom, en net toevallig was daar 'n lijkrede aan die gang.”

„Die opkomst was biesonder groot, deur dat almal, waarlik medelijde had met die bedroefde ouërs, daar die lijkie dat ter aarde bestel sou worde, 'n enigste seuntjie was.”

„Die predikant was verhinder geworde, en kon nie daar wees nie, so moes 'n ouderling maar, so goed hij kon die diens waarneem. En die rede was nog al tamelik naar die omstandigheid, nietteënstaande hij baing keel-skoon gemaak het; maar met die singerij het dit maar reg-reg smoor gegaan; want die gesang het hulle helemaal te hoog ingeset, en met eens skree so 'n ou grijsbaard kerel, met so 'n baster hees stem: stop broeders! dis glad te hoog, julle sal in der ewigheid nooit uitkom nie! en hij set toen weer in, maar ongelukkig, 'n goeie noot of drie te laag! Maar toe kon julle hoor hoes en keel skoon maak.”

„Hulle het toen nog 'n slag probeer, maar die keer het 'n niggie die voortou geneem, en set die gesang toen met een van daardie kriekie-stemme in; maar mintig! toe het almal sommer hardop uitgebars van die lag; want dit was totaal 'n verkeerde wijs! En nadat sij so 'n lijn of

twee alleen gesing het, en uitvond dat die musiek *te min* was vir die woorde, spring sij op met altwee die hande in haar sij, en so rooi soos 'n kalkoen-mannetje skree sij: „Hoe lijk dit vir mij, of julle wil hê dat ik moet alleen sing?” En voor dat sij nog verder kon praat, het die ouderling ook so, „onder 'n hoebui vir haar gesê: Nee stop maar Niggie, ik denk ons sal die singerij maar vir die oënblik staak—en hulle het so gemaak ook.

Ik het naast die ouderling gesit, maar het toen ook maar onder die omstandigheid gedag, dat dit beter was betijds te retireer, en hoe dat dit verder met die diens afgeloop het, weet ik nie. en ik het ook nie eindelijk moeite gemaak om uit te vinde nie.”

„Een dag” vervolg oom Jannie, was ik op Calvinia, en daar was net 'n groot vendutie aan de gang. Tegelijkertijd was daar nog 'n ander togrijer teenwoordig; en die man had 'n vaatjie drank ook op zijn waëntjie; en hij het ook sommer begin om sopies links en regs uit te deel, met die gevolg, dat toen die afslaër begin, die o'ergroot meerderheid van die kopers hoenderkop was. En gebeur dit nou dat iets toegeslaan word op een of die ander, dan skree die persoon sommer: „dis fout, boet, ik het nog nie gebieë nie.” En vra die afslaër dan wie se bod dit was, dan krij hij so 'n klomp deurmekaar antwoorde, dat hij daar g'n kop of stert van kan maak nie. Toevallig val zijn oog op die bron van zijn moeilijkheid, en met eens wijs hij zijn vinger vir die togrijer, en voeg daar nog bij: „So meneertje' die spulletjie sal jou daarom duur te staan kom!

Die togrijer siet toen dat zijn onskuldige vermaak, vir hom moeilijkheid kan baar, en het toen maar dadelik ingepak en laat vat. Hij was ook 'n tamelike ouëlike kalantjie, en het ook 'n berekening gemaak, dat die afslaër altemet vir hom 'n strik kan stel, en het toen maar gedurig zijn besigheds oog oop gehou.”

„Nadat die togrijer vertrokke was, het die afslaër

haastig 'n jong op 'n perd geset met nog al 'n gemerkte tien shillings stukkie, en hom geïnstrueer om met 'n ander pad die wa voor te ja; die perd dan te versteek, en dan te maak als of hij helemaal van 'n verkeerde koers kom."

Die jong het so gemaak ook. En toen hij bij die waëntjie kom, hou die togrijer stil, om te hoor wat dat hij wou hê.

„Middag Basie, begin Outa ewe beleef, middag mij jong, groet die togrijer terug. „Waar gaan dit heen?"

„Basie, mij ou vrou is baing siek, en ik het kom hoor of die Basie nie tog asseblief vir Outa aan één bottel Brandewijn kan help nie; waarop hij die tien shillings stukkie uithaal, en presenteer."

Die togrijer het niks laat merk nie, en die geld geneem, en na dat hij so 'n ruk in die waëntjie rond gesnuffel het kom hij met 'n ronde langwerpige pak te voorskijn, en druk dit in die jong se hande, wat hom verbeel het, dat hij sijn doel bereik had.

Die togrijer het dadelik die lijsels opgetrek, en weer laat vort stap.

Die Hotnot het haastig die pakkie oopgemaak, en tot sijn grootste teleurstelling, ontdek hij dat dit twee swart voersisse was. Haastig hol hij die wa agterna, en sê toen ewe teneergeslaë: „Mij Basie ik wil tog assembleief nie voersisse hê nie.

Ja, laat die togrijer hom hoor, hou maar die swart voersis, mij outa, dis baing beter als brandewijn, en jij kan nie weet nie, dalk gaat jou vrou nog dood, dan kan jij sommer met eens rou ook.

En hoe dat outa ook al teëgepraat het, op slot van rekening moes hij maar te'en wil en dank trap met die voersisse.

Die afslaër het gedurig sijn oog in die rigting van die waëntjie gehou, en uiteindelik siet hij tot sijn grootste blijdschap, daar kom outa, en wat nog mooier was, hij had so 'n pakkie bij hom wat op die voorwerp van ver-lange gelijk het.

En net toen outa stilhou was hij bij, en vra toen:

Het jij hom, outa? Maar die Hotnot praat niks, en gee net die pakkie vir sijn baas. Dadelik het die afslaër die pakkie oop gemaak, en ontwaar toen tot sijn grootste teleurstelling, dat dit twee voersisse was in plaats van die lang verwagte brandewijn. Verontwaardig kijk hij dan naar die Hofnot, dan weer naar die voersis, en eindelijk vra hij: Pistoool (want so het die Hotnot geheet), wat beteken dit? Seur, antwoord die Hotnot, ik het net so gemaak soos seur vir mij gesê het, maar ik kon niks anders uit die togrijer gekrij het nie. En, val sijn baas hom in die rede: Jou onnoosel! het jij dan niks gesê nie? Ja, seur, wat ik ook al gesê het, die baas het net daarbij geblij, die voersis is baing beter als die brandewijn; en als jou vrou dood gaan dan kan jij nog rou ook.

Nou ja, val die afslaër in: jou ellendeling! vat nou die twe voersisse, en loop gee dit vir jou meid, en vrek dan asseblief dan kan sij vir jou rou, en dan het die togrijer tog ook sijn sin gekrij.

„Op Sutherland,” gaat oom Jannie voort, „het ik baing vriende gehad, en het dan ook regte dikwels daar gekom, en ik kan julle vertel dat dit in die goeie ou daë 'n plesierige plekkie was.”

Daar had hulle die gewoonte, dat als 'n paar gaan trou, dan kom 'n hele boel kerels bijmekaar bij die besigheid van 'meneer Fuller, vanwaar gewears en ammunisie verstrekk werd, om, als die bruid virbij kom naar die kerk toe, en weer terug, dan 'bij elke gele'endheid 'n eere-sjarsie te skiet.

Die gewears het almal eenders gelijk. Sulke kort voorlaaier bukse, en jij kan daar die loope verskrikkelik dik was, bijna 'n voet-en-'n-half-skoot daar op laai, sonder om bevrees te wees dat hulle sal bars.

Een van die klerke in daardie besigheid, 'n opperste kalandtjie, was altijd belas met die laai van die gewears, en alhoewel dit maar altoos loskruit skote was, kan jij glo dat hij goed sorg gedra het, dat hij nooit te min kruit ingegooi het nie.

Pas was dit klaar met die laai van die geweeers, of daar was 'n uitroep: Daar kom hulle! 'n Tien, twaalf kerels val toen in om die sjarsie als naar gewoonte te los.

Dit het tamelik afgeloop (alhoewel die skote maar baing har-1 was), met uitsondering van een ou kerel: Sijn roer was maar 'n bietjie straf gelaai gewees, en net toen sijn beurt kom, slaat hij los! En die slag was soos die van 'n jong kanton; en die ou, so ne'en-en-ne'entig, been-in-die-lug! Alla kragtie! sê hij, dit lijk vir mij julle wil 'n mens verongeluk! En met eens vlie die ou daar om, reguit winkel toe, en vra toen die kruithoorn. Hij sou vir die tweede sjarsie liewers self laai, en laai toen ook die roer, so omtrent 'n twee-vinger skoot op, en set hom toen neer.

„Hij het 'n entjie opsij gegaan, toen het die klerkie 'n ander geweer geneem, en hom 'n goeie negeduim skoot opgelaai, en die geweeers omgeruil”.

„Alles was in orde, daar kom die bruid terug van die kerk af.”

Haastig neem die kerels weer posisie in, en na gewoonte word die skote gelos, maar toen dreun dit net een streep deur soos donderweer—aanmekaar, en toen die ou kerel se beurt kom, los hij die skoot. En nes die pan brand, stijer die ou so agter o'er, nes 'n os wat 'n ko'él gekrij het. Die ou sou daarom nie geval het nie, maar sijn voet het aan 'n wortel gehaak, en hij slaat agter o'er in 'n dam water, dat die modder so spat! 'Alla skepsels ons!' sê hij, onderwijl dat hij aan die opstaan was, so 'n ellendige roer is baing vuil, want ik het hom so 'n klein skootjie gelaai, en nou skop die vuilgoed eers reg-reg!

Kort na die voorval, hierbo vermeld.” vervolg oom Jannie „was ik teënwoordig bij 'n gesprek, wat daar plaas gevinde het tussen 'n Boertjie en 'n Duitser.

„Die Duitser- 'n procureur nog al, het so 'n veragtelike gees o'er die boere uitgeweië, wat so als julle

kan begriip die boertjie dwars in sijn krop gesteek het. Toen hij nou meen dat die Duitser genoeg gesê het, val hij hom ook op net so 'n veragtelike manier in die rede, deur te sê: „Kijk hier Schmidt!” (want so het die Duitser geheet) „ik wil jou ook iets vertel. Jij weet die duwel het gesante wat hij geduriglik uitstuur om siele te soek”.

Op 'n goeie dag, het hij weer een van sijn afgevaardigdes uitgestuur, en die het biesonderlik lank weg geblij; maar daag toen uiteindelik met 'n siel op, „Waar” vra Beëlsebul ewe nukkerig, „het jij so lank weggeblij?”

Verskrik antwoord die gesant: „ik het bij die sterfbed van hier die Duitser gesit”. So boos als 'n Duiwel kan worde, brul Beëlsebul: „Jou ellendeling weet jij nie dat ik al vir jare mij orders afgegee het, om julle nie met die Duitsers te bemoei nie? Julle weet mos goed hulle kom van self! En meneertjie „vervolg Beëlsebul, dit moet die laaste keer wees. Pas op nou, of die ding sal nog met jou skeef afloop! Waarom woeker julle nie meer onder die Boere nie?”

„Na die aanmerking het die Duitser ook nie verder gesels nie. Hij het net so 'n paar slaë keel skoon gemaak en gesê dat hij baing haastig was, en toen maar laat vat ook.

Vir 'n paar maande gelede was ik bij ou oom Hans Gulsig in Hantam en julle weet die ou is mos maar vreeslik geldsugtig”.

Hij had 'n klomp perde wat hij wou verkoop, en net so lank ik daar was, kom daar 'n perde-kooper, en die had 'n geweldige bladsak om die lijf.

„Na dat die kerel gegroet het, vra hij vir oom Hans, of hij nie perre het wat hij wil verkoop nie. 'Ja, ja' sê oom Hans, tedanig uitasem van bijjdskap dat hij die pêrde kon verkoop. Ja ik het net 'n mooi klomp pêrde, mij neef, vet en goedkoop ook! Maar gedurig had die ou sijn oog maar net op die bladsak!

„Nou ja oom” sê die spekulateur, „kan oom nie die

pêrde gou laat aankom werf toe nie?" „Ja, ja mijn neef, netnou netnou!" en nog kon hij maar sijn oog nie van die bladsak af hou nie.

Met eens draai die ou om, sê toen aan sijn seun, wat in die nabijheid was „Jannie, mijn kind, hol gou en haal pêrde. Maak gou mij kind!"

„Jannie het met eens geloop en hij was omtrent 'n honderd treë van die werf af. Toen maak die pêrde koper die bladsak so stadig oop, en haal toen daar uit 'n sakkie twak te voorskijn, en vra ewe beleef of oom Hans nie wou rook nie? Maar ag! kon julle die gelaat van die ou toen gesien het! Daar was so 'n vies trek op, dat 'n mens kon denk dat hij per abuis asijn gedrink het. En voor dat hij iets gesê het, ruk hij sommer skielik om, en skree so hard dat jij hom bijna 'n mijl ver kon gehoor het."

„Jannie-êe! Jannie-ee! Kom ma-a-ar! Dis twa-a-ak! En wat die pêrdekooper ook al gepraat het, alles het niks gehelp nie—oom Hans wou nie met hom besigheid maak nie; want so als hij later gesê het: hij gaat nie die pêrde vir twak verruil nie."

Daar dit nou al laat was, het die geselskap opgebreek, en het oom Jannie nog bij die meeste tente aangegaan om al die vriende te groet.

Die vollende morre word die wa afgepak, en dit was net soos Koos Bul gesê het. Oom Jannie kon daarvandaan tot die grootste leedwese van almal, terug keer na sijn plaats nabij die Paarl, om vir die o'erige van sijn daë gelukkig stil te gaan woon.

---

## ALBERT BAARTMAN EN DIE KATTE.

---

'n Mens hoor so baie van spoeke praat en van die nare gedaante waarin so 'n ding hom altoos in die nag kom voorstel. Ag die verhale is somtijds so verskrikkend dat jou hare, (dit wil sê als jii nie kaalkop is nie) moet o'erent staan. Wonderlik egter is dit, dat jii maar selde die man op die lijf loop wat self 'n spook gekrij het. In die meeste gevalle, het die persoon wat met soveel ernst en geesdrif vertel, ook maar „gehoor”—Ja die meeste gevalle van spook stories is maar tradisie of o'erlewing.

Nou wat dat 'n mens ook al o'er spook stories seg of denk, blij dit tog 'n feit, dat duisende mense vas in die bowenatuurlike wesens glo. Duisendende weer, die teën o'ergestelde.

Baie mense, wat glad nie vir 'n spook bang is nie, kan met die grootste gerustheid op 'n kerkhof slaap, sonder om die minsle gevaar te loop van so'n bose gees te ontdek. En baie weer, wat vir die goed skrikkerig is, blij, als dit donker word, so veel moeilik van spookplekke af, en loop tog, waar hulle dit die minste verwag het, die afgrijslike goed op die lijf.

En dit was werklik die geval met meneer Albert Baartman.

Hij was 'n inwoner van Victoria West: 'n deur-en-deur goeie ou siel, maar ag! tog so bang vir spoeke.

Ja die ou was vir 'n spook net so bang soos die duiwel vir 'n slijpsteen.

Victoria West had meestal water erwe, wat besproei werd deur 'n fontein stroom. Nou die stroom was nie van die sterkste, wat ons al gesien het nie. En was in die dage, waarvan ons skrijwe, ook nog al digterlik besonge; so als die hieronder vermelde versies sal aantoon:—

Die municipaliteit stel voor  
 Hier vir 'n dag of wat:—  
 „Dat al die honde word vermoor  
 Wat gen „ticket” om had!”

\* \* \*

Insteë van so 'n nare wet,  
 Sou ik dit graag begeer,  
 Dat hulle op die water let;  
 En hang g'n honde meer.

Want kijk! die stroom wat dorp toe stoot  
 Is regte swak, let op!  
 Als ik gaat lê, ik drink hom dood,  
 Daarvoor set ik mij kop!

En als tijd van die betaling kom  
 Versuim hul' glad geen uur;  
 Jij wil nog praat? jou tijd is om!  
 Betaal jou waterhuur!

Hieruit sal die leser sonder enige tege-redenasie kan aflei, dat dit nie 'n alte beroemde stroom moes gewees het nie. En gevolgelik moes 'n mens volkome gebruik gemaak het van sijn waterbeurt, want deur die skaarsheid van die artikel, was die beurte maar tamelik iank uitmekaar. En slaat jij dan so 'n beurt o'er dan verdroë die goetjies, wat jij tot so ver, kan jij maar sê, groot gesukkel het.

Die helfte natuurlik van die waterbeurt het in die nag geval; en waaronder, tot sijn grootste leedwese, Albert sijn ook inbegrepe was.

Albert het 'n jong gehad wat altoos moes waterlei, maar die het ongelukkig, skielik siek geworde, en toen die aand, laat ook maar, laat weet dat hij onmoëlik nie morre kan kom, om die water te lei nie.

Deur dat dit nou al donker was, kon Albert ook nie meer uitgaan, om 'n ander een te soek nie. En was toen eers van plan om maar sijn beurt, die nag om twaalf uur o'er te slaan, maar daarvan wou sijn ou vrou glad nie hoor nie; en Albert moes teën wil en dank, watter planne

hij ook al gemaak het om los te kom, op die ou ent maar ingêe, en die tnin die nag self nat lei.

Precies die nag, kwart voor twaalf, het die ou vrou Albert uitgewoel, om met die water leierij te begin.

Hij het ook dadelik sonder tegepraat opgestaan, en aangetrek; en al die moed wat hij nog had, bijmekaar gegrabbel, en getrag om aan hom self wijs te maak, dat dit pure bog was om vir so 'n niets beduidende ding als 'n spook bang te wees.

Fluit-fluit het hij die huis uitgestap, en voor die agterdeur die graaf geneem, en toen met die water lei 'n aanvang gemaak.

„Ag!” dag hij, toen hij die tuin instap, want sijn moed was toen al reeds aan die sink, „dis daarom maar baing donker; en ik wonder hoe kan mijn waterbeurt al maar deur in die nag val. Waarom kan die ellendige municipaliteit, dit nou nie net so goed in die dag maak nie!”

En met eens verander sij gedagte. Hij dag toen aan 'n huis, kort bokant sijne—in dieselfde straat, waaraan maar 'n treurige geskiedenis verbonde was.

Dit was vertel geworde, en algemeen geglo ook, dat die eerste eiënaar van genoemde huis, selfmoord, deur vergift gepleë het. Die tweede baas het hom ook self om 't lewe gebreng, deur sijn keel met 'n skeermes aftesnij.

Daarna is die woning aan 'n pas getroude jonkman verkog geworde, waarvan die vroukje kort daarna gestorwe was. En weëns die verdriet veroorsaak deur die dood van die vroukje, het haar eggenoot ook selfmoord gepleë, deur homself dood te skiet in een van die vele koppe waarmee die dorp omringd is. En wat nog die ergste was, dat die algemere sprake was, dat daar die buurt 'n meesterlike spookplek was.

Nou kan 'n mens begriip dat Albert, besield met so 'n gedagte maar nie alte moedig kon gevoel het nie. En die kleinste gerasie wat hij in die erf verneem het, was voldoende om sijn hare te berre te laat rijs, en om hom goed te laat sien, wat nooit bestaan het nie.

'n Geritsel in die bome, veroorsaak deur 'n windjie het hom laat opkijk, en toen het hij tog 'n alte onaardse gedaante gesien: Die sterretjies wat sigbaar was deur die heen en weer bewoë boomtakkes, het toen presies die vorm van 'n ding aangeneem wat vurige oë had; en dan nog met die een hand wenk ook!

Kort daarna word die angswekkende geskree van 'n steun-uil verneem, en die aaklige geluid in so 'n stil en donker nag het die angs van Albert al meer en meer laat stijë.

Alhoewel hij toen al van benoudheid gebewe het, was sijn plan tog nog nie om te retireer nie. Maar wat nou eindlik sijn vrees 'n toppunt laat bereik het, was twee onbeskryflike wit voorwerpe wat skielik te voorskijn gekom het op die tuinmuur en vergeseld van 'n geluid wat presies so gegaan het als die gehuil van kindertjies.

Albert dag toen bij homself: laat nou kom wat wil; en al sou die tuin so verdroë dat hij nooit weer tot herhaal kom nie, dan gaat hij tog nie 'n minuut langer temidde van die duiwelse wesens vertoef nie! Waarop hij die graaf gelos het, en so hard moëlik geloop het in die rigting van die tuinhek—huis toe!

Met die skielike verandering van posisie het die katte (want dit was maar twee onskuldige katte, wat getrag het om hulle in die eensaamheid van die nag met 'n kat-konsertjie te vermaak) ook geskrik, en weer naar die ander kant van die muur, ook in die rigting van die tuinhek gevlug, alwaar Albert hulle net ontmoet.

Die katte skrik toen vir hom, en hij vir hulle! Al twee die partije het dit, onder die omstandigheid, beter gedag om maar van koers te verander.

Die katte het daar veilig afgekom, en kort daarna was hulle weer met net so veel geesdrif op die tuinmuur om hulle wondervolle redding te besing.

Maar met Albert was dit helemal anders gesteld. Met die skielike verandering van koers het hij in 'n oënblik van onbedagsaamheid dwars oër 'n paraffin blik teën

'n slapagtige tak vas geloop, wat met die vreselike vaart eers meegee het; maar eindelijk hom weer met net so 'n vaart teruggedruk het, so dat hij weer o'er die blik op die naad van sijn rug in 'n modderplek te lande gekom het!

Die ou vrou het die vreselike rumoer daarbuite gehoor, en het toen in haar naggewaad naar die agterdeur gegaan. Ongelukkig, net met haar aankoms bij die agterdeur, was Albert ook daar met sijn modderbas, en sonder praat, het hij die ou vrou met 'n volle vaart ouderstebo gespring met die woorde: O, skepsels ons! hier is nog een!

Verskrik vra die ou vrou, terwyl sij op die grond lê: „Wat mankeer Jou? Maar Albert het nie eers gehoor nie, en het net so als hij was die kamer binne gesnel, en met klere en al onder die kombes ingekraip, en hoe dat die ou vrou ook al getrag het om hom daar uit te krij, alles was vrugteloos. Albert het net so blij lê tot sonop die morre. En nadat nij opgestaan het, het hij 'n eed geneem dat hij nooit weer so malkop sal wees nie, om in die nag te gaan waterlei nie.

---

## DIE CREEDWELL MOORD.

---

Thomas Creedwell was 'n inwoner van die distrik B. in die Oostelike Provinciën van die Kaap Kolonie, en eienaar van die plaas „Vlijplaats.”

Creedwell was algemeen bekend, en gerespekteerd in daardie distrik, omdat hij met so veel liefde en medelijde besield was. Nooit was dit bekend gewees nie, dat iemand in nood verkerende, te vergeefs bij hom om hulp aangeklop het. Gewoonlik krij so 'n noodlijdende meer als hij verwag had, en dan nog naar gelang van omstandigheid 'n ernstige en welgemeende raad, wat in menig opsig vir so een tot groot troos gewees het.

Deurdat Creedwell 'n welgestelde en oppassende boer was, het hij natuurlik alles gedaan om sijn plaas so goed moëlik te bewerk, en gevolgelik had hij bijna altoos vir enig ambagsman, wat mag opdaag, werk.

Op 'n goeie dag was daar weer twee padlopers aangekom, Bill Keel en Ned Tray geheet. Hulle was metse-laars van beroep, en het toen natuurlik verneem of me- neer Creedwell nie altemet vir hulle iets te doen had nie.

Creedwell is toen met die metselaars o'ereen gekom, om 'n waënhuis en nog enig ander gebouwe vir hom op te trek, waarvoor hij aan hulle, bij aflewering van die werk, een honderd en vijftig pond sterling moes betaal. Hij moes alles lewer wat nodig was tot die voltooiing van die gebouwe, en voor kos en inwoning van die metse- laars, gedurende hulle verblijf sorre. Alsook moes hij die nodige handlangers verskaf. So dat die metselaars feitelik niks nodig had om uit te ge nie, gedurende hulle verblijf op Vlijplaats.

Dit het regte voorspoedig met die werk gegaan, want drie maande nadat daarmee begonne was, werd dit tot

groot tevredenheid van Creedwell afgelewer. En hij be-  
loof toen om met hulle die vollende morre op die dorp  
af te reken, daar hij nie so veel geld in huis had nie,  
en die vereiste bedrag eers uit die bank moes trek.

Van Vlijplaats af naar die dorp, is dit ongeveer drie  
uur te perd met die geproclameerde transport pad, die al  
langs die voet van een sirkel-vormige bergrant gegaan het.

Alhoewel die berg-klowe, waardeur die voetpad ge-  
gaan het dik met bome en struik begroei was, tog  
was die deur-tog nooit belemmer nie, en het die  
skoonheid van die natuur, waarmee die reisiger omringd  
was, temidde van so veel lieflike blomme van allerhande  
kleur en geur, en gepaard met die soet gemurmel van 'n  
bergstroom, waarvan die sagte geruis weer verenigd  
was met die voëlgesang in die kloof 'n alte bekoorlike  
indruk op die reisiger gemaak, en kan 'n mens begryp,  
dat, vir diegene wat 'n oog en oor vir die aantrekke-  
likheid van die natuur had, so 'n reis verre weg meer  
aanloklik als vervelend was.

Daar Creedwell nou so dikwels van die voetpad dorp-  
toe gebruik gemaak het, niette'enstaande hij altoos voor-  
gegeef het dat dit alleenlik was om die omweg te ver-  
meie, was die groot aantrekkingskrag vir hom daar langs,  
die soetheid van die natuur, waarin hij hom so innerlik  
kon verlustig.

Op die dorp het hij die twee metselaars volgens af-  
spraak ontmoet, die hom toen naar die hotel waar hij  
thuis was vergesel het, en alwaar hij, nadat hij die  
nodige geld uit die bank getrokke had, die verskuldigde  
bedrag aan hulle bij ontvangs van 'n kwitansie o'erhand-  
dig het.

Keel en Tray het Creedwell in nette bewoording  
hartelik bedank vir die goeie behandeling deur hulle ge-  
durende hulle verblijf op Vlijplaats ondervonde, en toen  
van hom, met alle eerbied en respek afskeid geneem.

Creedwell had nog ander besigheid in die dorp te  
verrig, waarmee hij omtrent een uur die namiddag klaar

was, en is toen weer met dieselfde voetpad naar huis vertrokke.

Om ses uur die aand op Vlijplaats het mevr. Creedwell al begin onrustig worde, deurdat haar man nog nie opgedaag het nie, daar hij altoos die gewoonte had om nooit later als ses—uiterlik sewe—uur thuis te kom nie, en so ver sij te'en die rand uit in die rigting van die voetpad kon sien, was daar nog niks van hom te bespeur nie.

Sij het egter self begin om haar gerus te stel, deur in haar gedagte te redeneer, dat hij tog al so veel male dorp toe gerij het, en nog nooit was daar iets buitengewoons voorgeval nie, en gevolgelik sou hij wel, al was dit nou al 'n bietjie o'er die gewone tijd, tog nog maar so als altoos veilig thuis kom.

Die aand om tien uur, nadat mevr. Creedwell nog lank voor die deur tevergeefs gestaan en geluister het, het sij ook maar met 'n swaarmoedig hart, haar naar haar stoepkamer begewe, om te'en wil en dank die nag in ernstige gepeins deur te bring.

Die volgende morre het sij haastig 'n jong op 'n perd geset (want sij had nie kinders nie), om als dit moëlik was uit te vinde wat van haar man geworde het.

Net vlak bo die berg-rant, waar die voetpad in die kloof afdaal in die rigting van die dorp, staat 'n groot boom, waaronder die jong bij sijn aankoms tot sijn grootste blijdschap die perd van sijn baas ontwaar, maar bij nader ondersoek, tot sijn innerlike skrik ontdek dat die saal met bloed bevlek was, en met eens val sijn oog op 'n vreselik verminkte lijk wat in die voetpad met takkies gedek was, die blijke gaf van 'n gruwelike moord wat daarop gepleeg was, en waarin hij bij nader ondersoek die lijk van sijn vermiste baas ontdek.

Die jong was ook tamelik geslepe en wis toen dat niemand, voordat die bevoegde autoriteite daartoe hulle toestemming gegee het, so 'n lijk mag aanraak nie.

Haastig het hij naar die dorp gerij, en aan die Magis-

traat sijn ontdekking meegedeel; die toen ook weer met die distriks dokter, in tegenwoordigheid van 'n stuk of wat mans, vriende van die o'erlede Creedwell, same met die jong naar die moordplek gegaan het.

Bij hulle aankoms ontdek hulle dat in die kop van die ongelukkige vermoorde 'n groot gat was, en dat sijn keel helemaal afgesnij was.

Die moordenaars het toen die lijk sorgvuldig in die voetpad in die skadewee van 'n groot boom neergeleg, en dit toen met takkies gedek.

Nadat die dokter met die lijkskouwing klaar had, het die vriende die lijk op 'n draagbaar—wat hulle vir die doel mee geneem had, geleg, en dit gedra naar die woning van die o'erledene.

Mevr. Creedwell het maar gedurig, als 'n gejaagde voor die deur met 'n verkijker gebly, om tog maar te kyk of sijn iets van haar liewe eggenoot kan ontdek. Sij het al bijna lus gehad om 'n tweede jong op 'n perd te set, daar die spanning vir haar te veel was.

Onder 'n stortvloed van tranes wou sijn net die order gee, toen bespeur sijn 'n beweging op die rand; maar deur dat haar oë so met tranes benat was kon sijn nie duidelik sien nie.

Met eens droog sijn, skijnbaar in alle onverskilligheid haar oë af, en plaats die verrekijker toen weer daarvoor! om die beweging daar in die voetpad teën die bergrant noukeuriglik gade te slaan. En tot haar grootste skrik, bespeur sijn dat 'n hele boel perde—met saals op, los agtermekaar in die voetpad deur 'n jong aangeja werd, en waaronder die welbekende rijperd van haar man ook was; terwyl daaragter, vier man iets met 'n draagbaar op hulle skouwers had, wat met die saal-kleedjes gedek was.

Bewegeloos het sijn so blij staan en was toen in haar gemoed o'ertuig dat dit die lijk van haar liewe man was, wat daar op die draagbaar lig, en wat ook maar al te waar geblyk het.

Bij hulle aankoms, het die Magistraat in teënwoordig-

heid van die dokter mevr. Creedwell opsj geneem, en toen aan haar die treurige nuws so verstandig moëlik meegedeel.

Skijnbaar volgens hulle gemeen het, het die berig geen besonderlike indruk op haar gemaak nie. Maar met eens, tot die grootste verwondering van almal teënwoordig, bars sij in skaterlag uit! Mevr. Creedwell was totaal, en vir altoos kranksinnig!

Twee dage, na die hierbowe vermelde voorval, was enige honderde mense op die plaas teënwoordig, om die laaste eer te bewijs bij die ter aarde bestelling van die stoffelike o'erskot van die algemeen geëerde en geliefde Thomas Creedwell.

Onmiddellik na afloop van die plegtighede, het die dokter dit raadsaam geëg om mevr. Creedwell na 'n gestig vir kranksinnige te stuur, alwaar sij kort daarna ook die ewige slaap ingegaan het, om nimmermeer van hom, aan wie sij op aarde so innig verbonde was, geskeië te worde.

Dadelik het die autoriteite begin met 'n ondersoek, deur middel van speurders in te stel. En nietteenstaande hulle niks onaangeroerd gelaat het nie, moes hulle tog, na 'n vrugtlose ondersoek van ses maande, tot die grootste leedwese van die algemene publiek die saak als hopeloos op gee.

Die Creedwell moord het 'n diep indruk op almal, wat die vermoorde geken het, gemaak. En deur dat hij so algemeen gerespekteerd was, kon die mense in daardie distrik maar nie die gebeurtenis vergeet nie.

Allerhande soorte van gissinge het hulle van tijd tot tijd gemaak, allerhande soorte van gerugtes was gedurig in omloop, als sou die moordenaar in hande wees, en watj tog maar weer later blijk 'n vals gerugte te wees.

Op 'n goeie dag egter, is daar 'n merkwaardige ding gebeurd.

Vijfjaar na die moord van Creedwell kwam daar 'n man op B. aan, en begaf hom toen naar die Goewernements Kantoor ten einde die Magistraat te spreek. Die

was net gelukkig op kantoor, en gee toen bevel dat die onbekende moes binne gelaat worde.

Bij sijn binnekoms het hij ewe beleef gegroet, en dadelik kon 'n mens bespeur dat daar ernstige spore van verdriet op die gelaat van die onbekende te lese was.

„Ik heet”, so begin hij, „Ned Tray 'n metselaar van beroep, en' was vir vijf jaar gelede met 'n sekere maat van mij, (Bill Keel geheet) op Vlijplaats werksaam gewees, alwaar ons vir sekere meneer Creedwell, (die beste man wat ik nog ooit die voorreg had, in mijn verfoeilike lewe te ontmoet), besig was enige gebouwe op te trek. Nadat ons die werk aan hom afgelewer had, het hij ons hier op die dorp alles gegee wat hij aan ons verskuldig was.

Omdat Creedwell geen geld bij sijn huis had om ons uit te betaal nie, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat hij na alle waarskijnlikheid, meer geld als wat hij aan ons moes betaal uit die bank sou trek, om met hom naar huis te neem. Waarop ons met 'n omweg naar die plek, waar die moord gepleeg was ons begewe het.

Ons was omtrent 'n uur voor meneer Creedwell daar, en het ons so versteek dat hij niks van ons teënwoordigheid vermoed het nie.

Bij sijn aankoms het Bill, hom met 'n groot klip van sijn perd af gegooi, en toen het ons, terwijl hij in 'n bewustelose toestand was, sijn keel afgesnij. En tot ons grootste teleurstelling en innige spijt het ons net *een shilling* in sijn sak gekrij! En meneer” so vervolg hij verder, „van die oënblik af, nadat ons die wrede moord gepleeg had, het ik nog nooit één oënblik rus vir mijn gemoed gehad nie, 'en langer wil ik nie so voort lewe nie. Net die gedagte, dat ik die edelmoedigste man, wat ik ooit geken het vermoor het, is genoeg om enig mens, hoe verhard hij ook al mag wees, wanhopig te maak! Ik is speciaal vandag met die doel gekom om mij op te gee. Meneer moet mij tog assebleef in hegtenis neem, sodat daar tog 'n einde aan so 'n onuithouelike en smartvol verslete lewe kan gemaak worde.”

Die Magistraat was, so als verwag kan worde, huiwerig om die man op sijn eië gesegde, vir so 'n ernstige beskuldiging in hegtenis te neem, en het toen aan hom geseg, dat hij mal was en moes loop! Maar hiervan wou Tray glad nie hoor nie, en het toen aan die Magistraat die adres van Keel opgegee, op belofte dat hij 'n verder ondersoek sou instel, waarin die Magistraat toegestem het. 'n Speurder is toen die volgende morre naar die deur Tray opgegewe adres vertrokke, en tot sijn grootse verwondering bij sijn aankoms, nadat hij die doel van sijn koms meegedeel het, was Keel so blij dat hij dadelik sijn twee arms gepresenteer het om geboei te worde!

„O man!” so begin hij, „ik is baie blij dat dit so ver gekom is. Eienlik had ik die moed nie om mij self op te gee nie, maar ag die gedagte dat daar haas 'n einde aan so 'n verwenste en God onterende lewe kan gemaak word, is vir mij 'n salige vooruitsig.”

Keel werd toen naar B. vervoerd, alwaar hij in te'en woordigheid van Try bevestig het, wat die reeds verklaar had, en toen nog dit daarbij gevoeg het:

„Na die moord het ons naar Brits-Kafferland gegaan, alwaar ons troos in elkaars teënwoordigheid gesoek het; maar die vreugde (?) was ook nie alte lank van duur nie, omdat ons teënwoordigheid, altoos die een vir die ander aan die deur ons gepleegde gruweldaad herinner het; waarom ons toen later besluit het, om maar vir altoos te skeië.”

Die getuigenis van Keel en Tray was volgens die oordeel van die Rondgaande Hof, voldoende bewijs vir die gruwelike moord op Thomas Creedwell gepleeg, en in Sept. 1874 moes Bill Keel en Ned Tray op 'n skavot die tijd met die ewigheid verwissel, als gevolg van een deur hulle, haas onbegrijplik gepleegde misdaad.

---

## KRISJAN STEENBERG GAAN VRIJ.

---

Die tijd en dage waaro'er ons nou wil skrywe was soos hulle dit genoem het, die goeie ou tijd. Die tijd toen die mense nog nie van so baing ondeugde gewet het nie. En toen hulle nog in alle eenvoudigheid die velklere gedra het — kraaklake — soos hulle dit genoem het.

Nou aan die goedheid van die tijd wil ons nie twyfel nie, maar aan die goedheid van die kleredrag, wat destijds in swang was — die velklere, die weet ons met sekerheid, was tog nie van die beste nie. Want kijk! so 'n velbroek het maar baing nukke gehad. Als jij nou bivoorbeeld een aan had, en die ding reën die dag nat, en jij gaan per ongeluk daarmee langs die vuur sit, en na dat jij so 'n rukkie gesit het, weer opstaan, dan sit die broek nog!

Dat wil sê, die pijs staan dan achteruit, soos die lugpijs van 'n skip, en die knië: soos die van 'n pèrd wat o'er 'n heining spring.

En als jij nou virsigtig wil wees, en die ding van die vuur afhou, en die aand ophang daarbuite, om hom te laat droog worde gedurende die nag, dan kan dit lig gebeur, dat als jij die morre opstaan, dat jou broek of helemaal weg is, of halfpad opgevreet van een of ander ongedierte, wat in die goeie ou tijd maar te danig volop gewees het.

Baing mense het ik hoor klaë o'er die vel-klere. Hulle sê dat so 'n velpak maar baing eienskappe van 'n sinkplaat had: In die winter sterwe jij bijna van die kouë, in so 'n pak; en in die somer wil jij weer beswijk van die hitte. En daar jij nou haas nie ander kon krij nie, moes jij maar tevrede wees met die klere van die goeie ou tijd.

Nou kan 'n mens begriip dat als een of die ander,

en veral jong mense, in die geleëndheid gekom het om „doekklere,” (soos hulle die hedendaagse manskleding stoffe destijds genoem het) te bekom, hij dan niks onaangeroerds gelaat het om daarvan in besit te kom nie.

So was op die plaas Braklaagte in die ou Vrijstaat 'n familie Steenberg, waarvan die oudste seun, Krisjan, ook al 'n kéreltjie van agtien jaar, bitterlik teën sijn sin die velklere gedra het; en nog temeer omdat hij verneem het, dat in daardie geweste 'n smous was, met doek klere.

Krisjan was met 'n kerkgeleëndheid verlief geworde op Sannie Maton, van „Die Putte.” En daar hij nou bij uitstek 'n eerste klas rij-perd had, wou hij eers 'n plan maak om 'n pak „doekklere” in die hande te krij, voor dat hij bij Sannie gaan kuier. Want dit sal tog, (so was sijn vermoeding), 'n baing gunstiger indruk op Sannie maak als daardie verwenste velklere.

Nou dieselfde aand, tot die grootste blijdschap van Krisjan, daag die smous op op Braklaagte. En toen dit nou omtrent donker genoeg was (want hij was ook maar skrikkerig vir die ou mense), het hij die smous bijgedam, om tog vir die eerste keer in sijn lewe in besit te kom van so 'n pak klere, waarna hij tog al so lank uitgekijk het.

Maar ons het dit al so baing ondervinde, dat die ou wereld, onder die beste omstandighede, nog maar vol van teleurstellinge blij. En Krisjan moes dit ook bij die aanvang van 'n nuwe koers ondervinde, en tot sijn leedwese verneem dat die smous klaar was met handel, en weer op die terugreis was huis toe!

Hij sou egter o'er drie maande weer terug wees, en sou dan vir Krisjan 'n alte mooi pak klere mee bring.

Maar Kris kon nie nog so lank wag nie, want hij was bevreesd dat Sannie in die tussentijd, aan 'n ander jong kerel kon verloof raak, en dan was hij op die blare.

Hij vra toen aan die smous, of hij nie maar nog 'n o'erige pak klere had, wat hij kon afstaan nie. Waarop die togrijer toen begin verneem, wat sijn nommer was.

Ja, die was No. 4, want Kris was nie 'n alte growwe kerel nie,

„Nou ja,” sê die smous, „Jong! ik sal jou nog aan 'n pak klere kan help, aangesien jij tog so haastig is, maar ik glo nie dat ik jou nommer meer het nie, maar die sal wel reg kom.”

„Ag ja man,” laat Kris volg, „al is dit nou 'n bietjie te groot of te klein, dit maak nie saak nie. Laat ons maar sien.”

Die smous had nog net een baatjie, 'n „duwwelbres” No. 7! Kris het hom toen aangepas, maar hij het omtrent net so gepas, soos 'n nat vel o'er 'n regop paal! En dan die mouë í—die was omtrent 'n voet te lank. Maar die sou Krisjan--so het hij gesê--maar oprol.

Die broek was 'n No 2 Molvel; ook nog die enigste wat die togrijer had. En alhoewel hij maar baing nou, en minstens 'n ses duim te kort was, het Krisjan hom ook maar gekoop; want dit was tog doekklere, en daar was nie beter te krij nie.

En wat nog die mooiste sal wees, so dag hij, als hij met „Alart”, sijn spoggerige rijperd, die werf van „Die Putte”, binnerij, met Sannie op die stoep, Ah, wat sal sijn dan tog se?”

Nadat die smous nog aan Krisjan 'n paar No 10 skoene geplak het, het Kris ook maar s'n boeltjie bijmekaar in 'n knapsak gepak, en in die veld, ver van die huis af, gaan wegsteek.

Vroeg die vollende morre het Krisjan aan sijn vader vertel, dat hij gister gemerk had dat 'n hele paar perde van die trop af weg was. Waarop die ou kerel dadelik aan hom opdrag gegee het om sijn perd op te saal, en die verlore perde te gaan opspoor.

Dit was net wat Krisjan wou hê, want daar was nie perde weg nie, maar dit was 'n plan wat hij beraam had, om sonder die wete van sijn ouërs bij Sannie te gaan kuier.

Dit het ook nie alte lank geduur nie, of Kris was met

sijn perd, bij die knapsak, waar die klere en skoene in was.

„Alart” word vasgemaak, en een-twee-drie word met die aantrekkerij ’n aanvang gemaak, en die vel klere word weer sorgvuldig in die sak weggeberre.

Toen Krisjan nou met die splinternuwe pak, (wat ook maar te danig tonjerig gesit het) naar die perd toe stap om op te klim, het „Alart” begin te snork!

Sijn baas het hom toen gepaai, en wou toen opklim, maar deur dat die baatje toegeknoop, en baing wijd was, het Kris dadelik gemerk, sodra hij sijn voet in die stiegbeuël het, dan sak die toegeknoopte baatje so ver o’er die geboë knie, dat dit onmoëlik was om bo te kom. En maak hij hom weer los, dan staan die punte weer so ver vooruit dat „Alart” dan snorkend weiër om sijn baas te laat nader kom.

So was daar nie ’n ander plan nie, als maak maar die baatje los, en vat hom dan agter op die rug met die een hand bijmekaar en sukkel dan maar met die oërige hand op.

Dit het maar broekskeur gegaan, maar uiteindelik was Krisjan in Alart se kam; en daar laat trap hij, ewe spoggerig naar „Die Putte” toe.

Bij sijn aankoms, het Sannie regtig, so als hij verwag had, op die stoep gestaan. En toen sij nou bespeur dat dit Krisjan was met die, in haar oë, haas onbeskryflike vertoning, het sij met alle haas en spoed die huis binne geloop, en toen so hard gelag dat haar moeder kon vernem het wat gaande was.

Sannie kon nie praat nie, sij het te veel gelag, en beduië toen haar moeder naar die venster, om self die oorsaak van haar onbedwingbare lag te ontdek.

Krisjan het toen voor die deur stil gehou, en wou toen afklim, maar met die o’ertil van sijn een been, slaat die baatjie „Alart” langs die nek, die toen wegschrik, met die gevolg dat Krisjan op sijn rug te lande gekom het, terwyl die een skoene in die stiegbeuël geblij sit het.

Een van die broers van Sannie was net aangekom

en het met so 'n onderdrukte lag die perd gevang, en weer die skoene aan Krisjan gegee.

Nadat „Alart” besorre was, is Kris met die seun naar die huis gekeer, alwaar hij met die grootste gastvrijheid ontvangte werd deur die familie Maton.

Daar Krisjan, sonder sijn wete, meer naar 'n voël-verskrikker als naar 'n meus gelijk het, was ou meneer Maton bevreesd dat die kinders met hulle laggerij hom kon beledig, en het toen maar 'n paar grappe gemaak, so dat almal maar vrijuit kon lag, sonder dat die regtige oorsaak van die vrolike gemoedstemming aan Krisjan openbaar werd.

Krisjan het nie veel gepraat nie, maar het hom in gereedheid gehou om sodra die geleëndheid sig voordoen, aan Sannie die doel van sijn koms mee te deel.

Nadat so hier-en daar o'er gepraat en gelag was, werd almal naar die eetkamer geroep. Brekfes was gereed!

Almal het plaas geneem aan tafel, en daar was, (soos baing van ons mense nou nog die gewoonte het) half droog gemaakte wors, wat weer gebraai was, op tafel.

Krisjan had daar so 'n stuk van op sijn bord, en na dat almal geholpe was, begin hij met die mes en vork te woel.

Nou die mes was nie van die scherpste nie, en die wors was ook maar taai. Nadat hij so 'n goeie ruk gesaag het, ontwaar hij maar nog net 'n blink streep o'er die wors; en begin toen ook al rond te kijk. Hij probeer nog 'n slag, maar druk die keer 'n bietje harder, met die gevolg, dat die mes met 'n vaart deur die wors glip, en die afgeknapte stuk word die bord uit--en op die grond gesmijt!

'n Kat het haastig die stuk beet gepak, maar voor dat hij die eetkamer uit was, had Krisjan hom gevang, en die wors weer af geneem.

Nadat hij die wors in hande had, val het hom bij, dat dit beter sou gewees het om dit maar vir die kat te laat hou; want in die bord kan hij dit tog nie weer set nie; en weer vir die kat gee sal ook nie gaan nie.

Ou meneer Maton het toen so ewe kalm geprobeer

om hom gerus te stel deur te sê: „Ag neef! gee maar vir die kat, en kom sit maar weer.”

Krisjan het maar so gemaak ook, en het die hemel gedank toen hij van die tafel kon opstaan. Hij wou toen dadelik na die ete weer laat vat het; maar die ongeluk wou dit anders; en hij laat hom ompraat om nog langer te blij. Kris het weer gerus geworde, en dag toen bij homself: „Dalk kom die ding nog reg”—maar dit het nie.

Want die middag aan tafel was daar ongelukkig boontjie-sop, en die was so warm, als of dit met twee vure gekook was.

Krisjan het ook, so als almal aan tafel, 'n bord vol gekrij. En wat dat hij wou gemaak het, kon hij self nooit 'n verklaring aan gege het nie; maar ongelukkig haak die opgerolde baatjie mou die bord met kokende sop op, en keer dit in sijn skoot om. Haastig het hij op gespring, en om die ellende nog te vergroot, val van die vurige boontjes in sijn skoene!

Met so 'n paar onkristelike woorde het Krisjan, met alle geweld die eetvertrek verlaat, en sijn pêrd haastig opgesaal.

„Alart” was toen ook nog meer beduiweld als in die morre en met groot moeite 't Kris bo gekom, en wou toen laat vat; maar ongelukkig het die honde, hulle ook met die transaksie ingelaat, en so lank aangehou neul, tot dat Krisjan weer vir die tweede maal die dag, met sijn rug op die grond te lande gekom het!

Die honde het toen so 'n bietjie met hom gekorswil, totdat hij uit die „duwwel bres” was, waarmee een van die brakke huis toe gekom het.

Kris het, na dat die honde hom verlaat het, die pêrd haastig agterna gesit en weer gevang. En sonder die baatjie was dit makliker om op te klim; en so gou hij bo was, het hij maar so hart hij kon gemaak dat hij uit die gesig gekom het, om nooit weer op „Die Putte” te gaan kuier nie.

Die agtermiddag het hij weer met die vel pak tuis gekom, en aan sijn vader vertel, dat hij die perde gekrij het!

## Herinneringe uit die Krijgsgevangene lewe.

---

Die lewe van 'n Krijgsgevangene was alles behalwe benijdingswaardig, ver verwijderd van huis en haard(?)—omringd van die beste doorndraad wat te vinde was, en waaragter die onvermijdelike Tommie met s'n roer dag en nag die vervelende wag gehou het, om jou gedurig daaraan te laat denk: „Gevange, en verstoke van alle vryheids voorregte!”

Die behandeling wat jij daar te verduur had, het op 'n groot deel van die krijgsgevangene maar nie 'n alte luimige gemoedstemming uitgeoefen nie. Baing het daar- onder onverskillig geworde, baing weer neerslagtig; en sommige het maar altijd deur knorrig geblij. En vra jij dan vir so iemand: „Boet! het jij die Engelse lief?” Dan kijk die man jou so skuins aan, en dit lijk vir jou, hij wil sijn oë omkeer, en jou nog bijt ook. Dan [gee hij 'n vinnige trek aan sijn hoed, vou so stadig sijn arms op sijn bors; en slaat sijn twee bene o'ermekaar, en kijk dan vlak voor hom op die grond met 'n hoofskudding en 'n sug, en sê dan: „Ja ik het die tuig baing lief, en als mijn bek 'n slagijster was, en mij twee arms sabels, dan sal ik die laaste een van hulle omhels, en nog 'n druksoen op die koop toe gee ook! Ag! vervolg hij met so 'n gil, als ik tog maar die Regeerder van die Heelal, vir net twee dage was, dan sal jij „bijmijkool!” van die grootste begrafenis hoor wat nog ooit op aarde gewees het! en ik beloof jou die boer-vangerij sal, vir eeuwig, wat Engelsman betref, 'n ent krij!”

Gelukkig egter, die o'er groot meerderheid, het hulle maar aan hulle betreuringswaardige lot onderwerp, en afleiding, met die een of ander besigheid, naar gelang van omstandigheid, gesoek.

Die een het hom bij die—die ander weer bij daardie

werksaamheid bepaal. So het jii 'n reeks Borstspeld-ketting- Mes- en Ringmakers ens., ens. gekrij.

Een egter weer, het 'n ander koers ingeslaan, en Journalisme bij der hand geneem, en 'n soort van Tijdskrif voor die dag gebreng, met nogal die besigheidsnaam van „Advertenties.” Waarvan ik hier 'n afskrif van die eerste en laatste uitgawe laat volg:—

## ADVERTENTIES.

---

Deel I.      Krijgsgevangene-Kamp, Diyatalawa, 1902.      No. I.

---

Die blad „Advertenties” verskijn eenmaal per jaar teën die geringe intekening van £17-10-0 vooruit betaalbaar. Die betaling geskieë in Januari en die uitgawe in Maart (altemet). Als die Uitgewers mo'elik van plan verander en die blad nie uitgee nie, dan moet die intekeningsgelde als gekonfiskeerd beskou worde.

---

Gewoonlik bij die eerste verskijning van 'n blad, dan word die toekomstige politieke loopbaan, wat so 'n blad meen in te slaan, aan die publiek bekend gemaak; en ik had bijna nie lus, mij aan die reël te hou nie. Maar aangesien dit nou eenmaal so is, sal ik die reël, teen wil en dank, ook maar volg.

Eerstelik dan, sal mij strewing wees om die mensdom in algemeen, en die krijgsgevangene in bisonder „toe te trek;” mijn vriende, wat ik nie het nie, uitgesonder.

Ik sal die laste van almal net so ondragelik maak als ik

kan; en verbind mij in die minste ook nie, om mij altijf bij die waarheid te bepaal nie; so dat wanneer ik in moeilikheid geraak, ik 'n agterdeur het om uit te vlug.

En dis ook nie meer als reg en billik teëno'er mijself nie; want elke man moet sorre, dat hij aan die veilige kant blij. En raak hij dan in die troewel water.....

Wel! om dan die minste daarvan te sê—dan is dit die skuld van 'n ander.

Oorlogs-nieuws sal ik ook van tijd tot tijd gee. Dit wil sê, so lank die oorlog duur, en als dit nodig is nog langer.

---

 ADVERTENTIES, MAART 1902.
 

---

Die berigte sal vertroubaar wees, want ik is goed op die hoogte van sake.

Gebeur dit nou, dat die berigte wat ik ontvang nie helemaal gunstig is nie, dan neem ik aan om hulle gunstig te maak; en ik glo nie dat die publiek mij daarin kan verdenk nie, want ik is al lank in die skool, en mij onderwysers (?) is meesters in die kuns!

Allerhande ander soorte van nuttige, en leerriike verhale—soos van Bobbejaan, Tier en die kerels, sal ook van tijd tot tijd geplaas worde, so dat die publiek nie sal nodig hê om te klaë nie dat die jeug vergeet geblij het nie.

Vir so ver genoeg.—Ik vertrou dat die publiek mij eerste verskijning met geopende arme sal ontvang. En so nie, moet hulle, hulle maar klaar maak om *mijself* te ontvang, en, ik sal hulle waarborg dat die tonjes binne vijf minute van hulle sal afvlie; want ik het 'n goeie trop honde wat weet om hulle op vijandig gebied te gedra; en ik is self nie links met 'n kerie nie!

## Beenborstspeldmakers

---

FRANS COENRAD Sr.

EN

FRANS COENRAD Jr.

Beenborstspeldmakers.

---

Als jij werk wil laat verknoei, gee hulle 'n kans.

Prijs: Hoog, en hulle waarborg niks!!

---

## R. NUWERHUIS,

Borstspeldmaker,

wens die publiek in kennis te stel, dat hij die beste borstspeldmaker is op Zlon. En verder dat al die werk wat bij hom bestel mag worde, sonder objekties geneem moet worde, anders kom daar neukerij, waarvoor hij nie aanspreeklik sal wees nie.

## J. F. van Bijl,

*Hemd-Knopies-maker.*

Die knopies wat deur hom  
gemaak word, sit soos hulle  
wil.

Prijs: Ook maar tamelik  
hoog, en hulle hou ook nie  
lank nie.

## Frans De Wet,

*Kissie-maker.*

Kissies word sonder win-  
kelhaak gemaak en te danig  
skeef, en duur ook.

Terme: Kontant op 'n briefie  
of Arrak!

## Kennisgevtng.

Op die plaats Voetsoeker-  
tjesdrif, of op Katfontein, (die  
twee plase lê omtrent twaalf  
uur teperd uitmekaar), sal so  
die weer dit toelaat, op Maan-  
dag, om 1 uur in die voor-  
middag 'n vendutie gehou  
worde, waar o.a. publiek op-  
geveil sal worde:--

1. Skietmerrie.

1. Jaghond.

1. Geweer.

Die skietmerrie, (met die  
naam van Das) is 'n bietjie  
bejaard, sij het 'n paar brand-  
kolle op haar lijf--een oog  
uit--sonder tande--voorbout  
uitlit, en effe o'er kruis kreu-  
pel; maar als jij op haar sit  
met 'n goeie paar spore en 'n  
handsambok, dan draf sij  
hoogte af!

Schoonheid vergaan, maar  
*deug blij staan!*

Die geweer was eers Hen-  
drik-Martiens, maar later Pan  
gemaak. Hij skop goed, en  
drijwe sijn koëls tot o'er die  
helfte.

*Die ouijd se goed is tog  
maar die beste.*

Die jaghond, antwoord op

---

 ADVERTENTIES, MAART 1902.
 

---

die naam van Diktepel, is tussen 'n „Pointer” en 'n Setter. Hij „point” tot hij brood krij en „sit” dan langs die vuur om dit op te eet.

Loop 'n hoender in soos niks, en als die Jakhals skree, kruip hij onder die kombers en tjank als of hij wil sê: „Pas op”!

Waaksaamheid is 'n goeie deug.

---

**Gemengde Berigte**

Tot die grootste blijdschap van die lesers van hierdie blad, kan ik meêdeel dat die K. Kommandant gister 'n gelukkie o'ergekom het.

Hij het per abuis dinamiet vir kaas geëet; en toen op 'n koolvuur gaan sit. Hij is sonder kennisgeving, van die aarde verdwyn; en vollens die laatste berigte ontplof in die wolke.

*Pas op vir mistige weer!*

Oom Jan sê dat Piet vir hom gesê het, dat hij bij Krisjan verneem het, die weer bij ander mense gehoor het, wat die koerant self gesien

het, maar nie gelees het nie, dat Tant Sina dood is: die huis het op haar voet geval!

Groot was die vreugde toen die berig 'n paar daë gelede die kamp ingesmokkel was, dat Generaal de la Rey, weer 'n groot Engelse Generaal „kaf gedraf” het; en dat 'n aansienlike buit onse mense te beurt geval het. Die feestvreugde was groot. O'eral in die kamp kon jij net „Juig aarde, Juig” hoor sing! Daar buitekant die draad, was dit net sak en as, lang gesigte; en trane. En als 'n mens nog al gehoor sing het, dan was dit: „Uit diepte van ellende!”

Die skok was so verskrikkelik, dat die florerende pisang mark so gedaal het, dat die sprake nou straf is, om al die pisang boërds uit te roei.

---

**F. C. AGTERMAN**
**Lagawaan-slagter,**

wens die publiek in kennis te stel, dat alle orders vir Lagawaanvleis vroeg moet ingelewer worde; want dis moeilik om die goed te vang, en hulle word aldag skaarster.

**Belangrijke Kennisgeving.**

Ik wens nog verder aan mij intekenare bekend te maak, dat ik hulle sal aansprekelyk hou vir die gevoelens wat nog uitgedruk word deur korrespondentie. So als daar moëlik kwessies mag ontstaan, waaraan koorisake en hofkoste verbonde is, dan sal *hulle* en nie *ik* die lijdende partij wees nie. En dis reg ook, en kom korrek o'ereen met wat ik reeds in mij Inleidings artikel gesê het.

Dus als mij intekenare morre of o'ermorre in 'n draai kom, dan moet hulle nie sê dis mij skuld nie.

Alle korrespondensies sal onder *die* hoof geplaas word:

„Die uitgewers hou die intekenare aansprakelyk vir die gevoelens wat mag uitgedruk word deur korrespondente.”

Niemaud hoef nou bang te wees om te skrywe nie.

**JAN HAIRS,****Bobbejaanmaker,**

Hij het altijd 'n groot voorraad Bobbejane op hande; so natuurlik dat 'n mens sal sê: „Dis spinnekoppe!” En als hulle lewendig was, sou 'n mens nie sê hulle is dood nie!

**KLAAS KRUUK,****Diere-maker.**

Hij lewer Perde, Beeste en Honde teën Een pond tien shillings per stuk.

De prijs is espres hoog, om nie werk te krij nie!

**Jorrie Donnowiets**

lewer alle soorte van Draaiwerk: soals Ploegskare, Juk-skeië, Roosters, Emmers, ens. ens. teën spotprijse.

'n Besoek aan sijn Draai-bank sal die publiek o'ertuig, dat hij nie altijd nugter is nie.

## ADVERTENTIES, MAART 1902.

**Wolf en Jakhals.**

Op 'n goeie dag sit Jakhals voor sijn deur, en toen hij sijn kop optel, sien hij: hier kom Wolf aan steun-steun!

„A” sê Jakhals „morre oom Wolf! hoe gaat dit, en hoe lijk oom se veere dan so deurmekaar?”

„O” sê Wolf, neef Jakhals, ik is maar vir 'n paar daë gelede in 'n lelike draai ge-wees”. „Hoe so dan oom, wat skort?” „Jong” antwoord Wolf, „om kort te wees, die ding was so: Tier het een bruilof gegee; en dis die gewoonte om bij so 'n geleëndheid al die hoë mense te nooi, en natuurlik, so als jij kan begriip, moes ik ook een van die gaste wees.”

„Die hele ding sou reg gekom het, als ik mij maar aan mijn plan gehou het om Kromellenboog se pad te vat; maar deur gulsigheid wou ik graag gou daar gewees het, want Tier het o.a. ook 'n lam geslag. En so doende neef, het ik 'n kort pad gevat, die mij tot mijn grootste verdriet, langs 'n revier, op

'n klomp honde gebreng het! En jong, soos jij kon begriip, ik had nie mijn „boxing”-klere aan nie, want ik was mos ingerig vir 'n danspartij. Ik hoor toen net hulle sê: „Hier is die skaapvanger!”

„Nou neef Jakkie, glo mij dit was geen tien nie, of ik en die kerels was deurmekaar, en jij hoor net steun en knor.

Maar gelukkig, na dat hnle mij goed gekernuffel het, is ik op 'n onverklaarbaar wijs uit die vuilgoed se hande los gekom—die revier in, en nog bijna versuip ook, bowen op. En so lijk ik nou jong, soos jij mij hier sien.”

„Alla kragtig oom!” sê Jakhals, daar lê daarom vir jou *ontmoeting!* en wat sê tant Wolfina daarvan?”

„Sij weet van die hele transaksie nog niks nie; want om die skande voor te kom, het ik haar dadelik 'n briefie geskrijwe dat ik op 'n leeuw jag gaan, en sal ses maande weg blij”.

En toen draai Wolf hom so effe reg, dat Jakhals kon sien, hoe dat hij lijk, met die

## ADVERTENTIES, MAART 1902.

woorde: „Kijk jong!”

Wolf se twee oë was bijna toe,- sijn voorpote opgeswel- en sijn vel, so hier en daar 'n winkelhaak in!

„En” vervat Wolf, „hoe gaat dit nog met jou neef?”

„So,” soos oom sien: Glad verhaar, en spekvet, want ik is mos die laaste tijd die boer se skaapwagter!”

„Skaapwagter!” herhaal Wolf, ewe verbaas. „Swernoot jong! hoe het jij *dit* reg gekrij om die boer se oë so toe te pleister?”

„Nou ja oom,” antwoord Jakhals, „mij storie sit weer so:—

„Op 'a goeie dag toen ik nog op mij eië was, het ik 'n punt lammer-skape afgekeer, en mijn geluk was werkelijk groter als ik verwag het. En na dat ik vir 'n goeie dag of wat, onder hulle geslag had; toen dag ik, om suspisie voor te kom, sal ik die o'erige trug bring naar die boer toe. So gesê, en so gedaan.

„Die boer was vreeslik blij, soos jij kan begriip, toen hij sijn skape weer krij. Hij gee mij toen 'n goeie beloning, en

voeg daar nog bij: 'Alla-wereid! Jakhals, nou sien ik self dat die mense jou van tijd tot tijd maar net beklad het; want jij is 'n eerlik man. En waar, vervolg die boer, 'krij jij die skape?’

„O” sê ik, „dis 'n klompie vee wat ik bij Wolf afgeneem het, wat hij van jou gesteel het!”

„Arrie, jou skelm!” sê Wolf, „nou begriip ik hoekom die honde gesê het: „Hiers die skaapvanger”. En met die woorde bespring hij Jakhals ook sommer daar en dan.

Maar Vossie was verdag daarop, en set die rieme neer; en Wolf agterna dat dit so bars! Nadat hulle 'n goeie ent gehardloop het, hol Jakhals so effe met 'n bog, en Wolf dag: „nou is mij kans” en steek toen sommer reg deur. En dit was net wat Jakhals wou gehad het; want daar was 'n slagijster opgestel, waarin Wolf toen ook gevang word!

Jakhals het toen ewe be daard die boer gaat haal, en hom bij Wolf gebreng.

Die afrekening is makliker

---

 ADVERTENTIES, MAART 1902.
 

---

te begriip als te beskriewe.

Die toepassing is: Pasop vir 'n kort pad, en viral als dit nabij 'n tronk verbij gaan.

---

## Carl Polgieter

maak kannonne wat hij waarborg so lank daar mee nie gekiet word nie; want hulle is gevaarliker vir jouself als vir die vijand.

---

## JASPER NUKERK,

— **—**  
 mviugte-stoker.

Die lawaai-water wat hij maak is ruim so goed als O.V.S. Ketting blits. Een bottel is genoeg om ag man smoordronk te maak. Die voorraad wat hij op hande het is nie groot nie, want hij drink self skerp.

## Debats Vereniging.

'n Gewone Vergadering van die „Morre Ster” Debats Vereniging was gehou in Hut 59, op l.l. Maandag.

Alle lede teënwoordig! en die heer Klaas Kruik, als Voorsitter, in die stoel.

Nadat die notule deur die Secretaris, die heer Jefta Tantpijn, voorgelees en algemeen goed gekeurd was, staat die Voorsitter op en sê:

„Mijnehere! So waar als Leeuw deur sijn baard blaas, was ons laatste Vergadering tog te onordelik. En ik het mij voorgeneem om die slag geen onbeskoitheid toe te laat nie”, en F-r-r-r-r- blaas hij deur sijn baard.

„Verder” vervat die Voorsitter. Ons is vandag bijmekaar gekom, om een van die gewigtigste punte te bespreek, namelijk „wat is beter Lagawaan of Aap.”

„Die heer F. C. Agterman, sal Lagawaan verdedig, en Eerw. Jan Hairs, Aap.” En hij blaas nog 'n maal deur sijn baard en gaan sit onder 'n dawerende toejuiging.

## ADVERTENTIES, MAART 1902.

Op 'n wenk van die Voor-  
sitter stijg die heer Agterman,  
klein van persoon, maar groot  
van--onderbaatje) omhoog,  
met trane in sijn oë, maar dit  
was krokkedeltrane! en hij  
begin :--

„Agbare Voorsitter, en me-  
de lede, so waar als parra  
sonder hemp loop, doet dit  
mij groot blijdschap om van-  
dag die verteënwoordiger te  
wees, van so 'n nuttige wild  
als Lagawaan. So als reeds  
deur die Voorsitter bekend  
gemaak is, sal die Eerw.  
Hairs Aap verdedig,” en ver-  
volg die heer Agtermn, „nou  
wat is 'n Aap? Hij kan boom  
klim, en dis omtrent al, vir  
'n wild beteken hij niks. En  
net so seker als 'n krap voete  
het, sit dit nie in ons broek se  
jakhals nie, om hom in 'n Hak-  
en-steek bos te vang nie. Daar-  
om sê ik : Lagawaan „is baas”.

„Elk een het sijn smaak.  
Die een sê krokkedil, 'n an-  
der slang--en sommige weer  
muishond; maar ik sing met  
die digter saam :--

„Laat Krokkedil staan en muis-  
hond maar vaar.  
Maar als jij wil smulle, maak  
Lagawaan gaar!”

Hij is makkelik om te vang,  
en hou soos ons weet, langs  
weides en waters.

„Ik sal nie verder praat  
nie; want ik sien reeds dat  
julle harte al gebreek is!”

En nadat hij 'n Skerpiejoen  
pruimpie ingeset het, neem  
hij plaas onder grote toeroe-  
pings van „Hoor! Hoor!”

Kalm soos 'n Bobbejaan,  
op versoek van die Voorsit-  
ter, vlieg die Eerw. Hairs, op  
en begin :--

„Agbare Voorsitter en Broe-  
ders, mij hare staat o'erent,  
als ik”--„Stop” skree die  
Voorsitter, ik sou die Eerw.  
lid versoek om hom bij die  
waarheid te bepaal! Waffer  
hare?”

„Ekskuus” vervat die Eerw  
lid, „ekskuus, ik dag ik had  
mijn pruik op, maar nou val  
die hele sonde mij bij, ik het  
dit aan die broeder Potgieter  
geleen maar ik wil asseblief  
voorstel, dat ons eers snuiwe,  
voordat ons verder gaan.

Die voorstel word met alge-  
mene stem aangename, waarna  
Eerw. Hairs die Snuifdoos  
presenteer.

En hemel! was die vorige

vergadering oproerig,—die een was niks minder nie!

Want nadat hulle gesnuie het, slaat die Voorsitter agter-o'er, en bewe soos een wat gift gedrink het.

Sommige van die lede het die deur uitgevlug, andere het weer deur die venster geklim. En jij hoor net nies en hik dat dit so dreun.

Nadat die oproer min of meer gestil en die Voorsitter weer tot herhaal gekom het, blaas hij deur sijn baard:-- „Dis peper!”

Die heer Agterman het Lagawaan-houding aangeneem--onder die tafel! dit wil sê hij was hande-vier-voet, en nies net dat dit so bars!

Met die woorde: So waar als sekretaris slang vang, dis beesmis en vlugsout, wat ons gesnuie het”

Verontwaardig vlieg die Voorsitter o'erent en slaat drie maal met 'n bijl op die tafel, en sê: „Ik verdaag die Vergadering.” En dadelik was dit so stil, dat jij 'n meulsteen kon hoor val!

## W. Dikkok, Wapenmaker.

Ter algemene informasie word hiermee bekend gemaak, dat ik wegens dronkenschap genoodsaak was die Wapenmakerij op te gee. En dat alle gelde reeds aan mij betaald, waarvoor ik werk moes lewer, lank al uitgedrink is; en als enig een meen dat hij nog iets van mij te vorder het, dan moet hij baklij daarvoor!

### Spreekwoorde en andere geestige Gesegdes gekritiseerd.

Ingezonden deur „Gonstol.”

Elke nasie het 'n eiënaardige spreekmanier, om sekere gedagtes en dinge uit te druk.

Hulle noem dit: spreekwoorde.—Spreekwoordelike uitdrukkinge; of geestige Gesegdes. Maar die invoerders van die soort van spreekwijse het „bij-mij-seksie-waar” nie ver-

---

 ADVERTENTIES, MAART 1902.
 

---

der gedenk als wat hulle neus lank was nie. En om nou 'n paar voorbeelde op te noem! „Eendrag maak mag.” En daar twee meer is als één, moet tweedrag meer maak—maar hulle se nee!

Dan weer: „Een voël in die hand, is beter als twee in die bos” Daar het ik vrede mee; maar veronderstel nou dat dit slange is!

Dan sê 'n ander weer: „Die oog van die Meester maak die perd vet.” Waaruit ons kan aflei, dat 'n blinde man se perd moet vrekma'er wees!

Hulle sê ook: „Dit spreek als 'n boek.” Nou dis 'n bepaalde leuën. Ik het wel in die Groot-boek gelees van 'n esel wat gepraat het; maar van 'n boek?—nog nooit!

Een nasie het die spreekwoord: „Dis die vroeë voël wat [die wurm vang.” Maar als dit so is, waar kom die wurm dan in? Hij is mos vroër als die voël! En dit lijk ver mij, die enigste antwoord wat 'n mens daarop kan gee om uit die moeilikheid te kom, is: „In die voël se bek! of hoe?

Die Afrikaners het 'n spreekwoord, dat als iemand 'n bietje te veel o'er homself uitwei, om te sê: „Jakhals prijs sijn eië stert.” Maar nou sal dit mij verwonder om te weet of die Jakhalse ook hulle sterte geprijs het, waaraan die o'erlede Simson die brandend fakels gebinde het.

Een spreekwoord lui:

„Die dood vang die dokter ook,” maar in baing gevalle is dit anders om: „Die dokter vang die dood ook.” Kijk! ou vader Cats het mos gesê: (en dis regtig waar ook) „die mislaë van die medisijne word met aarde bedek.”

Vir 'n tijd gelede, lees ik in die krant van „'n Seegeveg.”

Nou ik het duisende van mijle op die see gevaar; maar nog nooit het ik gesien dat die see kan „veg” nie.

Ik lees nog verder: Nadat twee oorlogskepe mekaar goed opgetel het, het die één die „hasepad” gekies! Nou kan jij nou meer? Begrijp 'n hasepad in die see. Het die arme drommels nou liewers gesê: „Haaiepad,” dan kon 'n mens tog koers krij!

**Die lig van die „morre Ster”  
sal nie meer skijn nie!**

Dit doet ons leed te vernem dat die so wijdvermaarde Debatsvereniging die „morre Ster” ondergegaan is.

Die glansrijk lig, dat van haar beroemde lede uitgestraal het, is uitgedoof. Die nuttige en leerrijke onderwerpe deur haar behandeld—sowel op geestelike als op maatschappelik gebied, is vir die wetenskap verlore gegaan, want soos ons kan verstaan het die sekretaris met die notule weggeleef. En verder raak dit ons ook nie!

**JACOB MALANG,**

**Vurk en Lepel Maker.**

Hij wens die publiek daarop attent te maak, dat als jij met een van zijn beroemde vurke eet, jij nie moet ander pad kijk nie, want die tande staan 'n bietjie deurmckaar, en sodoende kan jij jou oog uitsteek.

Sijn handelsmerk is die  
woord:

**„ARRAK.”**

Uitgevers :  
HET VOLKSBLAD-DRUKKERIJ, Bus 267, BLOEMFONTEIN.

# AFRIKAANSE VERHALE

2/3

door J. G. ENGELA.

In een net linnen omslag (postvrij).

2/3

Het is onmogelijk het grote aantal brieven en besprekingen in de couranten, hier op te nemen, die het verschijnen van dit boekje hebben toegejuicht.

*Genl. Botha zegt:* Ik ben overtuigd, dat u een verdienstelijk werk hebt voortgebracht, dat zal blijven leven. Niets kan mij groter plezier doen dan de verschijning van een Afrikaanse boek in de Holl. Taal. Van harte verwelkom ik dit boek daarom met de hoop dat iedere Hollands lezende Zuid-Afrikaner zich een exemplaar zal aanschaffen.

*Ds. N. J. Brummer:* Ik het die boek met veel genoeg gelees, soms het dit mij hart geroer, en dan weer laat uitskater van die lag. Vir ons landelike bevolking het u bepaald 'n grote diens bewijs, want hulle het so iets broodnodig . . . .

*Mnr. T. B. Muller:* Die boek gee die woorde . . . . van ons volk so getrouw terug als 'n gramafoon . . . . 'n Mens kan dit lees net om jou ei taal beter te leer ken . . . .

*Pres. F. W. Reitz:* „Afrikaanse Verhale” zijn mooi en grappig en vol echte Afrikaanse humor.

*Mnr. Melt J. Brink* zegt o.a.: Ik stem van harte met de heer Hofmeyr in, dat uw boekje zal leven en door veel broertjes en zusjes gevolgd zal worden.

*Mevr. Isie K. Smuts (Mevr. J. C. Smuts)* zegt o.a.: . . . . en kan u zeggen dat ik de verhalen baie mooi vond, en dat ik zeker ben dat onze mensen daarvan zullen houden als zij maar eerst aan het lezen gaan. Ik hoop dat u ook nog meer zulke verhalen zal schrijven in hetzelfde mooi Afrikaans en dat uw boeken bij honderden en duizenden door ons land zullen verspreid worden, om meer leeslust onder ons volk te verwekken en die leeslust steeds meer te doen groeien . . . .

# „HET VOLKSBLAD”- DRUKKERIJ.

Bus 267, — BLOEMFONTEIN.



UITGEVERS VAN  
HOLL.-AFRIKAANSE BOEKEN.



## Tot heden zijn verschenen:

	postvrij
No. 1. <i>Eenvoudige Mense</i> , door J. Lub, gebonden in linnen band ... ..	3/3
In papieren omslag ... ..	2/3
No. 2. <i>Donker Johannesburg</i> , door J. Lub, geb. in linnen band ... ..	3/3
No. 3. <i>Oorlogs- en andere Gedichten</i> , door Oud-Pres. F. W. Reitz, geb. in linnen band ...	3/3
No. 4. <i>Unie Kantate</i> , door Jan F. E. Celliers, with translation by H. G. Rawson ...	1/2
No. 5. <i>Gesellige half Uurtjies</i> , door J. G. Engela, in linnen omslag ... ..	2/3

## Ter perse:

*Sewe Duwels en wat hulle gedoen het*, deur Ou Oom Jan,  
4e verbeterde en Geïllustreerde druk.

In voorbereiding zijn nieuwe uitgaven van prominente  
schrijvers.

*Verkrijgbaar bij uw Boekhandelaar of aan bovenstaand adres.*